# DIE BAKOLOBENG VAN ROOIJANTJESFONTEIN

deur

LODEWIKUS THEODORUS VAN ZYL

Voorgelê as gedeeltelike nakoming van
die vereistes vir die

graad

MAGISTER ARTIUM

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT
VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS.

Leier: Prof. J.H. Coetzee.

POTCHEFSTROOM.

JANUARIE 1969.

# INHOUDSOPGAWE


Bladsy

AFDELING A: INLEIDING

HOOFSTUK I — DIE DOEL VAN HIERDIE VERHANDELING — 1

(a) Algemeen — 1
(b) Motivering — 2
(c) Doelstelling — 5
(d) Metode en probleme — 6

HOOFSTUK II — DIE GEBIED EN DIE BEWONERS: 'N BEKNOPTE GESKIEDKUNDIGE OORSIG — 10

AFDELING B: DIE SOSIALE STRUKTUUR VAN DIE BAKOLOBENG

HOOFSTUK III — DIE STAMORGANISASIE

(i) Die kaptein: sy voorregte, funksie en verantwoordelikheid — 20
(ii) Stamrade — 29
(iii) Familiebetrekkinge en raadgewers — 34
(iv) Opvolger — 36
(v) Inhuldiging — 40
(vi) Huidige administratiewe beheer — 43
(vii) Sekondêre sosiale organisasies — 47

HOOFSTUK IV — GEBOORTE EN KINDERDAE

(i) Voorgeboortelike periode — 51
(ii) Vrugafdrywing en abnormale geboortes — 54
(iii) Bevalling — 56
(iv) Afsonderingsperiode — 60
(v) Suigelingsperiode — 64
(vi) Naamgewing van kinders — 67
(vii) Kinderlewe en ontspanning — 69

HOOFSTUK V OORGANG TOT VOLWASSENHEID

(i) Inlywing in die stamlewe 74

(ii) Puberteitstadium, inisiasie-seremonies en regimente 76

(iii) Huidige opvoeding en onderwys 82

HOOFSTUK VI HUWELIKSLUITING

(i) Vorme van die huwelik 92

(ii) Bevoegdheidsvereistes 93

(iii) Die keuse van 'n huweliksmaat 95

(iv) Verlowing en verbreking daarvan 99

(v) Huwelikseremonies 101

(vi) Huishouding na die huwelik 106

(vii) Seksuele verhoudings 110

(viii) Onvrugbaarheid 114

(ix) Pligte en verantwoordelikheid van die vader 116

(x) Pligte en verantwoordelikheid van die moeder 119

(xi) Pligte en verantwoordelikheid van kinders 122

(xii) Dood van man of vrou, begrafnis-seremonies en ritueel 124

(xiii) Hertrou 129

AFDELING C: DIE EKONOMIESE ORGANISASIE VAN DIE BAKOLOBENG

HOOFSTUK VII DIE EKONOMIESE ORGANISASIE

(i) Tydperk van selfvoorsiening 133

(ii) Tydperk van groeiende aanvraag na nuwe lewensmiddele 138

(iii) Hedendaagse voorsiening in moderne lewensbehoeftes 141

AFDELING D: GODSDIENS EN MAGIÉ ONDER DIE BAKOLOBENG

HOOFSTUK VIII GODSDIENS EN MAGIÉ

(i) Tradisionele verering 148

(ii) Magié en beoefenaars 155

(iii) Die Hermannsburgse Lutherse Sending 162

HOOFSTUK IX SAMEVATTENDE SLOTOPMERKINGS 170

BYLAES 174

FOTO'S 181

LITERATUURLYS 186

---------

# AFDELING A

# INLEIDING

## HOOFSTUK I

### DIE DOEL VAN HIERDIE VERHANDELING.

(a) Algemeen.
(b) Motivering.
(c) Doelstelling.
(d) Metode en probleme.

(a) Algemeen.

Die kultuurpatroon van 'n volk kan beskou word as die resultaat van die wyse waarop 'n mensegemeenskap by 'n bepaalde omgewing aanpas. Elke kultuur is onderhewig aan 'n proses van akkulturasie waarin sekere kultuurtrekke deur 'n betrokke oordraende groep afgedwing, toegelaat of verbied word en waaruit die oornemende groep in 'n proses van seleksie oorneem en aanvaar. In hierdie proses word sekere vreemde kultuurtrekke in die kulturele patroon van 'n oornemende groep geïntegreer en dan weer tot 'n funksionele patroon heraangepas.

Akkulturasie lei gevolglik tot 'n proses van aanvaarding waarin die oornemende groep sy eie kulturele erfgoed kan verloor en selfs nuwe innerlike waardes kan aanneem. Dit is dus duidelik dat in die proses van akkulturasie, 'n betrokke kultuur 'n wesenlike verandering kan ondergaan en uiteindelik selfs tot 'n proses van assimilasie gevoer kan word.

Wanneer nou in hierdie verhandeling 'n weergawe van 'n etnografiese verkenning van die baKolobeng van Rooijantjesfontein gegee word, blyk dit dat die huidige kultuurpatroon dui op gemelde proses van akkulturasie.

Die baKolobeng is dikwels deur omstandighede gedwing om van omgewing te verander, om as vlugtelinge onder vreemde mense verstrooi te wees, ongeorganiseerd en buite stamverband deur Blankes omring te wees en is sedert 1871 reeds deur Duitse sendelinge besoek en bearbei.

Uit die ondersoek sal dit blyk dat omgewingsfaktore, die invloed van Blanke kultuur, die invloed van die Kerk, die invloed van verskillende stamme, die invloed van die platteland en die invloed van die Blanke ekonomie, in 'n proses oor jare, 'n blywende stempel op die huidige kultuurpatroon van die baKolobeng afgedruk het.

Benewens bovermelde faktore was daar beslis ook faktore van binne werksaam en het nuwighede geleidelik 'n deel van hulle kultuurpatroon uitgemaak omdat dit deur die samelewing aanvaar is. Individue het mettertyd die vryheid geniet om te soek na beter en doeltreffender moontlikhede en so is algaande afgewyk van bestaande gedragspatrone.

(b) Motivering.

Die Batswana van wie die baKolobeng 'n splinterstam is, is soos ander Bantoestamme in Suid-Afrika op verskillende tye onderhewig gestel aan beïnvloeding deur verskillende belewenisvorme van die Westerse kultuur. Langs hierdie weg het die draers van inboorlingkulture in noue en langdurige aanraking gekom met die Westerse kultuur maar ook met ander inboorlingkulture, terwyl die betrokke stamlede weer in noue aanraking gekom het met mekaar.

Daar het dus 'n verskeidenheid akkulturatiewe situasies ontstaan, situasies wat elk 'n noue samehang toon met sy eie historiese agtergrond en verloop en met die aard van die komponente wat in elke geval betrokke was. Die kultuur wat in so 'n situasie betrokke is, is op sigself die resultaat

van historiese prosesse en van besondere geografiese omstandighede wat in die vorming daarvan 'n rol gespeel het.

By die bestudering van akkulturatiewe situasies is dit belangrik dat die betrokke volke en hulle kulture by aanraking, die wyse waarop die aanraking plaasgevind het en die verloop van sodanige prosesse in ag geneem word.

Langs hierdie weg kan daar tot 'n begrip gekom word van die aard van die probleme wat ontstaan omdat die historiese agtergrond en die aard van die komponente gewoonlik die uitslag bepaal. Omdat mense verskil, kulture verskil, die wyse van aanraking verskil en gebeurtenisse tydens die verloop van aanraking verskil, kan geen twee akkulturatiewe situasies identies wees en op dieselfde wyse beoordeel word nie.

Vervolgens dien daar vermeld te word dat in teenstelling met die bloot kulturele benadering van die Volkekunde in die verlede, dit vandag van belang geword het om op te merk dat in gemelde prosesse daar nie net sprake is van kulture nie, maar ook van mense wat die draers van kultuur is. Mense wat biologies deur 'n proses van ondertrouing en in 'n netwerk van gesinne met mekaar verbind is, lewe volgens 'n eenvormige kultuurpatroon en dit is juis die besit en nalewing van so 'n lewenspatroon wat mense tot 'n volk saamsnoer.

Waar so 'n volksorganisme nou in 'n snelle proses van aanraking met ander volksorganismes kom, tree gewoonlik 'n hele reeks van prosesse in. Gemelde prosesse lei tot verandering van opvattings wat weer 'n verandering van gedrag ten gevolg het; dit lei tot 'n oorname van vreemde lewensbeskouings wat die aanvaarding van nuwe lewensvorme ten gevolg het, terwyl die geykte en welbekende weë 'n verandering ondergaan. Individue wat eertyds nou met mekaar

verbind was begin mekaar nou „verloor" en begin om vreemd teenoor mekaar te staan.

Waar die proses van kultuuroorname onverskillig en snel plaasvind lei dit dikwels tot 'n toestand van disharmonie en tweestryd tussen lede van dieselfde gemeenskap. Dit kan selfs daartoe lei dat die oornemende gemeenskap en dié van die vreemde kultuur, of selfs albei, in 'n toestand van konflik, disorganisasie en onderlinge stryd verval. Dit kan ook verantwoordelik wees vir 'n proses van dekulturasie, 'n persoonlike en maatskaplike ineenstorting en selfs voer tot 'n stelselmatige barbarisering van individue.

Wanneer verwarring op geestelike en sosiale gebied vanweë reeds vermelde akkulturatiewe prosesse intree, is dit die taak van die hoër staande en kultuur sterkere groep om die kultureel laer staande groep te help, om te sorg vir orde, reëlmaat, en vooruitgang in 'n samelewing wat in 'n toenemende mate blootgestel word aan 'n proses van chaotisering.

In die lig van bovermelde kan die noodsaaklikheid van 'n wetenskaplike behoefte van die Volkekunde aan gegewens oor etniese eenhede wat in sulke situasies betrokke is, begryp word. Langs hierdie weg kan noodsaaklike kennis beskikbaar gestel word wat onontbeerlik is vir die hoër staande en sterkere kultuur, ten einde sy roeping te vervul ten opsigte van die laer staande groep.

Feite wat voortvloei uit hierdie etnografiese verkenning van die baKolobeng van Rooijantjesfontein, een van die kleinste en tot dusver onbekendste van die samestellende Tswanastamme, kan 'n bydrae lewer tot die ontplooiing van hierdie stam in die besonder, en die Batswana in die algemeen.

(c) Doelstelling.

Gedagtig aan Mühlmann se opmerking oor die omvang van die te ondersoeke probleem en die diepte van die navorsing, was die doelstelling om hierdie Tswanastam wat nog grootliks onbeskrewe is, klein in getal, en gevolglik metodologies uitstekend vir navorsing geskik is, etnografies te verken.

Deurgaans is daar getrag om die aandag toe te spits op enkele belangrike aspekte van die stamlewe van die baKolobeng. Alhoewel die tans geldende stamgebruike soms in oënskou geneem is teen die agtergrond van die moederstamgroep naamlik die Batswana, was die doelstelling meer bepaald om die huidige kultuurpatroon teen die agtergrond van die tradisionele te besien en te skets, ten einde die mate van kultuurverlies en kultuurverandering onder die vergrootglas te plaas.

Die studie wat uiteraard beperk van opset is, bring probleme aan die lig wat roep tot verdere omvattender en diepergaande navorsing. Sodanige probleme of aspekte vloei algaande voort uit gegewens wat onder die volgende hoofde gerangskik is:

(i) 'n Geskiedkundige oorsig.
(ii) Die sosiale struktuur.
(iii) Die ekonomiese organisasie.
(iv) Godsdiens en magié.

Onder die eerste opskrif word met die stam kennis gemaak waar dit as 'n klein Tswanastam onder leierskap van 'n eie kaptein moet voortvlug ter wille van selfbehoud en voortbestaan. Nadat so ver moontlik nagevors is ten opsigte van die herkoms, die vorige kapteins en trekroetes van die stam, word gegewens verstrek ten opsigte van die huidige stamplaas.

Die tweede afdeling bevat gegewens oor die stamorganisasie, die kaptein, sy taak en verantwoordelikheid,

die plek wat hy inneem onder familie en stamlede, asook die huidige administratiewe beheer en die onlangs aangekondigde Tswanagebiedsowerheid.

Aandag is ook gewy aan die verskillende lewensfases vanaf bevrugting tot en met die dood en die begrafnis wat daarop volg. Onder die subhoofde: geboorte en kinderdae; oorgang tot volwassenheid en huweliksluiting, is daar getrag om gedragsreëls, opvattings, taboebepalings en seremoniële ritusse wat binne die raamwerk van die stam se kultuurpatroon val, te skets teen die agtergrond van die tradisionele.

Onder die derde afdeling word aandag gewy aan die ekonomiese organisasie en word die hedendaagse voorsiening in lewensbehoeftes besien teen die agtergrond van die vroeë tydperk van selfvoorsiening en die groeiende aanvraag na nuwe lewensmiddele wat daarop gevolg het.

In die vierde afdeling wat handel oor godsdiens en magié, word gegewens verstrek ten opsigte van die tradisionele verering, die rol van magié, die subjekte en objekte daarvan en word gevolg deur 'n oorsig van die werk van die Hermannsburgse Lutherse Sending sedert 1871 tot vandag.

In die slothoofstuk word 'n beknopte en samevattende siening gegee van gegewens wat uit die ondersoek voortspruit.

(d) Metode en probleme.

Aangesien die baKolobeng een van die samestellende Tswanastamme is en daar geen gebrek aan literatuur bestaan oor die Batswana ten opsigte van die beoogde veld van ondersoek nie, was dit moontlik om eers deur middel van bronnestudie 'n basis vir hierdie etnografiese verkenning te vind.

Vanweë die feit dat daar benewens 'n beknopte beskrywing van agt bladsye deur P.L. Breutz en 'n enkele verwysing deur Chas E. Calwell na die baKolobeng, geen

gepubliseerde materiaal oor hierdie stam bestaan nie, kon hierdie ondersoek slegs plaasvind deur middel van persoonlike onderhoude en berus gegewens hoofsaaklik op die getuienis van 'n verskeidenheid informante.

Ten einde subjektiewe getuienis uit te skakel asook 'n vergelykingsnorm vir data te skep is van 'n groot verskeidenheid informante van verskillende ouderdomsgroepe en uit verskillende lae van die stam gebruik gemaak.

Onderhoude wat in die stamtaal gevoer is, is van tyd tot tyd gereël met individue sowel as met verteenwoordigende ouderdomsgroepe soos in die verhandeling vermeld word. Informante waarvan gebruik gemaak is, was die volgende:

(i) Die kaptein en vooraanstaande bloedverwante.
(ii) Raadslede van die kaptein.
(iii) Onderwysers en oud-onderwysers.
(iv) Ongeletterde Bantoeboere, huisvroue, en niewerkende bejaardes.
(v) Skoolgaande seuns en dogters.
(vi) Naskoolse jongmense.
(vii) Stamlede buite stamverband op Blanke boereplase.
(viii) Stamlede woonagtig aan die Witwatersrand.
(ix) 'n Indiërgesin wat vir die afgelope 25 jaar op die stamplaas woon.
(x) Die sendeling van die Hermannsburgse Lutherse sending en Bantoe-evangeliste.
(xi) Oudste Blanke inwoners op die aangrensende plase van Rooijantjesfontein.
(xii) Die Schulenburg-familie, nageslag van die eerste sendeling onder die baKolobeng.
(xiii) Die Bantoesakekommissaris en sy personeel.

Deur bemiddeling van 'n verskeidenheid informante uit bovermelde groepe was dit moontlik om genoegsame getuienis in te win ten opsigte van die veld van ondersoek.

In die ondersoek moes verskeie probleme waaronder die volgende die belangrikste is, die hoof gebied word:

(i) Min gepubliseerde materiaal.

Die enigste gepubliseerde materiaal ten opsigte van hierdie stam berus op die ondersoek van P.L. Breutz wat van die kaptein, sy raadslede en die Hermannsburgse sendeling as enigste informante gebruik gemaak het. Uit die staanspoor het die getuienis van informante verskil van gemelde gepubliseerde gegewens as gevolg waarvan die ondersoek verder hoofsaaklik op die getuienis van informante aangewese was.

(ii) Teensin van informante om oor sekere aspekte te getuig.

Terwyl informante spontaan en onderhoudend oor sekere aspekte gepraat het was daar 'n opmerklike teensin by ouer informante om oor magiese praktyke, die subjekte en objekte daarvan, getuienis te lewer. Ten opsigte van gegewens oor ekonomiese aangeleenthede was daar by sommige 'n wantroue in die navorser te bespeur uit vrees dat gegewens met een of ander doel aan die kaptein, sy raad of die regering deur middel van die Bantoesakekommissaris beskikbaar gestel mag word tot nadeel van die informant. Dit het ook duidelik geblyk dat lidmate van die kerk huiwerend getuienis lewer oor reste van tradisionele verering, bygeloof en opvattings wat nog onder die stam voortlewe, uit vrees dat die kerk teen hulle mag optree.

(iii) Feilbare menslike herinneringe en eensydige mededelinge.

Gedagtig aan die feilbaarheid van menslike herinneringe is daar nooit tot 'n gevolgtrekking geraak alvorens dergelike getuienis nie deur 'n verskeidenheid informante bevestig is nie. Eensydigheid in mededelinge vanweë 'n subjektiewe benadering is dikwels teengekom maar

bekamp deur verdere getuienis wat by herhaling en op verskillende tye deur 'n verskeidenheid informante verkry is.

(iv) Teenstrydige standpunte van verskillende generasies.

Dit blyk telkens uit die ondersoek dat standpunte van verskillende generasies ten opsigte van die tradisionele en die moderne, uiteenlopend is. Alhoewel dit die ondersoek aansienlik bemoeilik het, is oorgegaan tot 'n ouderdomsindeling ten einde gegewens te korreleer en langs hierdie weg tot 'n gevolgtrekking te kom.

Benewens reeds vermelde probleme moet vermeld word dat die navorser tydens afsprake en onderhoude met stamlede, aanvanklik met groot agterdog bejeën is. Eers na herhaalde besoeke waartydens gesprekke met informante oor die doel en die aard van die ondersoek gevoer is, was daar tekens van samewerking en spontaniteit te bespeur.

Sonder die simpatieke houding van kaptein Molete, die hulp wat hy verleen het ten opsigte van die verkryging van geskikte informante, sou hierdie ondersoek nie moontlik gewees het nie. Daar kan ook met waardering melding gemaak word van die wyse waarop informante hulleself beskikbaar gestel en selfs op lastige vrae gereageer het.

Te midde van bovermelde probleme was dit moontlik om sonder om die akkulturasieproses op die voet te volg, deur middel van gegewens wat langs hierdie weg verkry is 'n diakroniese studie te maak deur rekonstruksie van die vroeëre kultuur en die huidige lewenswyse.

# HOOFSTUK II

## DIE GEBIED EN DIE BEWONERS: 'N BEKNOPTE GESKIEDKUNDIGE OORSIG.

### (a) Die Gebied.

Rooijantjesfontein is 'n plaas van 10,260 morg, 133 vk. roede. Dit is geleë twintig myl suid van Lichtenburg op die teerpad na Ottosdal, is 4,800 vt. bo seespieël en is soos die res van hierdie gedeelte van Wes-Transvaal, 'n gelyk en uitgestrekte grasvlakte. Dit is geleë in die hart van die mieliewêreld en is omring van digbewoonde boereplase.

Die grootste persentasie Blankes in hierdie geweste verkeer verkeerdelik onder die indruk dat hierdie grond deur president Paul Kruger, as 'n guns, aan die baKolobeng-stam geskenk is, of dat die grond deur die Hermannsburgse Lutherse sendinggenootskap vir genoemde stam beskikbaar gestel is. Die waarheid is dat kaptein Ramadingwana 'n bedrag van R3000 namens die stam aan eerw. H.W. Schulenburg, eerste sendeling van die Hermannsburgse Lutherse Sendinggenootskap op Rooijantjesfontein, beskikbaar gestel het met die versoek om die kooptransaksie te behartig.[1)]

Die betrokke plaas is in 1871 teen bovermelde bedrag aangekoop van die eienaar, kommandant Piet Lemmer. Laasgenoemde wat elders gewoon het, het tot op hierdie stadium goedgunstiglik aan die stam toestemming verleen om op hierdie plaas te vertoef en sodoende te verseker dat daar vir hom geen tekort aan arbeiders sou wees nie. Die oppervlakte van hierdie eerste plaas wat deur die stam aangekoop is was 5,164 morg, 345 vk. roede. Eerw. Schulenburg het die res van sy

---

1) Wictert, Winfried: Und die Vogel des Himmels wohnen unter Seinen Zweigen, Missionsbandlung, Hermannsburg, 1949, p. 264-315.
Vergelyk ook Sendingnuusblad: Hermannsburger Missionsblatt Nr. 7, Juli 1931, 78 Jahrg.

lewe saam met die stam op hierdie plaas gewoon. Sy nageslag wat nog in hierdie omgewing woonagtig is, kon getuienis lewer dat bovermelde gegewens juis en korrek is.

Sommige Blanke informante beweer dat die plaas aanvanklik Rooirandjiesfontein geheet het, so genoem vanweë 'n rooiagtige klipformasie teen die walle aan weerskante van Ramadiane of Ramadingwana (Tweelingspruit), waarvan twee lope oor die plaas vloei en uiteindelik in één saamvloei. Bantoe-informante verskil egter ten opsigte hiervan en verklaar dat 'n klompie Korana-Hottentotte hier deur die stam aangetref is, onder wie 'n alombekende persoon met die naam van Rooijan was, so genoem deur die Blankes in hierdie omgewing en vandaar die naam Rooijantjesfontein.

Op 'n later stadium is daar nog 'n stuk grond aangekoop deur Kaptein David Kgosi Molete. Hierdie grond was 3,176 morg, 316 vk. roede groot en is omskryf as Renosterdoorns 67 - westelike helfte. Informante stem saam dat mnr. H.J. Fourie 'n wa en een span osse van die kaptein in ruil vir hierdie plaas ontvang het.

Onder die kapteinskap van Tshii Frantz is 'n volgende en laaste gedeelte aangekoop, omskryf as Koppiesfontein 98 - resterende helfte, groot 1920 morg, 72 vk. roede. Meer besonderhede in verband met hierdie transaksie kon nie bekom word nie behalwe getuienis dat hierdie plaas van 'n sekere mnr. Swart gekoop is.

Langs hierdie weg het die huidige Rooijantjesfontein die wettige eiendom van die baKolobeng geword en vorm dit as plaas, 'n groot eenheid.

Bovermelde ingelyste gebied is deur wet nommer 27 van 1913 bepaal en is deur die Trust- en grondwet nommer 18 van 1936, deel 3, Transvaal, soos volg omskryf: „Gebied nommer 3,

die gedeelte van die plase Rooijantjesfontein 71, wat nie in die bylae tot wet nommer 27 van 1913 opgeneem is nie.[1)]

Vir plekname in die omgewing gebruik hierdie stam die volgende name in hulle eie taal: Maloka, vir die stat en grond van Renosterdoorns 67, ook genoem Jaapstad. Kolong is die naam vir Biesiesvlei, Letsoku vir Gerdau, Matlape vir Coligny, Tswaing vir Delareyville en Letsôpa vir Ottosdal.[2)]

(b) Die Stam.

Die naam van hierdie stam is „baKolobeng ba ga Maloka". Die totem is „kolobe" wat in Afrikaans „vark" beteken. Informante is dit egter eens dat hierdie betrokke gebruik van kolobe, op die vlakvark dui. Hierdie bewering word gestaaf deur 'n verskeidenheid van dokumente en briefhoofde wat daarop dui dat die totemdier van hierdie stam wel die vlakvark is, alhoewel kolobe seker nie die korrekte vertaling daarvoor is nie.

Die baKolobeng is 'n Tswanasprekende stam en alhoewel daar groot verskille tussen hierdie stam en ander Tswanastamme bestaan, dui alle gegewens daarop dat hulle 'n volwaardige deel van die Batswanavolk is.

Om reg te laat geskied aan die herkoms en voorgeskiedenis van hierdie stam, is dit nodig om aandag te gee aan die oorsprong van die Batswana as sodanig.

Die oorsprong van die Sothostamme tot wie die Tswana behoort, is vaag en selfs in 'n groot mate onbekend.[3)] Dit

---

1) Breutz, P.L.: op. cit., p.6.
2) Ibid., p.101.
3) Seligman, C.G.: Races of Africa, Oxford University Press, London, 1961, p.162-209.
Ashton, Hugh: The Basuto, Oxford University Press, London, 1955, p.1-9.
Schapera, I.: The Bantu Speaking Tribes of South Africa, Maskew Miller, Cape Town, 1959, p.60,61.

word egter aanvaar dat dit sy oorsprong het in 'n afsplintering van 'n Bantoesprekende hoofgroep, woonagtig in die omgewing van die Groot Mere in Oos-Afrika. Blykbaar is Suid-Afrika binnegekom langs 'n weg wat deur die westelike gedeeltes van Suid-Rhodesië gelei het.

Daar word aanvaar dat daar drie reekse volkstrekke was. Die eerste word verteenwoordig deur die Kgalagadi wat in die oostelike dele van Betsjoeanaland (Botswana) aangetref word en waar 'n grootskaalse vermenging met die Sarwa (Boesmans) plaasgevind het. Hierop het die trek van die voorgeslagte van die huidige Rolong en Tlhaping gevolg. Laasgenoemde het hulle langs die bolope van die Moloporivier kom vestig, waarvandaan hulle in 'n suidelike en westelike rigting versprei het.

Die derde en grootste trek het die voorgeslagte van die res van al die ander bekende Sothostamme verteenwoordig. Laasgenoemde het hulle kom vestig in die suidwestelike dele van Transvaal, waarna hulle verdeel het in 'n verskeidenheid van stamme waarvan die Hurutshe, Kwena en Kgatla, die belangrikste was.

Dit is onmoontlik om 'n aanduiding te gee van die datums van hierdie migrasies. Dit kan egter met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar word dat die Tswana alreeds sedert 1600 n.C. in die oostelike streke van die huidige gebied gewoon het. In die loop van die daaropvolgende eeue het die bestaande groepe voortdurend 'n proses van onderverdeling en opsplitsing ondergaan. In die Tswanageskiedenis het die verskynsel van verdeling en afsplintering homself dikwels herhaal. 'n Groep het hulle dikwels gaan skaar onder die vleuels van 'n ontevrede, gegriefde en opstandige lid uit die regerende gesin en dan elders na 'n woonplek gesoek. Daar het hulle dan mettertyd ontwikkel tot 'n selfstandige, onafhanklike

groep of stam, onder leierskap van die ontevredene, wie se naam soms die naam van die nuwe stam geword het.

Op bovermelde wyse het die Rolong byvoorbeeld verdeel in die Tlhaping, Maidi, Kaa en ander stamme wat nog as Rolong geïdentifiseer word, maar die name van die stigters dra soos Rratlou, Tshidi, Seleka, Rrapulana, Modibowa en Mosadi. Die Hurutshe het weer verdeel in die moderne Hurutshestamme soos die Manyana, Mokhubidi, Moilwa en Gopane terwyl 'n soortgelyke proses weer plaasgevind het by die Kgatla wat weer 'n splinter is van die Hurutshe, asook by die Tlokwa, die Pedi of Sentraal-Sotho en by die Kwena.[1)]

Op grond van die ooreenstemmende getuienis van alle informante kan aanvaar word dat die baKolobeng aan die baKwena verwant is en dat hierdie stam sy ontstaan aan die reeds vermelde proses van afsplintering te danke het.[2)]

In die lig van bovermelde is dit duidelik dat hierdie proses van vermenigvuldiging van Tswanastamme toegeskryf moet word aan die reeds vermelde opsplitsing- en afsplinterings-

---

1) Informante is dit eens dat die baKolobeng aan die baKwena verwant is soos Chas E. Calwell vermeld en ontken heftig dat daar ooit by hulle twyfel ten opsigte van hulle afkoms bestaan het en dat hulle aan die baLobedu verwant is soos P.L. Breutz beweer.
Vergelyk: Calwell, Chas E.: op. cit., p.27; Breutz, P.L.: op. cit., p.103.

2) Vir afsplinteringsproses by Tswanastamme vergelyk:
Schapera, I.: Ethnographic Survey of Africa, The Tswana, Part III, London International African Institute, 1962, p.14.
Id.: A Handbook of Tswana Law and Custom, Oxford University Press, 1938, p.2-12.
Sillery, A.: The Bechuanaland Protectorate, Oxford University Press, 1952, p.104.
Radcliffe-Brown, A.R. and Forde, Daryll: African Systems of Kinship and Marriage, Oxford University Press, 1965, p.140.
Pauw, B.A.: Religion in a Tswana Chiefdom, Oxford University Press, 1965, p.1,2.
Theal, G. M'call: The Story of the Nations ... South Africa, T. Fisher Unwin, London, 1894, p.6-7.
Albertyn, C.F.: Afrikaanse Kinderensiklopedie, Deel I, Nasionale Boekhandel Bpk., p.269.

proses wat alreeds voor die agtiende eeu die een na die ander Tswanastam gebaar het.

Gedurende die jare 1810 tot 1840 het die Tswanavolk 'n tydperk van chaos belewe vanweë menigvuldige oorloë, maar veral vanweë invalle uit die ooste deur die MmaNtatisi (1822-1823), Sebetwane se Kololo (1823-1828) en Mzilikazi se Tebele (1825-1837). Op hierdie wyse is baie stamme van hulle tuiste beroof en verdryf, moes hulle elders 'n heenkome vind en selfs by vreemde stamme om 'n tuiste aanklop.

In die lig van bovermelde openbaar hierdie minderbekende, Tswanasprekende baKolobeng, sigself ook as 'n groep wat van 'n groter groep afgesplinter het en hulleself onder die leierskap van 'n leier-indiwidu, geskaar het. Behalwe die ondersoek van P.L. Breutz ten opsigte van die stamme van die distrikte Lichtenburg en Delareyville, bestaan daar geen bron waaruit die herkoms van hierdie stam bepaal kan word nie. Gedurende 1905 word daar in 'n verslag wat opgestel is vir „The General Staff, War Office", na hierdie stam verwys as die Bakulubeng en verklaar dat daar geen skriftelike gegewens ten opsigte van hulle, wat 'n totale bevolking van 1000 siele het, bestaan nie. Daar word verder slegs vermeld dat die stam in die Maricodistrik gevestig is onder kaptein David Molete en dat hulle waarskynlik verwant is aan 'n tak van die Bakwena.[1] Bovermelde verwysing is dus die enigste bevestiging vir die huidige getuienis en aanspraak naamlik, dat die baKolobeng aan die Bakwena verwant is.

Die oudste woonplek wat die baKolobeng onthou, is Tsaong wat in die huidige distrik van Rustenburg, tussen Pella en Silwerkrans geleë was. In die nabyheid was daar 'n berg met die naam van Tlholeng en 'n plek wat deur hulle

---

1) Calwell, Chas E.: op. cit., p.27.

Tsaowane genoem is. Op pad na genoemde bestemming het hulle deur die huidige Kwena-reserwe getrek onder aanvoering van VII Modikwagae.[1)] Hiervandaan het hulle op die vlug gegaan vanweë die aanvalle van die Matebele van Mzilikazi wat in 1830 die westelike deel van die distrik van Rustenburg, aangeval en beset het.

Volgens Breutz het hierdie stam hulle nou op Tsêlêmê (Kafferskraal 36, Klerksdorpse distrik) gevestig terwyl 'n groot persentasie na Thaba Nchu gevlug het, kort daarna het hulle na Bodumatau (Doornhoek 39, Lichtenburgdistrik) gegaan, waar hulle op plase in die omgewing gewoon en gewerk het, waar kaptein Ramadingwana met die eerste sendeling van die Hermannsburgse Lutherse Sending in hierdie geweste in aanraking gekom het en deur wie se bemiddeling die plaas Rooijantjesfontein van die eienaar Piet Lennert, vir die stam aangekoop is.[2)]

Uit die ondersoek het dit egter duidelik geword dat die voortvlugtende stam hulle eers op Bodumatau (Doornhoek) gevestig het, daarna na Tsêlêmê (Kafferskraal) verhuis het, waarvandaan hulle uiteindelik na die huidige Rooijantjesfontein getrek het. Kaptein Molete wat volgens Breutz in die Matabeleaanval in Rustenburgse distrik gedood is, is egter volgens getuienis van informante tot op Doornhoek deur Mzilikazi persoonlik agtervolg. Na 'n tweegeveg van etlike ure het Molete in 'n uitgeputte toestand op 'n miershoop neergesak om deur die assegaai van Mzilikazi deurboor te word.

---

1) In navolging van Breutz word die Romeinse syfer gebruik ter aanduiding van die kronologiese orde in verband met die kapteinsopvolging by die baKolobeng.

2) Breutz, P.L.: op. cit., p.104.
Opmerking: Uit die ondersoek het dit geblyk dat die plaas nie van Piet Lennert nie maar wel van Piet Lemmer aangekoop is.

Die mans wat op 'n jagtog uit was het hom by hulle terugkoms dood aangetref en hom daar begrawe. IX Ramadingwana het sy vader opgevolg, sy stam na Kafferskraal (Tsêlêmê) gelei, waar hy te sterwe gekom het en begrawe is.[1] X David Kgosi Molete het sy vader opgevolg en saam met die stam na Rooijantjesfontein getrek. Na 'n verblyf van etlike jare is die stam deur eerw. H.W. Schulenburg, die eerste sendeling van die Hermannsburgse Lutherse Sending in Wes-Transvaal, besoek. Op versoek van die kaptein het hierdie sendeling genoemde plaas van die eienaar kommandant Piet Lemmer aangekoop met geld wat deur die stam beskikbaar gestel is.

(c) Stamhoofde.

Vervolgens word 'n beknopte geslagslys van stamkapteins, met datums sover moontlik, asook die belangrikste gebeurtenisse in die bestaan van hierdie stam, verstrek.

Die eerste kaptein was I Maloka, opgevolg deur II Mmusi (gebore tussen 1565 en 1640), III Seatolole (1600-1650), IV Maelamo (1635-1675), V. Tshidi (1670-1700), VI Ramolekwane (1700-1725), VII Molete-wa-Modikwagae (1730-1750), VIII Molete (1760-1775). Hy trek saam met die stam na Doornhoek waar hy deur Mzilikazi gedood word. Sy oudste seun IX Ramadingwana (1790-1800) volg hom op en trek saam met die stam na Kafferskraal.[2] Laasgenoemde word deur X David Kgosi Molete (1820-1825) opgevolg, wat later sy stam na Rooijantjesfontein lei.

---

1) Student het 'n besoek aan Doornhoek en Kafferskraal gebring. Tussen die doringbome op die heuwelagtige plaas van mnr. C.J. Kirstein te Kafferskraal het ou murasies van eertydse hutte en krale, gebruiksvoorwerpe wat eie is aan hierdie stam, die mondelinge getuienis van informante bevestig, dat dit Tsêlêmê, die stam se vorige woonplek was. Te Doornhoek is alle spore reeds uitgewis en dra selfs die oudste inwoners geen kennis van hierdie stam se vroeëre verblyf aldaar nie.

2) Informante verklaar dat eers na aanraking met die eerste Blankes dit gebruiklik geword het om 'n naam en van te dra.

Sy seun Mmutlane (1852) was nog te jonk toe sy vader te sterwe kom en gevolglik word sy vader se jonger broer, XI Tshii Frantz Molete, agerende kaptein. XII Mmutlane Molete volg sy oom op maar kom op 14 Augustus 1918 te sterwe. Aangesien sy seun op hierdie stadium ook te jonk was om sy vader op te volg,[1)] word XIII Pontius Moilwe Molete, oudste seun van Tshii Frantz Molete, agerende kaptein. Op 5 Augustus word laasgenoemde opgevolg deur XIV Boas Rramosidi Molete wat op 4 November 1896 gebore is en op 16 Desember 1958 te sterwe kom. Laasgenoemde was alreeds 'n lidmaat van die Hermannsburgse Lutherse Kerk.[2)] XV Modikwagae Logaga Kelly Molete (29 Oktober 1924), die huidige kaptein, het op 5 Maart 1960 as kaptein diens aanvaar. Laasgenoemde is ook 'n lidmaat van die Hermannsburgse Lutherse Kerk en het sy skoolopleiding aan die Kilnerton Training College en aan die Lovedale Institute, geniet. Na die matrikulasie-eksamen het hy in die regte studeer totdat sy stam sy dienste verlang het.

Volgens die sensus van 1946 het die baKolobeng van Rooijantjesfontein slegs 1551 siele getel. Die sensus van 1951 word egter as onbetroubaar beskou omdat die tel-area van Rooijantjesfontein 'n aantal plase insluit wat aan Blankes behoort. Gedurende 1957 is die stam egter geskat op 'n sieletal van 2,300 tot 2,500, dit wil sê, werkers wat tydelik van die stamgebied af weg is, ingesluit.

---

1) Die kapteinsopvolging by die baKolobeng is in ooreenstemming met die res van die Batswana. Vergelyk:
Schapera, I.: Ethnographic Survey of Africa, The Tswana, p.51.
Id.: A Handbook of Tswana Law and Custom, p.54.
Whitfield, G.M.B.: South African Native Law, Juta and Co. Ltd., Cape Town and Johannesburg, 1948, p.314-393.
Sillery, A.: op. cit., p.144-148.
Breutz, P.L.: op. cit., p.104-106.

2) Ibid., p.101.

Op hierdie stadium word die stam deur die kaptein en sy raadsmanne geskat op tussen 4000 en 5000 siele, dit wil sê persone wat tydelik die stamgebied verlaat het, ingesluit. Hierdie skatting word deur die plaaslike Bantoesakekommissaris en sy personeel as redelik betroubaar bestempel.[1)]

---

1) Dit is bykans onmoontlik om deur middel van statistieke die grootte van hierdie stam te bepaal. 'n Baie groot persentasie uit hierdie stam is reeds vanweë beperkte vooruitsigte vir 'n lewensbestaan, gedwing om die stamplaas te verlaat en elders 'n heenkome te vind. Die eiendomsreg wat hulle agtergeblewe verwante egter op hierdie plaas het, sal altyd 'n bindende faktor in belang van stameenheid bly, terwyl dit ook 'n stimulerende faktor in belang van voortdurende, toekomstige kontak sal bly.

## AFDELING B

## DIE SOSIALE STRUKTUUR VAN DIE BAKOLOBENG.

## HOOFSTUK III

### DIE STAMORGANISASIE.

(i) Die kaptein: sy voorregte, funksie en verantwoordelikheid.

Soos reeds aangetoon is die Batswana verdeel in baie stamme. Elke stam is polities onafhanklik en behartig sy eie sake onder die leierskap en gesag van 'n kaptein. Elke stam se naam is gewoonlik afgelei van die naam van 'n vorige kaptein, een of ander tradisionele stigter, 'n plek of stad, 'n historiese insident - en somtyds die naam van die totem van die koninklike familie.

Onder die baKolobeng is 'n kaptein nog altyd gerespekteer as 'n man van integriteit, 'n man van gesag en beklee met outoriteit. Aangesien die kaptein vir elkeen die simbool van stameenheid was, die verpersoonliking van die behoud en voortbestaan van die stam, het hy steeds die sentrale figuur gebly waarom die hele stamlewe gewentel het.[1)]

Om gelyktydig regeerder, regter, wetgewende persoonlikheid, welsynswerker, oorlogsaanvoerder, priester, magieër en uitdeler van geskenke te wees, was nie slegs 'n voorreg nie maar ook 'n dure verantwoordelikheid. Om laasgenoemde redes het die kaptein daarop aanspraak gemaak om met eerbied en respek behandel te word en het hy ook op die lojaliteit

---

1) Vir kapteinskap onder die Tswana in die algemeen, vergelyk.
Schapera, I.: Ethnographic Survey of Africa, The Tswana, p.51-57.
Id.: A Handbook of Tswana Law and Custom, p.53-88.
Id.: The Bantu Speaking Tribes of South Africa, p.173-191.

van sy onderdane vertrou alhoewel hy dikwels in hierdie opsig teleurgestel is.

Terwyl daar een middag op die stoep van die huidige kaptein se huis met 'n informant, 'n vrou van oor die honderd jaar, gesels is, het die jong kaptein meteens sy verskyning gemaak. Die ou vrou het onmiddellik orent gekom terwyl sy die volgende woorde prewel: „Mokobekobe wa ga Ramolekwane nna hatse o itlhomolle mokobe o go itsa go tsamaea"[1]. Dit was duidelik dat sy met hierdie woorde haar kaptein erken, gehuldig en vereer het.

Die kaptein is op 'n besondere wyse deur die onderdane aangespreek. Vandag is dit gebruiklik dat die kaptein van hierdie stam soos volg gegroet sal word: „Dumela Kolobe". Iemand sal ook sê: „Ke ne ke na le Kolobe" (Ek was by die vark) wat daarop sou dui dat hy 'n besoek aan die kaptein gebring het. Om op die totemnaam van die stam aangespreek te word, dien inderdaad vir hom as bewys dat sy stam hom steeds eer en aanvaar as die enigste hoof en leier.

Benewens die voorreg om respek en agting van die stamlede te geniet het die kaptein in die verre verlede die eer gehad om ook op materiële gebied, ver bo die res van die stamlede uit te styg. Alle onderdane, sowel as sekere van

---

1) Die woorde beteken - „Die groottoon-nael van Ramolekwane, sit plat en trek dit uit, dit hinder jou om te loop." VI Ramolekwane is tussen die jare 1600-1650 gebore. Volgens oorlewering het hierdie kaptein 'n lang toonnael gehad wat gedurig sy ander voet gekrap het wanneer hy loop. Hy het die gewoonte gehad om telkens plat op die grond te gaan sit om die lastige toonnael korter te sny. Met hierdie woorde uit die mond van onderdane is alle kapteins ná hom verseker dat hulle aanvaar en vereer word as persone wat uit die suiwer kapteinslyn afstam en nie goedgunstiglik tot die status van kaptein bevorder is nie. Die huidige kaptein het egter verklaar dat hy dit nog nooit uit die mond van een van sy onderdane gehoor het nie. Dit is duidelik dat hierdie mooi gebruik vir die huidige geslag verlore gegaan het en dat slegs die heel oudstes nog hiervan kennis dra.

hulle besittings soos gereedskap, waens en osse, was tot beskikking van die kaptein om in sy eie of stambelange aangewend te word. Voorts het hy die eerste keuse gehad ten opsigte van 'n perseel vir sy woonhuis, selfs lande en weiding sou nie aan stamlede toegesê word alvorens die kaptein sy keuse gemaak het nie. Behalwe genoemde saailand is daar ook 'n spesiale land vir hom afgesonder waarvoor hy slegs die saad voorsien het en dan deur die verskillende groepe uit die stam gesamentlik bewerk is. Die opbrengs van hierdie land is beskou as 'n ekstra inkomste vir die kaptein terwyl die bewerking van die land deur die stam, 'n bewys was van die stam se welwillendheid jeens hulle leier.

Alhoewel die kaptein gewoonlik meer besit het as enigiemand anders uit die stam, is sy besittings steeds aangevul deur 'n gedeelte van alles wat tydens die periodieke jagtogte gebuit is.[1)] Indien stamlede buite die stamgrense geld verdien het, moes ook 'n gedeelte hiervan aan die kaptein afgestaan word.

Gedurende oestyd was elke vrou verantwoordelik om een mandjie koring, deur hulle „dikgafela" genoem, na die kapteinshuis te bring.

Die grootste trop vee het aan die kaptein behoort en is gedurig aangevul deur die invordering van boetes wat hoofsaaklik in die vorm van beeste betaal moes word. Hy het ook 'n bees ontvang vir elke persoon wat deur die bogwêra gegaan het en by 'n regiment ingeskakel is. Persone wat baie graag

---

1) Opmerking: Die kapteinsvoorregte is in ooreenstemming met die Batswana in die algemeen. Uit die ondersoek blyk dit egter duidelik dat in teenstelling met ander Tswanastamme wat dikwels hulle besittings deur oorlogsbuit aangevul het, hierdie stam dikwels die prooi was maar nooit ander stamme aangeval en beroof het nie.

in die kaptein se guns wou kom het dikwels geskenke, in die vorm van beeste aan hom gestuur.

Dit sal later duidelik blyk dat hierdie voorregte van die kaptein egter ook ontelbare verantwoordelikhede meegebring het en dat die grootste deel van sy besittings eintlik in trust vir die stam gehou is vir dae van droogte en hongersnood. Soos 'n vader moes hy steeds waak dat daar genoegsame voorsiening in die stamhuis was.

Benewens die voorregte van die kaptein om onder sekere omstandighede aanspraak te kon maak op die dienste van alle stamlede, was daar egter ook mense wat direk aan sy huishouding as bediendes verbonde was. Hierdie bediendes was gewoonlik mense uit sekere agterlike stamme wat toegelaat is om onder die stam te vertoef solank as wat hulle in diens van die kaptein gestaan het. Hulle was verantwoordelik om vir die kaptein te jag, sy lande te bewerk, sy vee by die veepos te versorg, sy geboue te herstel en in stand te hou, alles op die werf te versorg asook sekere verpligtinge binne die huis na te kom.

As kompensasie vir hulle dienste is hulle weer deur die kaptein begunstig. Hulle kon sy waens, ploeë en osse en van die melk van die koeie wat deur hulle opgepas word gebruik, af en toe het hulle 'n geskenk ontvang uit die vee; daar is vir hulle voorsien ten opsigte van klere en komberse en hulle is ook ondersteun in die lewering van bogadi.

Reeds vermelde materiële voorregte van die eertydse stamkapteins van die baKolobeng, skyn tans iets van die verlede te wees. Sedert aanraking met die Blankes en vanweë latere wetgewing en beleid rakende stamkapteins, getuig die huidige kaptein sowel as alle ander informante van 'n radikale verandering ten opsigte van die kaptein se voorregte.

Dit is vandag nie meer vanselfsprekend dat die kaptein, soos in die verlede, meer sal besit as 'n ander lid van die stam nie.

Terwyl die stam nog soos in die verlede na hom opsien as leier, vader en voog, beskik hy onder die huidige omstandighede nie oor genoegsaam materiële middele om, soos sy voorgangers van ouds, aan die eise en verwagtinge van stamlede te voldoen nie. Benewens 'n afgebakende ploegland van 200 morge wat deur die kaptein self bewerk moet word, ontvang hy slegs 'n maandelikse salaris uit die stamtrustfonds wat deur die Bantoesakekommissaris geadministreer word.

Die spesiale saailand wat vroeër deur stamlede in belang van die kaptein bewerk is, se opbrengs word onder die huidige omstandighede in belang van die stam in genoemde trustfonds gestort, waaruit alle uitgawes in verband met openbare dienste gedelg moet word.[1)]

Hedendaagse boetes wat opgelê word, word nie meer soos in die verlede in die kaptein se beurs gestort nie maar wel in die stamtrustfonds. Stamlede wat buite die stamgrense werk, oorhandig wel nog 'n bedrag van 50 sent aan die kaptein met elke besoek aan die stam. Op hierdie geld het die kaptein geen aanspraak nie aangesien dit ook ter stywing van die stamfonds aangewend word.

Die gebruik van vroue om elkeen een mandjie koring tydens die oes aan die kaptein te skenk, is ook iets van die verlede terwyl die gebruiklike geskenk van 'n bees vir elkeen

---

1) In opdrag van die huidige kaptein is die gesamentlike bewerking van genoemde ploegland gestaak.
Met die hedendaagse gebruik van moderne implemente het 'n eweredige werkverdeling onder stamlede onprakties geword. Hierdie land word tans deur een persoon bewerk en wel in ooreenstemming met die voorwaardes wat deur die kaptein en sy raad voorgeskryf is.

wat die bogwêra bywoon en by 'n regiment ingeskakel word, ook nie meer in gebruik is nie.

Die vroeëre geskenk in die vorm van 'n bees om in die kaptein se guns te bly is vir baie jare alreeds nie meer gebruiklik nie. Van bediendes wat deur die stam aan hom beskikbaar gestel word, is daar tans nie meer sprake nie. Behalwe een motorbestuurder om die stammotor in belang van stamaangeleenthede te bestuur, moet die kaptein alle ander bediendes wat in sy belang werk self besoldig.

In die lig van hierdie ondersoek het dit geblyk dat die kaptein van ouds, vanweë sy groter inkomste en rykdom, sy status, gesag en prestige, makliker kon handhaaf.

Deur gunste en gawes uit die oorvloed van sy skathuis is die guns van sy onderdane gewen en behou. Daarenteen moet die huidige kaptein met 'n baie kleiner inkomste nog alle pogings aanwend om te voldoen aan die onveranderde eise en verwagtinge van sy onderdane. Omdat hy dikwels vanweë gebrek aan die nodige middele nie aan dergelike vereistes kan voldoen nie, moet sy prestige noodwendig daaronder ly.[1)]

Die verpligtinge en verantwoordelikhede van die kaptein ten opsigte van sy stam was menigvuldig. Met 'n wakende oog moes hy steeds na die belange van sy onderdane omsien ten

---

1) Nieteenstaande die verminderde inkomste van die kaptein was kaptein Modikwagae Logaga Kelly Molete, die eerste persoon om vir hom met sy eie geld 'n moderne Europese huis te bou teen 'n koste van R7000. Hierdie huis bestaan uit drie slaapkamers, een badkamer, 'n kombuis en eetkamer, 'n spens, 'n studeerkamer en sitkamer. Die hele huis is duur gemeubileer met moderne Europese meubels. Sedert hierdie huis opgerig is, het 'n paar stamlede sy voorbeeld gevolg. Benewens dit, besit hy ook twee trekkers, 'n sleepwa en al die nodige plaasgereedskap. Alles dui daarop dat hý met sy kennis, ondernemingsgees en ywer, veel bygedra het tot 'n intensiewer, wetenskapliker bewerking van grond. Die feit dat hy die eerste persoon was wat 1000 sakke mielies vir homself tydens 'n oes ingesamel het, het ook sy onderdane tot groter dinge geïnspireer.
In teenstelling met die verlede is die stat vandag skoon, netjies en georganiseerd.

einde homself op die hoogte te hou ten opsigte van alle stam-aangeleenthede. Daar het 'n ou spreekwoord bestaan: „Kgosi ke modisa wa morafi" (Die kaptein is die herder van die stam). Dieselfde standpunt word vandag nog deur die stam gehuldig. Van vroeg tot laat word die kaptein geraadpleeg deur stamlede en moet hy hulle deur raad en daad, selfs ten opsigte van die onbenulligste probleme, bystaan en bedien.

Daar word voorts van hom verwag dat sy rykdom nie net in eie belang aangewend sal word nie maar ook vir die stam as geheel. Vroeër was dit selfs gebruiklik om van tyd tot tyd vleis en bier vir sy mense beskikbaar te stel, om dié wat honger is uit sy graanskure te voed, om in tye van droogte en depressie die hulpbehoewendes van materiële ondergang te red. Soos vroeër reeds aangetoon, is dit tans vanweë sy verminderde inkomste egter onmoontlik om aan al hierdie eise te voldoen en moes die onderdane noodwendig van bovermelde eise en verwagtinge afsien.

Vroeër was die kaptein ook hoofmagieër van die stam en het alle magiese verrigtinge en seremonies onder sy leiding plaasgevind. By elke geval van doktering, hetsy van die leër, die stamgrense, die lande en graan of inisiasie-seremonie en instelling van regimente of by enige ander seremoniële of rituele verrigtinge in belang van die stam, moes die leidende aandeel deur hom geneem word.

Onder die huidige omstandighede is hy egter onthef van bovermelde verantwoordelikhede aangesien al hierdie tradisionele gebruike en seremonies iets van die verlede geword het.[1)]

---

1) Die kaptein getuig dat alhoewel dit nie die Kerk se goedkeuring wegdra nie, daar tans nog 'n moderne reënseremonie bestaan. In die spruit is daar 'n fontein wat bekend staan as „Motswedi wa ga Makgosi". Wanneer droogte dreig, kom die mans na hom met die versoek om hulle te vergesel ten einde die fontein weer oop te maak. Hy getuig voorts dat dit verlede jaar tydens die droogte weer gedoen is en dat die reën 'n dag of twee daarna geval het.

Vervolgens is dit vandag, soos in die verlede, steeds sy verantwoordelikheid om toe te sien dat reg, geregtigheid, wet en orde onder sy mense gehandhaaf sal word. Hy is regter van die stam en moet bereid wees om alle sake te verhoor en uitsprake te lewer, in ooreenstemming met die magtiging aan hom verleen deur die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling.[1)]

Uit genoemde magtigingsbrief blyk dit duidelik dat die teenswoordige kaptein, in teenstelling met sy voorgangers van ouds, onder die huidige omstandighede slegs oor beperkte juridiese mag beskik en vanweë daarvan vanselfsprekend nie meer die kapteinsgesag van ouds onder sy stamlede kan geniet nie.

Onderdane dra baie deeglik kennis daarvan dat enige veroordeelde, indien ontevrede met die uitspraak van die kaptein, die reg het om te appelleer na die Bantoesakekommissarishof en daarvandaan selfs na die Naturelle-appèlhof in Johannesburg. In die ou dae was die uitspraak van die kaptein egter finaal as gevolg waarvan hy as regter van die stam meer gesag by sy onderdane kon inboesem.

Alle reëls in verband met die prosedure van siviele howe van kapteins en hoofmanne is duidelik vervat in 'n

---

1) Magtigingsbrief van die Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, gerig aan kaptein Logaga Kelly Molete gedateer 11 Augustus 1959. Vergelyk bylae 1.

Goewermentskennisgewing van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling.[1)]

Uit wat reeds vermeld is, kan die gevolgtrekking gemaak word dat daar aan die huidige kaptein vandag nog 'n aansienlike mate van siviele juridiese gesag toegeken word maar dat sy kriminele jurisdiksie heeltemal gekortwiek is.

Voorts dien daar op gelet te word dat ten spyte van al die radikale veranderinge ten opsigte van die verantwoordelikhede en magte van die hedendaagse kaptein, hy egter steeds die sentrale figuur gebly het waarom die moderne stamlewe wentel. Die onbenullige huislike geskilletjie, sowel as die ernstigste oortreding moet sy simpatieke aandag geniet. Sy regverdigheid en toewyding moet weerspieël word uit elke daad en beslissing, soos onder andere, die verdeling van lande onder stamlede, uitsprake oor appèlsake teen die beslissings van afdelingshoofde, die daarstelling van noodsaaklike geriewe soos watervoorsiening, die herstel van paaie en heinings, 'n wakende oog oor onderwysaangeleenthede of enige aangeleentheid wat die stam op een of ander terrein van die lewe geld.

---

1) Buitengewone Staatskoerant (Regulasiekoerant No. 885), Pretoria, 29 Desember 1967 (no. 1929). Die volgende opskrif is van belang: „Die Minister van Bantoe-administrasie en -Ontwikkeling het kragtens artikel 12(6) van Bantoe-administrasie Wet 1927 (Wet no. 38 van 1927), die regulasies gemaak wat die reëls bevat waarby die praktyk en prosedure voorgeskryf word wat in die siviele howe van kapteins en hoofmanne gevolg moet word, en wat in bygaande Bylae vervat is om op 1 Januarie 1968 in werking te tree vanaf welke datum die regulasies wat by Goewermentskennisgewing no. 2885 van 1951, soos gewysig by Goewermentskennisgewings nommers 1180 van 1953 en 886 van 1958, afgekondig is, ingetrek word."
Vir juridiese mag van Tswanakapteins, vergelyk ook:
Schapera, I.: Ethnographic Survey of Africa, Southern Africa, The Tswana, p.52.
Id.: A Handbook of Tswana Law and Custom, p.69,70.
Breutz, P.L.: op. cit., p.107, 108.

Tans is die kaptein die enigste onmiddellike skakel wat die stam by die regering verteenwoordig maar ook weer die regering se saak aan die stam moet bekend maak en verduidelik.

Uit die volgende woorde van I. Schapera blyk dit dat, benewens die eise wat deur die stam aan hom gestel word, daar ook hoë eise van Regeringsweë is wat nie verontagsaam mag word nie:

> „He is held responsible for maintaining law and order in the Tribe, preventing crime, and collecting tax and other dues; he must carry out all orders and instructions lawfully issued to him by officers of the Government, both administrative and technical; and he is expected to assist them in all their local activities. His formerly undivided control over virtually every sphere of tribal life has thus been diffused through various Government Departments with superior authority."[1)]

(ii) Stamrade.

Die baKolobengstam bestaan uit verskillende familiegroepe. 'n Afdeling of wyk word min of meer deur dié mense bewoon wat aan 'n betrokke familiegroep, met 'n besondere totem, behoort. Laasgenoemde persone word deur 'n hoofman of raadslid, deur hulleself benoem of verkies, op die Raad van die kaptein verteenwoordig. Sulke raadslede dien vir die res van hulle lewe op die Raad, met dien verstande dat hulle met waardigheid sal voldoen aan die eise van die betrokke mense deur wie hulle benoem of verkies is.

---

1) Schapera, I.: Ethnographic Survey of Africa, p.52.

Rooijantjesfontein bestaan uit die volgende tien wyke, waarvan die hele Jaapstad, één wyk uitmaak:[1)]

| | Afdeling | Hoof | Totem |
|---|---|---|---|
| 1. | baKgosing (Maloka) | Logaga Kelly Molete (Kaptein) | Kolobe (vark) |
| 2. | boo Tlhale | Levi Tlhale | Kolobe |
| 3. | Mantshong | Elijah Maelamo Molete | Kolobe |
| 4. | boKgwang | Phistos Seutlwadi | Kolobe[2)]<br>Thakadu (erdvark)<br>Tshwene (bobbejaan) |
| 5. | Ga Rra Molekwane | Hendrik Nchwe[3)] | kwena (krokodil) |
| 6. | ba ga Monna | Hendrik Nchwe | Kolobe<br>Kgabo (aap) |
| 7. | ba Phiring | Naftali Legote | Phiri (wolf) |
| 8. | bo Tsome | Meshak Mogatusi | Kolobe |
| 9. | ba Kgosing (Dithakwana - Jaapstad) | James Molete[4)] | Kolobe |
| 10. | ba ga Magoma | Keiser Mosete | Kwena |

Bovermelde persone maak saam die hoofstamraad uit. Elke vergadering, hetsy die geheime raadsvergadering of die publieke raadsvergadering, wat deur volwasse manlike stamlede bygewoon mag word, vind onder leiding van die kaptein plaas.[5)]

---

1) Vergelyk ook: Breutz, P.L.: op. cit., p.107.
2) Dit blyk uit die ondersoek dat volgens die huidige wyksindeling daar familiegroepe behorende tot verskillende totems in dieselfde wyk aangetref word. Vergelyk wyke 4 en 6.
3) Wyke 5 en 6 is in ooreenstemming met die kaptein se opdrag aan een hoofman toevertrou.
4) Jaapstad, nege myl ten noorde van Rooijantjesfontein is soos wyk 1 ook 'n kapteinswyk en toevertrou aan 'n bloedverwant van die kaptein.
5) Volwasse stamlede is tans persone in besit van identifikasiekaarte.

Daar moet in gedagte gehou word dat elke afdeling weer uit 'n aantal families bestaan, wat op hulle beurt deur 'n senior familielid verteenwoordig word, die families uit gesinne wat deur verskillende gesinshoofde verteenwoordig word.

In geval van 'n probleemsituasie, sou die volgende prosedure gevolg word: in die heel eerste plek geniet die probleem die aandag van die betrokke gesinshoof; indien geen bevredigende oplossing gevind kan word nie, geniet dit die aandag van die senior familielid; daarna die aandag van die raadslid of hoof van die afdeling; daarna die aandag van die kaptein; daarna die aandag van die Bantoesakekommissaris en eindelik die aandag van die Naturelle-appèlhof, waarvan die uitspraak deur die regter natuurlik finaal is.

Dit is begryplik dat op hierdie basis 'n baie gesonde, deeglike en doeltreffende kontrole oor alle terreine van die stamlewe uitgeoefen word. Indien 'n saak egter langs genoemde kanaal onder die aandag van die kaptein kom, word dit op 'n geheime raadsvergadering wat deur laasgenoemde belê word, sorgvuldig bespreek waarna 'n publieke raadsvergadering belê word, waar die belanghebbende partye voldoende geleentheid gegun word om hulle saak voor te dra en te verdedig.

Op 'n betrokke dag en op 'n bepaalde uur kondig die beuelblaser op die „naka" (lenaka - beeshoring), - vandag is dit gewone beuel, luid aan dat daar 'n vergadering in die lekgotla is. Die kaptein en sy raad maak hulle opwagting in die lekgotla op 'n stadium wanneer alle aanwesiges hulle sitplekke reeds ingeneem het. Met hulle verskyning staan die

aanwesiges uit eerbied op en bly gewoonlik staan totdat eersgenoemdes hulle plekke ingeneem het.[1)]

In gevalle waar sake van openbare- en stambelang voor die vergadering dien is een van die raadsmanne, „Letona la Kgosi" (die kaptein se voorsitter), verantwoordelik vir die voordrag van sake op die agenda waarna dit deur die kaptein persoonlik toegelig word. Dit staan enigiemand vry om aan die besprekinge deel te neem en die algemene gevoelens van die aanwesiges word gewoonlik in die toesprake weerspieël. Informante verklaar dat eenstemmigheid gewoonlik verkry word nog voordat dit nodig word om tot stemming oor te gaan. Die besluite en beslissings van hierdie vergaderings is gewoonlik slegs 'n bekragtiging van die besluit wat vroeër deur die kaptein en sy raadslede by die voorafgaande vergadering geneem is.

Siviele sake, gesinsprobleme en oortredings teen indiwidue geniet eers die aandag van die betrokke gesinshoofde, dan die aandag van die senior familielede en daarna die aandag van die betrokke wyk se raadslid. Indien dergelike geskille nie besleg kan word in die betrokke afdeling onder leiding van die plaaslike hoofman en sy raad in hulle

---

1) Die lekgotla van die baKolobeng is geleë, ongeveer 'n dertig treë van die woning van kaptein Molete af. Dit bestaan uit 'n sirkelvormige, van klip gestapelde ringmuur met 'n hoogte van ongeveer 4 voet.
Twee ingange reg teenoor mekaar, een aan die ooste- en een aan die westekant, verdeel die ringmuur in twee halwe sirkels.
Die kaptein en sy raad neem gewoonlik stelling in, ongeveer in die middel van die lekgotla en wel op 'n plek wat aangedui word as die graf van oudkaptein Kgosi Molete.
'n Klein ashopie aan die noordelike kant van die lekgotla getuig van menige boete-beeste wat van tyd tot tyd deur manlike volwasse stamlede daar gekook en geëet word - na gelang dergelike vonnisse deur die kaptein gevel word.

betrokke lekgotla[1] nie, word dit na die hooflekgotla verwys, ten einde 'n bevredigende oplossing te vind.

Elke aangeklaagde ontvang genoegsame geleentheid om sy of haar saak te stel en te verdedig, terwyl die klaer ook geleentheid ontvang om die teendeel van die saak te stel.

Na 'n deeglike bespreking waaraan elkeen geregtig is om deel te neem, lewer die kaptein uitspraak en verstrek voldoende redes vir sy beslissing. Indien 'n veroordeelde egter nie tevrede is met die uitspraak van die kaptein nie, word dit sonder versuim aan hom te kenne gegee. Dit beteken dat die saak dan verder gevoer kan word tot by die Bantoesakekommissarishof. Die kaptein getuig dat menigvuldige huislike probleme baie tyd en aandag in beslag neem en uiteindelik tog maar eindig in genoemde hoër hof.

In gevalle waar 'n indiwidu teen die gemeenskap of die stam oortree, word so 'n oortreder gewoonlik met die betaling van een bees beboet. Hierdie bees word op 'n bepaalde dag deur alle volwasse manlike stamlede, in die lekgotla geslag en geëet. Niemand word toegelaat om van die vleis huis toe te neem nie en alle oorblyfsels daarvan word in die lekgotla verbrand behalwe die vel en kop van die bees wat aan die malome van die kaptein oorhandig word (sy moeder se broer).

Uit die voorafgaande beskrywing van die stamrade kan die gevolgtrekking gemaak word dat die huidige funksie daarvan basies nog ooreenstem met die tradisionele, dat die taak en verantwoordelikheid van die kaptein deur hulle verlig word, en dat hulle hom in staat stel om 'n wakende oog te hou oor alle terreine van die stamlewe.

---

1) Elkeen van die tien wyke van die baKolobeng het 'n eie lekgotla. 'n Paar is soortgelyk aan die hooflekgotla terwyl ander slegs 'n omheinde kampie is of 'n oop ruimte onder een van die groot bome.

(iii) Familiebetrekkinge en raadgewers.

Die naasbestaandes van die kaptein het in die verre verlede ook in die status en outoriteit wat aan hom verbonde was, gedeel. Hulle is gerespekteer as mense van kapteinsbloed. Veral sy broers en ooms aan vaderskant kon op die besondere lojaliteit en eerbied van medestamlede aanspraak maak. Laasgenoemde persone het in die verlede ook die voorreg geniet om leiers van regimente en uitgebreide familieafdelings te wees. Vandag bestaan daar nie meer regimente nie, origens geniet hierdie naasbestaandes egter nog dieselfde voorregte as van ouds en is hulle gewoonlik die leierspersoonlikhede in die gemeenskap.

Sonder die samewerking en lojaliteit van sy naasbestaandes staan die kaptein magteloos en is sy taak vir hom onmoontlik. In die verre verlede het dit dikwels gebeur dat dislojale familielede die gesag van die kaptein ondermyn het en selfs 'n skeuring en afsplintering in die stam veroorsaak het, immers, die groot verskeidenheid Tswanastamme is daarvan voldoende bewys.

Dit is dus duidelik dat die sukses van die regerende kaptein hoofsaaklik bepaal word deur die houding en gesindheid van sy familielede. Die kaptein se vrou is, soos in die verlede, vandag nog die vernaamste vrou in die stam. Na haar word verwys as die moeder van die stam en daarom geniet sy ook die eerbied, respek en waardering waarop 'n moeder alleen aanspraak kan maak. Veroordeeldes het in die ou dae as gevolg van hierdie verhouding tussen die kapteinsvrou en stamlede, die vrymoedigheid gehad om na háár huis te vlug en daar die beskerming van 'n moeder te geniet. Sy is voorts deur haar man in alle probleemsituasies geraadpleeg en was steeds bereid om hom met raad en daad by te staan. Vandag

is sy egter slegs gewone huisvrou wat nog die agting van die stamlede geniet, maar behalwe haar morele ondersteuning as huweliksmaat, vir haar eggenoot weinig beteken ten opsigte van sy taak en roeping as stamkaptein.

Aangesien die kaptein aanspraak maak op die lojaliteit van sy naasbestaandes en hulle inderdaad vir 'n groot mate verantwoordelik is vir die welslae en sukses wat hy behaal, voel hy hom te alle tye geroepe om ook na hulle om te sien, indien moontlik hulle te begunstig, ten einde die bestaande goeie verhoudings te bewaar en te verseker.[1)]

Om die belange van die stam op die hart te dra, die administrasie effektief te behartig, die regte besluite te neem en die gevoelens van sy mense te ken en korrek te vertolk, is dit noodsaaklik dat hy oor raadgewers beskik. 'n Kaptein wat sy mense ken, maak gewoonlik van verstandige en wyse senior stamlede gebruik wanneer hy voor probleme te staan kom. Laasgenoemde mense staan bekend as sy „bagakolodi" (adviseurs) of sy „go gakolola" (om te herinner).

Bovermelde raadgewers is gewoonlik mense uit die kaptein se senior bloedverwante soos sy „bo rrangwana kgosi" (sy vader se jonger broers). Indien hulle nie deur hom geraadpleeg word nie kan elke verkeerde en noodlottige beslissing aan so 'n versuim gewyt word. Aan die begin van sy ampstermyn maak hy gewoonlik eers van sy oorlede vader se raadgewers gebruik maar mettertyd staan dit hom vry om nuwe raadgewers te kies. Indien sy eie familielede by die keuse van raadgewers heeltemal oor die hoof gesien word, loop hy gevaar om hulle ondersteuning en lojaliteit te verloor.

Dit blyk duidelik uit die ondersoek dat by die huidige keuse van raadgewers daar geensins afgewyk word van die tradisionele patroon nie.

---

1) Kaptein Kelly Molete se moeder woon tans in die vorige kapteinshuis wat net langsaan die huidige kapteinswoning geleë is. Sy en twee van haar susters wat by haar inwoon, geniet die stiptelike versorging van haar seun. Ander familielede geniet ook sy besondere aandag en getuig dat hy, soos dit 'n waardige kaptein betaam, oor hulle welsyn waak.

Daar dien op gelet te word dat die kaptein nie verplig is om sonder meer die raad en advies van sy raadgewers te aanvaar nie. Na oorlegpleging met sy raadsmanne is sy eie oortuiging en beslissing egter altyd van deurslaggewende aard.

(iv) Opvolger.

Die kaptein en ander informante verklaar dat daar nog nooit 'n kaptein vir die baKolobeng gekies is nie, omdat kapteinskap deur geboorte bepaal word. Om hierdie rede bestaan daar tans nog die spreekwoord: „Kgosi ke kgosi ka a tsetswe" ('n Kaptein is kaptein omdat hy een gebore is). Die oudste seun van die kaptein by sy hoofvrou was in alle gevalle sy vader se opvolger.

In die verre verlede het dit soms gebeur dat daar nie 'n seun uit die hoofvrou gebore is nie. In so 'n geval het die oudste seun van die tweede vrou sy vader opgevolg, al sou daar dogters uit die eerste vrou gebore wees. Indien die oudste seun te sterwe kom voordat hy sy vader sou kon opvolg, was die tweede seun die vanselfsprekende aanspraakmaker op die kapteinskap. Senioriteit word in alle gevalle deur geboorte bepaal. So byvoorbeeld sou die kinders van die oudste seun die seniors wees van die kinders van die tweede oudste seun en hulle weer die seniors van dié van die derde oudste seun.

Indien dit sou gebeur dat 'n kaptein te sterwe kom sonder om 'n seun na te laat, sou die oudste seun van die tweede oudste broer die eerste aanspraakmaker wees. Indien daar egter nie 'n opvolger uit sy huwelik gebore is nie sou die oudste seun van die derde oudste broer die opvolger wees.

Uit die volgende skema is dit duidelik hoe 'n opvolger vir die aftredende kaptein gevind is:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| I (Gestorwe kaptein) | | | II (Tweede broer) | III (Derde broer) |
| A (Kaptein) | | | B (Tweede broer) | C (Derde broer) |
| 1 | 2 | 3 | 1 | 1 |
| (i)(ii) | (i)(ii) | (i)(ii) | (i)(ii) | (i)(ii) |

Sodra A te sterwe kom kan daar uit bostaande familie dus een van die volgende vyf oudste seuns vir 'n opvolger kwalifiseer: A1, A2, A3, B1 of C1. Indien eersgenoemde in die lewe is sal dit vanselfsprekend sý voorreg wees. Die kinders A1(i) en A1(ii) is die seniors van A2(i) en A2(ii) terwyl hulle weer die seniors is van A3(i) en A3(ii), en op hierdie wyse in 'n dalende lyn tot by C1(i) en C1(i) en C1(ii).

Indien die aftredende kaptein A nie oor seuns 1, 2 en 3 of jonger broers B of C beskik nie, sal sy oorlede vader I se jonger broer II se oudste seun of dié se jonger broer III se oudste seun, die opvolger wees. Uit bovermelde is dit duidelik volgens welke patroon 'n opvolger vir 'n kaptein gevind is.

In die verlede het dit gebeur dat in gevalle waar 'n kaptein te sterwe kom voordat 'n kind uit die hoofvrou gebore is, sy Raad aan sy jonger broer opdrag sou gee om by die hoofvrou van sy oorlede broer in te gaan, ten einde 'n seun te verwek en sodoende 'n opvolger vir die gestorwe kaptein te verseker. Laasgenoemde daad of gebruik is deur die stam omskryf as: „go tsena mo tlung" (om die huis binne te gaan).

Dit het in die verre verlede ook onder hierdie stam gebeur dat die wettige opvolger by die afsterwe of aftrede van sy vader, nog nie ryp was om die verantwoordelikheid van kapteinskap te aanvaar nie. In sulke gevalle is 'n ander wettige aanspraakmaker wat wel aan die vereistes voldoen het in tydelike hoedanigheid aangestel tot tyd en wyl die onrype wettige opvolger in staat was om die taak op sy skouers te

neem. Terwyl 'n persoon as kaptein waargeneem het kon hy deel in al die voorregte wat die kaptein onder normale omstandighede geniet het. Die minderjarige, wettige opvolger, het op hierdie stadium geen mag gehad ten opsigte van stamaangeleenthede nie. Laasgenoemde tydelike waarnemers is deur die stam „motshwareledi" (waarnemer of regent) genoem.

Ten einde 'n minderjarige opvolger vir sy toekomstige taak voor te berei, is hy vroegtydig reeds opgesaal met politieke verantwoordelikhede. Die lede van sy vader se Raad het hom vroegtydig begin onderrig in die wette en gebruike van die stam, asook die verpligtinge wat weldra op sy skouers sou rus. Op 'n vroeë stadium is hy deur sy vader aan die stamraad voorgestel as hulle toekomstige kaptein. Nadat hy as oudste seun van die kaptein by 'n mophato (ouderdomsregiment) as leier ingeskakel is, is hy van tyd tot tyd toegelaat om die lekgotla by te woon ten einde eerstehandse kennis aangaande die wet en prosedure op te doen. Tydens die afwesigheid van sy vader is hy selfs vertrou met die verhoor van kleiner sake en geskille, terwyl sy vader hom soms ook geraadpleeg het ten opsigte van sekere uitsprake.

Behalwe die basiese patroon van kapteinsopvolging wat deur die jare onveranderd gebly het en vandag nog op presies dieselfde grondslag plaasvind, het alle heidense gebruike verbonde aan die tradisionele kapteinsopvolging verval of 'n radikale gedaanteverwisseling ondergaan.

Onder die baKolobeng is daar nie meer heidene in die kerklike sin van die woord, te vinde nie.[1] Hierdie stam getuig dat vanweë die invloed van die Christelike godsdiens,

---

1) Opmerking: Alle ongedooptes word om praktiese redes as heidene geklassifiseer. Dit kan egter gebeur dat 'n persoon om een of ander rede nie gedoop is en tog 'n aktiewe deelname het aan kerklike werksaamhede.

instellings soos stamskole en regimente op die pad van die verlede lê.

Vandag word daar hoë eise aan die kaptein gestel. Hy moet funksioneer as skakel tussen sy onderdane en die regering; hy moet inderdaad 'n geleerde en ontwikkelde persoon wees. Indien hy nie aan genoemde eise kan beantwoord nie, kan dit tot nadeel van sy stam strek en sy eie posisie vanweë sy onvermoë om aan die hedendaagse eise te voldoen vir hom onhoudbaar word.

Die huidige kaptein was byvoorbeeld verplig om ter wille van hoërskoolonderrig, sy jeugjare buite die stamgrense deur te bring. Terwyl hy na die matrikulasie-eksamen nog met studies in die regte besig was, het sy stam hom genader met die versoek om sy vader as kaptein op te volg. Hy het dus nie soos sy voorgangers van ouds die geleentheid gehad om geleidelik vertroud te raak met die taak en verantwoordelikheid wat in die toekoms op sy skouers sou rus nie. Tog is hy tans vanweë 'n goeie akademiese agtergrond heeltemal opgewasse om gedurende hierdie krisisjare van snelle ontwikkeling en verandering as kaptein van hierdie stam op te tree.

Kaptein Molete beskik oor 'n goeie mensekennis, hy is 'n belese persoon, 'n kenner van sy stam se tradisies, hy openbaar 'n grondige kennis en insig ten opsigte van die moderne eise wat aan sy mense gestel word, hy koester hoë ideale vir sy volk, hy is die offisiële tale volkome magtig, hy is vertroud met die hele administratiewe beheer ten opsigte van sy stam, hy beskik oor 'n deeglike kennis van die landbou, hy is lidmaat van 'n Christelike kerk en is volgens getuienis onbesproke van karakter.

Vanweë die huidige regeringsbeleid waarvolgens die Tswana binnekort ook sy eie gebiedsowerheid in Mafeking sal

hê, kan verwag word dat daar steeds hoër eise aan 'n stamkaptein gestel sal word. Met die oog hierop sal dit nodig wees om benewens die tradisionele basis en patroon van kapteinsopvolging wat nog altyd deur hierdie stam gehandhaaf is, daar in die toekoms sorg gedra sal moet word dat elke aspirant opvolger die nodige skoling, opleiding en toerusting moet ontvang ten einde hom in staat te stel om aan die hoë eise en verwagtinge wat deur die stam enersyds, en die regering andersyds, gestel word, te voldoen.

(v) <u>Inhulidiging</u>.

'n Nuwe waarnemende kaptein kon nooit seremonieel ingehuldig word terwyl sy afgetrede voorganger nog lewe nie. Onmiddellik na 'n oudkaptein se afsterwe sou sorg gedra word dat die hele stam sowel as alle omliggende stamme hiervan in kennis gestel word.

Vir etlike dae is daar deur die hele stam rou bedryf terwyl alle normale daaglikse werksaamhede gestaak is. Alhoewel dit onder die baKolobeng ook gebruiklik was om 'n kaptein in die groot-beeskraal of in die lekgotla te begrawe, bestaan daar 'n treffende onderskeid tussen die tradisionele begrafnisgebruike van hierdie stam en ander Bantoestamme.[1)]

---

1) Die baKolobeng dra geen kennis van 'n bediende wat na die dood van 'n kaptein gedood word ten einde saam met die kaptein begrawe te word om sy komberse oop te sprei en sy skoene te dra, soos gebruiklik onder die meeste Tswanastamme nie.
Vir tradisionele gebruike onder die Bantoe met die oog op kapteinsbegrafnisse, vergelyk:
Schapera, I.: A Handbook of Tswana Law and Custom, p.59.
Id.: Married life in an African Tribe, p.304-315.
Id.: The Bantu Speaking Tribes of South Africa, p.249-250.
Id.: Ethnographic Survey of Africa, The Tswana, p.59.
Seligman, C.G.: op. cit., p.143.
Parrinder, E.G.: African Traditional Religion, William Bendon & Son, Hutchinson's University Library, London, 1954, p.62.
Krige, E.J.: op. cit., p.160.
Pauw, B.A.: op. cit., p.158,159.
Durkheim, E.: The Elementary Forms of the Religious Life, George Allen & Unwin Ltd., London, 1964, p.390-396.

Sedert die stam op Rooijantjesfontein woonagtig is, is slegs kaptein X David Kgosi Molete in die lekgotla, volgens tradisionele gebruik begrawe. Sy opvolgers is egter volgens Westerse gebruik in 'n nuwe begraafplaas vir Christene begrawe, waar daar 'n spesiale stuk grond vir kapteins afgesonder is.

Informante verklaar dat behalwe die gewoonte om vir dae lank rou te bedryf, alle ander heidense gebruike soos die bewaking van die kapteinsgraf, die doktering van sy huis, landerye, familie- en stamlede deur magiërs, vir baie jare reeds nie meer bestaan nie.

Die inhuldiging van die nuwe kaptein het nie lank na die afsterwe van sy voorganger plaasgevind nie. Die inhuldiging moes plaasvind onder die leiding van die gestorwe kaptein se oom aan vaderskant of sy jonger broer, aan wie die kapteinsgesag tydelik toegesê is. Op 'n voorafbepaalde dag het die stam onder leiding van genoemde tydelike waarnemer by die lekgotla saamgetrek. Die nuwe kaptein, gekleed in die kenmerkende luiperdvel (go apesa nkwê) wat vir hierdie stam ook die sinnebeeld van kapteinskap is, is gewoonlik onder toejuiging van die onderdane, die lekgotla binne gelei. Nadat hy op gebruiklike wyse deur die waarnemer voorgestel is aan die stamlede, is die tradisionele assegaai en vegbyl aan hom toevertrou.[1)]

Met die aanvaarding van bovermelde het hy vanselfsprekend die kapteinskap wat hom toekom en hom aldus aangebied is, aanvaar. Nadat hy deur senior stamlede by vernuwing op sy taak en verantwoordelikheid gewys is en die nodige magiese handelinge en seremonies afgehandel is, het die feestelikhede 'n aanvang geneem. Genoemde feestelikhede

---

1) Vir tradisionele luiperdvel, vergelyk ook: Tswelelopele, Bukana ya Lefapha la Tshedimoseto, Pretoria, Vol. 9, No. 1, Januarie 1968, p.18.

wat selfs weke lank geduur het, het bestaan uit stamdanse, die sing van stamliedere en die genot van 'n oormaat vleis en bier wat spesiaal vir dié geleentheid berei is en vir die hele stam sowel as hulle gaste aangebied is.

Alhoewel daar 'n wesenlike verskil tussen die tradisionele en die huidige ten opsigte van hierdie seremonie bestaan, het die uiterlike patroon daarvan, deur die eeue byna onveranderd gebly.

Die huidige inhuldigingsplegtigheid vind plaas in oorleg met die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling en sy betrokke departemente. Die betrokke minister of 'n verteenwoordiger, die Bantoesakekommissaris en lede van sy personeel, belangstellende Blanke vriende, stamkapteins en verteenwoordigers van omliggende stamme, is gewoonlik die gaste van die stam tydens hierdie geleentheid en plegtigheid.

Vir die inhuldigingsplegtigheid van die huidige kaptein is 'n groot platvorm vir eregaste en hoogwaardigheidsbekleërs by die lekgotla opgerig. 'n Moderne tambotiehoutstoel, slegs vir kapteinsgebruik, is spesiaal vir hierdie geleentheid aan die stam geskenk.

Volgens „The African Echo" het nie minder as 10,000 persone hierdie plegtigheid bygewoon nie, onder wie ook 50 Blankes. Nadat die tradisionele luiperdvel om die skouers van kaptein Modikwagae Logaga Kelly Molete gehang is en hy die assegaai en vegbyl in ontvangs geneem het, is welkomswoorde en gelukwensinge namens die Departement en die verskillende stamme aan hom en sy stam oorgedra.

Verskillende kore van omliggende skole het die program opgeluister waarna gaste en stamlede onthaal is met 'n dis wat onder andere bestaan het uit die vleis van nie minder as 13 beeste en 5 skape nie wat vir hierdie geleentheid geslag en voorberei is.

Voor die mikrofoon het die nuwe kaptein in die volgende woorde, in die geloof en met 'n eed sy nuwe verantwoordelikheid aanvaar: „I shall serve you with God's aid".

Uit die volgende aanhaling word die gees en gesindheid waarin hy sy taak aanvaar het, asook die hoë ideale wat hy vir sy stam gekoester het, duidelik weerspieël:

> „Chief Kelly Molete told an African Echo reporter that he wants all the children of the tribe to school. The big difficulty is the old herdboy problem. But he says it will be overcome by fencing the grazing fields and dividing them into paddocks."[1)]

In die lig van die getuienisse van informante blyk dit dat sedert kaptein Molete op 5 Maart 1960 diens aanvaar het, hy steeds trou aan sy belofte gebly het en dat bovermelde ideaal ook deur hom verwesenlik gesien is, aangesien elke kind van skoolgaande ouderdom, tans skoolonderrig ontvang.

(vi) Huidige administratiewe beheer.

Op politieke gebied is die Goewerneur-generaal[2)] kragtens artikel 1 wet 38 van 1927, aangewys as opperhoof van alle Bantoestamme in die Unie van Suid-Afrika. Volgens Blanke wetgewing beklee die kaptein dus sy posisie nie alleen meer op grond van geboorte, soos reeds beskrywe nie, maar moet hy deur die Goewerneur-generaal daartoe erken of aangestel word, kragtens artikel 2(7) van die voorgenoemde wet.

Volgens die nuwe regtelike posisie staan hy nie meer onder kontrole van sy raad nie maar is hy verantwoording ver-

---

1) African Echo, Naledi ya Batswana, Pampiri ya sechaba sa Batswana kwa lefatsheng la tshireletso le la kopano, No. 10 - Vol. 4, March 19, 1960.
2) Daar dien op gelet te word dat sedert Republiekwording hierdie funksie deur die Staatspresident vervul word.

skuldig aan die Bantoesakekommissaris wat as verteenwoordiger van die Regering optree. Die kaptein wat in 'n sekere sin 'n amptenaar van die Departement Bantoe-administrasie en -ontwikkeling geword het, word dikwels verplig om beslissings te neem en opdragte af te dwing wat tradisioneel geen bestaansreg sou gehad het nie.

Op die gebied van die reg het die kaptein se posisie as die hoogste regtelike gesag in sowel privaat- as publiekregtelike sake as gevolg van Blanke wetgewing ernstig in die gedrang gekom. Sowel privaat- as publiekregtelike jurisdikdie moet spesiaal kragtens art. 12 en 20 van wet 38 van 1927 aan hom toegeken word. Waar dit wel gebeur, is die toegekende bevoegdheid slegs maar 'n skaduwee van die posisie wat hy tradisioneel beklee het. Appèl teen sy uitsprake, iets wat tradisioneel onmoontlik was, kan tans na die Bantoesakekommissarishof, wat in baie gevalle te min kennis van die Bantoereg het om sodanige sake na behore in hersiening te neem, verwys word. Daarbenewens is dit ook moontlik om die hof van die kaptein heeltemal te ignoreer en 'n saak direk by die Bantoesakekommissaris aanhangig te maak.[1)]

Met die oog op doeltreffende administrasie is die Republiek in ses gebiede of streke verdeel, elk onder 'n Hoof-Bantoesakekommissaris. So ressorteer ongeveer die hele Tswanavolk in Wes-Transvaal onder die jurisdiksie van die Hoof-Bantoesakekommissaris, Westelike gebied, wie se hoofkwartier in Potchefstroom is. Onder laasgenoemde is daar Bantoesakekommissarisse wat hoofsaaklik verantwoordelik is vir gebiede met 'n oorwegende Bantoebevolking, terwyl in

---

1) Cronje, G.: Kultuurbeïnvloeding tussen Blankes en Bantoe in S.A., Navorsings en Publikasiekomitee van die Universiteit van Pretoria, J.L. van Schaik, Bpk., Pretoria, 1968, p.69,70.

distrikte waar daar nie 'n Bantoesakekommissaris benoem is nie, die werk aan landdroste toevertrou is. Benewens bovermelde is daar ook addisionele of assistent-Bantoesakekommissarisse benoem deur die Departement Bantoe-administrasie en -ontwikkeling om uitsluitlik alle sake rakende die Bantoe te behartig.

Die baKolobeng van Rooijantjesfontein wat een van die stamme van die Lichtenburg-Delareyvillese distrikte uitmaak, het voor 1937 geval onder die plaaslike administrasie wat deur die landdros van Lichtenburg waargeneem is. Sedert 1937 is hierdie administrasie behartig deur 'n assistent-Bantoesakekommissaris graad 2 (vroeër genoem Naturellekommissaris), terwyl 'n Bantoesakekommissaris graad 1 vanaf 1946 oorgeneem het en tans bygestaan word deur 'n voltydse assistent.[1)]

Dit is die verantwoordelikheid van die Bantoesakekommissaris om sorg te dra dat alle wette en regulasies ten opsigte van die Bantoe gehandhaaf word, belastings te vorder, siviele en kriminele jurisdiksie waartoe hy gemagtig is te beoefen, nuwe wette, bepalings en opdragte aan die stam oor te dra en bekend te maak, aandag te gee aan alle versoeke en klagtes van die stam en met voorstelle na die Departement te gaan, ten einde 'n bevredigende oplossing te verkry.

Voorts is dit sy verantwoordelikheid om op die hoogte te bly ten opsigte van alle stamondernemings en ontwikkelinge, 'n bydrae te lewer in belang van die sosiale en ekonomiese welsyn en in die algemeen te waak oor die belange van die stam as sodanig.

In die lig van bovermelde is dit duidelik dat hierdie stam soos alle ander stamme, in 'n groot mate hulle

---

1) Breutz, P.L.: op. cit., p.6.

tradisionele politieke onafhanklikheid ontneem is. Tog kan dit nie ontken word nie dat hulle nogtans in 'n redelike mate die voorreg van selfregering geniet. Ten spyte van beperkinge en voorskrifte op die stamregering en administrasie, behartig die stam tog grootliks sy eie sake deur die kaptein en sy stamrade en gebeur dit selde, indien ooit, dat genoemde persone wat deur die stam in hulle onderskeie posisie geplaas en vertrou word, vir die Departement onaanvaarbaar is.

Informante, onder wie ook die huidige kaptein, getuig met waardering van die ongeëwenaarde groei en ontwikkeling wat hierdie stam op die verskillende lewensterreine te beurt geval het en dit deur bemiddeling van die simpatieke leiding, aandag, voorsiening en administrasie onder die huidige regeringsbeleid en die uitvoering daarvan deur die betrokke Departement en sy verantwoordelike amptenare. Hulle getuig voorts van hulle heelhartige vertroue en geloof in die nuwe verwikkelinge wat op hierdie stadium vir die Tswanavolk voor die deur lê. Hulle uitgesproke verwagtinge is dat hulle van oortuiging is dat die verdere uitvoering van die beleid die Tswanavolk en elke Tswanastam in die besonder, tot 'n volwaardige volk in die ry van volkere sal verhef.

Ten tyde van hierdie ondersoek is daar deur Proklamasies van die Staatspresident No. R 140, 1968 en No. R 141, 1968 in 'n buitengewone staatskoerant van die Republiek van Suid-Afrika van 12 Junie 1968, aangekondig dat die Tswanagebiedsowerheid nou ook 'n werklikheid geword het.[1)]

In Bylae A van genoemde staatskoerant word die regulasies vir stamowerhede en gemeenskapsowerhede in die gebied van die Tswana Gebiedsowerheid volledig verstrek en beskrywe,

1) Staatskoerant van die Republiek van Suid-Afrika, Regulasiekoerant no. 973, Volume 36, No. 2091, Kaapstad, 12 Junie 1968, p.1-3.

terwyl in Bylae B, die regulasies vir streekowerhede in dieselfde gebied volledig behandel word. In genoemde staatskoerant word verklaar dat alle voorsitters van die samestellende streeksowerhede ex officio lede van die gebiedsowerheid is. Benewens gemelde persone benoem die 12 streeksowerhede altesaam 47 lede. Aan elke streeksowerheid is voorgeskryf hoeveel lede benoem mag word en mag die Ditshobotla streeksowerheid (Lichtenburg-Delareyvillese distrikte), onder wie ook die baKolobeng sorteer, 3 lede benoem.[1)]

(vii) <u>Sekondêre sosiale organisasies</u>.

Uit die ondersoek het dit geblyk dat daar benewens sportorganisasies en begrafnisverenigings geen ander sosiale organisasie onder die baKolobeng bestaan nie.

(a) <u>Sokkerklubs</u>.

Daar bestaan twee sokkerklubs op Rooijantjesfontein naamlik die „Rovers club" en die „Vultures club". Elke klub het 'n bestuur wat bestaan uit 'n voorsitter, sekretaris en drie lede. Hierdie besture vergader van tyd tot tyd in privaat woonhuise om sokkeraangeleenthede te bespreek, wedstryde te reël en spanne te kies. Dit staan alle sokkerspelers vry, skoolseuns ingesluit, om by enigeen van genoemde klubs aan te sluit.

Daar word geen ledegelde van lede gevorder nie maar elke klub reël jaarliks 'n funksie waarheen ook die korfbalspelers uitgenooi word. By hierdie funksies word verversings te koop aangebied terwyl kompetisies in „jive" en „twist" gehou word. Origens word fondse gevind uit hekgelde wat gevorder word tydens wedstryde teen besoekende spanne.

---

1) Vergelyk bylae 2.

Genoemde klubs maak gebruik van die skool se sokkerveld wat met 'n enkeldraad omhein is waaraan, tydens groot wedstryde, plastiese- en mieliesakke gehang word ten einde toeskouers te dwing om hekgelde te betaal. Indien omstandighede dit vereis ontvang die klubs toestemming van die kaptein om kollektelyste te sirkuleer ter stywing van die fondse.

Dit is gebruilik dat elke klub aan spelers wat vir wedstryde kwalifiseer, vir die geleentheid die sokkeruitrusting voorsien. Elke klub het sy eie kleure; die Rovers word van die Vultures onderskei deur rooi truie met wit strepe en wit broeke terwyl die Vultures geel truie en wit broeke dra.

(d) Korfbalklubs.

Die besture van die sokkerklubs behartig die organisasie vir die korfbalspelers vir wie dit ook vry staan om by enigeen van die twee klubs aan te sluit. Alhoewel vroue nie op besture gekies mag word nie het hulle die reg om hulle eie afrigters te kies. Laasgenoemde beveel gewoonlik by die besture aan hoe spanne saamgestel moet word.

Korfbalspanne reis gewoonlik saam met die sokkerspanne op dieselfde vragmotor en geniet altyd wedersydse ondersteuning van lede wat aan dieselfde klub behoort.

(c) Begrafnisverenigings.

Soos later aangetoon sal word bestaan daar by die baKolobeng 'n diepgewortelde vrees en ontsag vir die dood. Dit word bevestig deur 'n groot aantal begrafnisverenigings, almal met 'n gemeenskaplike doelstelling naamlik om aan 'n familie tydens die dood, begrafnis en daarna, die nodige ondersteuning te verleen en sodoende te verseker dat niemand

tydens die dood in verleentheid sal wees deur nie aan die oorledene reg te laat geskied ten opsigte van die stam se begrafnisgebruike nie.

Die volgende begrafnisverenigings voorsien tans in hierdie behoefte -

(i) „Terebosa Society",
(ii) „Sara Legae Society",
(iii) „Tlhale's Society" of „Number three Society",
(iv) „Molapong Society",
(v) „Naftali Segatle Society".

Bovermelde verenigings dra gewoonlik die name van stigterslede of van persone na aanleiding van wie se dood, tot die stigting van die vereniging oorgegaan is. Hierdie verenigings is eksklusief aangesien slegs volwasse vroue lede mag word. Die besture bestaan gewoonlik uit 'n presidente, 'n sekretaresse, 'n tesouriere en drie lede.

Daar word notule gehou van elke vergadering terwyl daar ook boekgehou word van alle inkomste en uitgawes. Die maandgelde vir die verskillende verenigings wissel van 30- tot 45 sent per lid. Verenigings (i) en (ii) betaal alle gelde by 'n Indiërhandelaar „G. Mustapha & Co."[1] in. Laasgenoemde hou die geld in trust en voorsien tydens 'n sterfgeval 'n goedkoop kis asook klere en kruideniersware. Hy verklaar ook dat hy dikwels goedere teen krediet voorsien in opdrag van die bestuur van die betrokke vereniging. Tydens die ondersoek was daar vir (i) R150 en vir (ii) R90 in trust.

Verenigings (iii), (iv) en (v) funksioneer op 'n ander wyse. In samewerking met erkende begrafnisondernemers

---

1) Dit is die enigste sakeonderneming op Rooijantjesfontein en geniet alreeds vir die afgelope 25 jaar die ondersteuning en vertroue van die meeste stamlede.

word daar deur die betrokke bestuur vir elke lid 'n spesiale polis teen 25 sent per maand uitgeneem wat slegs voorsiening maak vir die verskaffing van 'n goedkoop kis. Die res van die maandgelde word belê en na goeddunke in belang van lede bestee vir klere en kos tydens begrafnisse.

Op hierdie stadium is 'n paar van hierdie verenigings besig om oorweging te skenk aan 'n geringe verhoging van maandgelde ten einde ook tydens huweliksseremonies aan lede hulp te verleen.

Dit het aan die lig gekom dat daar min vroue onder die baKolobeng is wat nie aan een of ander van gemelde verenigings behoort nie.

Indien 'n lid vir twee maande agtereenvolgens nie haar maandgelde betaal nie verval haar lidmaatskap en verbeur sy alle gelde wat reeds deur haar inbetaal is. Informante verklaar egter dat dit baie selde, indien ooit, gebeur dat lede op bovermelde wyse lidmaatskap ontsê word.

Benewens kerklike verenigings bestaan daar geen ander organisasies nie, selfs geen jeug- of kultuurvereniging onder die skoolgaande jeug nie.

# HOOFSTUK IV

## GEBOORTE EN KINDERDAE.

### (i) Voorgeboortelike periode.

#### (a) Die status van die vrugbare vrou.

Vir die Batswana was die aankoms van 'n nuweling, vir beide man en vrou, die verwesenliking van 'n lankgekoesterde ideaal. Familielede het 'n verwagtende vrou gewoonlik met groot eerbied en respek behandel. Deur hierdie gebeurtenis het die moeder meer aansien en die vader hoër agting in die gemeenskap geniet.

Omdat die toekoms van die betrokke gesin, familie en stam, deur elke geboorte bevorder, gewaarborg en verseker is, was dit vir beide families 'n vreugdevolle gebeurtenis en het dit as kompensasie gedien vir die bogadi wat vir haar as vrou gelewer is.

Dit kan begryp word dat 'n verwagtende moeder te alle tye en onder alle omstandighede sou sorg dra dat haar ongebore kind behoue sou bly. Ten einde hierin te slaag moes sy stiptelik en getrou, in ooreenstemming met die geldende gedragsreëls en taboebepalings van haar stam, handel.

#### (b) Bevrugting.

Daar is oor die algemeen geglo en aanvaar dat die ongebore kind in die skoot van die moeder ontstaan het vanweë 'n mengsel van die manlike semen (madi a monna - die bloed van die man) met die menstruasiebloed van die vrou (madi a mosadi - die bloed van die vrou). Die algemene opvatting was voorts dat die bloed van 'n kind van die moeder afkomstig is, die vlees van die vader, terwyl sekere persoonlikheidseienskappe en gelaatstrekke van beide vader en moeder oorgeerf is.

Daar het 'n verdere opvatting bestaan dat die eenmalige inlating van semen in die baarmoeder ontoereikend vir bevrugting was. Indien gemeenskap dus nie drie tot vier maal agtereenvolgens plaasgevind het nie, het dit dikwels voorgekom dat 'n man vaderskap van 'n kind ontken het.[1)]

Uit hierdie ondersoek het dit duidelik geword dat bovermelde opvattings ten opsigte van bevrugting ook deur die baKolobeng gehuldig was, terwyl 'n groot persentasie van die ongeletterdes vandag nog dieselfde standpunt toegedaan is. 'n Geringe persentasie uit die nuwe geslag van sogenaamde geleerdes toon egter begrip in verband met die ware toedrag van sake.

(c) Voorskrifte vir die swanger vrou.

Ter wille van die gesonde voortbestaan, groei en ontwikkeling van die ongebore kind, 'n normale bevalling en 'n normale kind, moes elke verwagtende baKolobengvrou veel opoffer en ontbeer.

Die vleis van 'n dragtige dier is ten alle koste vermy, so ook die vleis van 'n bees of skaap wat nie normaal kon kalf of lam nie, omdat die uitwerking daarvan op die verwagtende vrou ewe noodlottig kon wees.

Die eet van die ingewande, maar veral die dunderm, kon daartoe lei dat die ongebore kind in die baarmoeder verstrengel raak, terwyl die pens van 'n skaap of bees, swart vlekke op die gesig van 'n kind ten gevolg kon hê.

---

1) Vir die opvatting van die Batswana vergelyk:
Schapera, I.: A Handbook of Tswana Law and Custom, p.169.
Id.: Married Life in an African Tribe, Faber & Faber Ltd., London, 1940, p.216.
Radcliffe-Brown, A.R. & Forde, Daryll: op. cit., p.149.
Krige, Eileen Jensen: The Social System Of The Zulus, Longmans Green & Co. Ltd., 1957, p.61.

Die rugstring is beskou as kos vir mans alleen, terwyl die droë, brosagtige geel van 'n hoendereier die oorsaak van 'n droë en moeilike bevalling kon wees.

Die verwagtende vrou is dus terdeë ingelig en onderrig ten opsigte van haar diëet en terwyl daar 'n lang lys van verbode voedselsoorte vir haar voorgehou is, is die drink van melk en water en die eet van sekere voedselsoorte, verwelkom en aangemoedig.

Voorts moes die verwagtende vrou ook stiptelik en bedagsaam wees ten opsigte van sekere gedragsreëls in haar alledaagse werk, haar handel en wandel. Haar daaglikse roetinewerk moes onder geen omstandighede gestaak word nie, die skoonmaak van haar huis, die vee van die werf, die aandra van water, die kook van kos, die wasgoed en tesame hiermee, die opvoeding van haar kinders, het steeds die verantwoordelikheid van die moeder gebly. Sy sou egter nie meer die waterkalbas op die kop dra nie omdat dit nadelige gevolge kon hê op die normale groei van die ongebore kind, sy sou nie met 'n naald werk nie ter voorkoming van steekpyne wat haar liggaam gedurende hierdie periode kon teister.

Ter wille van die welsyn van die vee moes sy wegbly van die beeskraal. Sy moes vervolgens alle kreupeles, gebreklikes, swaksinniges of verstandelik vertraagde mense vermy ten einde te voorkom dat haar ongebore kind deur soortgelyke rampe getref mag word.

Dit is dus geen wonder dat elke onnatuurlike bevalling of abnormale kind aan die moeder gewyt is nie, want as 'n vrou getrou en stiptelik in ooreenstemming met die stam se voorskrifte en gedragsreëls vir verwagtende vroue handel, sou so 'n ramp uitgeskakel wees.

In die geval van 'n eerste kind het die vrou na 'n swangerskap van sewe of agt maande, na die huis van haar moeder gegaan ten einde te voorkom dat geslagtelike gemeenskap voortduur en te verhoed dat die bevalling in die teenwoordigheid van die man sou plaasvind. Indien sy egter nie meer 'n moeder gehad het nie, is 'n vrou uit haar familie aangewys om gedurende genoemde periode by haar te slaap.

Hierdie stam het ook aanspraak gemaak daarop dat daar sekere tekens was na aanleiding waarvan vooraf bepaal kon word of 'n vrou 'n seun of dogter verwag.

Indien 'n verwagtende vrou dikwels die huis moes verlaat om te urineer het dit daarop gedui dat sy 'n dogter verwag; indien sy buitengewoon groot dra sou dit op 'n seun gedui het, terwyl die teenoorgestelde 'n dogter voorspel het.

Vandag betreur alle ouer informante die hedendaagse onverskilligheid van die nuwe geslag ten opsigte van reeds genoemde gedragsreëls. Die jong geslag verwys egter weer glimlaggend na die geloof van die oumense. Hulle verklaar prontuit dat die oumense „toe" was. Met enkele uitsonderings word daar vandag gehandel in ooreenstemming met die advies van die moderne verpleegster en geneesheer en word moderne medisyne en voorskrifte gebruik. Behalwe 'n baie geringe persentasie vroue bo die ouderdom van dertig jaar, wat nog beweer dat sekere van genoemde gedragsreëls nog vir hulle geld, het die ondersoek aan die lig gebring dat die meeste tradisionele gedragsreëls en taboebepalings vir verwagtende vroue, vir hierdie stam iets van die verlede is.

(ii) Vrugafdrywing en abnormale geboortes.

Vanweë die drang en begeerte by elke vrou om kinders te hê en die status wat sy as vrugbare vrou geniet het, asook die aanwins wat 'n nuweling vir die gesin, familie en stam

was, kan die verklaring van informante aanvaar word, dat daar hoegenaamd geen kennis gedra word van gevalle van vrugafdrywing onder die baKolobeng nie.[1)]

Uit die ondersoek het dit voorts geblyk dat indien 'n miskraam wel sou plaasvind vanweë 'n vrou se moedswillige toedoen, sy slegs beskuldig sou word van ontrouheid aan die geldende gedragsreëls vir verwagtende vroue. So 'n gebeurtenis sou ook aan die kwade werk van die baloi[2)] toegeskryf kon word.

Ouer informante is van oortuiging dat indien 'n daad van opsetlike vrugafdrywing bewys kon word, die skuldige met die dood strafbaar sou wees. Dieselfde informante verklaar egter dat die huidige geslag as gevolg van vreemde en ongesonde invloede, hulle wel aan hierdie misdryf skuldig maak.

Die gebruik van voorbehoedmiddels en sekere medisyne om die vrug te verloor, word in dieselfde asem as 'n ewe groot sonde en oortreding bestempel. Die huidige voorvalle van vrugafdrywing of mislukte pogings waarvan mense soms kennis neem, word toegeskryf aan seuns en dogters wat in die groot stede, ver buite die stamgrense werk, gereelde besoeke aan hulle ouerhuise bring en 'n bose en ongesonde invloed uitoefen op die jongmense, veral op die skoolgaande jeug.

Verskeie faktore is vandag verantwoordelik vir hierdie moderne en hedendaagse euwel. 'n Verwagtende skooldogter se loopbaan mag hierdeur beëindig word; die verantwoorde-

1) Vergelyk in teenstelling hiermee, die opvatting en gebruik by die Khatla.
Schapera, I.: Married life in an African tribe, p.223 en 224.

2) Daar word geglo dat sekere eienaardige oumense, veral vroue, vanweë sekere aangebore eienskappe, voortdurend hulle dit ten doel stel om die medemens op magiese wyse leed aan te doen. Hierdie persone staan bekend as die baloi (enkelvoud = moloi).

like man mag elders in die groot stad of op 'n boereplaas werk en nie bereid wees om die verwagtende as vrou te aanvaar nie; 'n gehude man wat die gevolge van sy dade wil uitwis of 'n jongdogter wat nog nie gereed is om die verantwoordelikhede van moederskap te aanvaar nie, is hoofsaaklik die persone wat hulle aan pogings tot vrugafdrywing skuldig maak.

Dit is duidelik dat hierdie eertydse onbekende misdryf sy ontstaan en huidige bestaan te wyte het aan die veranderde begrip en opvatting van die reeds vermelde tradisionele waardes. As gevolg hiervan is vrye geslagtelike verkeer dikwels aan die orde van die dag en moet die ouer mense onder protes hiermee genoeë neem. Die gegewens lei tot die konklusie dat hierdie hedendaagse verskynsel 'n demoraliserende invloed op die stamlewe het, dat die gesinslewe hierdeur bedreig word en dat dit vir baie vroue nie meer 'n eer is om moeder te wees nie.

(iii) Bevalling.

Soos reeds aangetoon, was dit vir hierdie stam gebruiklik dat 'n verwagtende vrou wat haar eerste baba verwag alreeds 'n maand of twee voor die bevalling na die huis van haar moeder of laasgenoemde se plaasvervanger sou gaan.

Tydens die bevalling is slegs haar moeder, skoonmoeder en haar oom se vrou in die hut toegelaat om met die bevalling behulpsaam te wees. Alle ander vroue is met agterdog bejeën omdat 'n vrou met 'n kwade gees (moloi), nie die geleentheid sou laat verby gaan om van die menstruasiebloed te bekom, ten einde ander mense daarmee te benadeel nie. Geen manspersoon is in hierdie huis toegelaat nie. Hulle sou egter hoogstens op 'n afstand van die hut vertoef om deur die vroue gestuur te word indien enige komplikasies kon intree.

Indien 'n kraamgeval nie normaal verloop het nie, is van 'n verskeidenheid medisyne gebruik gemaak om 'n geboorte te bespoedig. Die vrou word gebied om in 'n sittende posisie, met haar rug teen die muur aan te leun terwyl sy met haar eie hande haar bene uitmekaar moet hou. Die ouer vroue het haar maag en vagina met vet gesmeer om te voorkom dat sy tydens die bevalling skeur.

Dit het gebeur dat in ernstige gevalle die hulp van 'n ngaka ingeroep is, alhoewel slegs 'n vroulike ngaka toegelaat is om die vertrek te betree. Die eerste behandeling wat gewoonlik deur laasgenoemde toegepas is was die massering van die maag. Indien nodig het 'n inwendige ondersoek gevolg, waarna pogings aangewend is om die kind in die baarmoeder reg te draai. Met behulp van die ander vroue is die liggaam op en af geskud ten einde die geboorte aan te help.

Na die geboorte is alle spore van die gebeurtenis uitgewis, die nageboorte op 'n plek, die verste van die deur, begrawe en die vloer van die hut met beesmis gesmeer, daarna is die moeder en die baba gedokter deur middel van sekere wortels wat in die vertrek verbrand is op 'n wyse dat beide moeder en kind van die rook omhul word, 'n salf wat berei is van plantwortels en vet, is dan aan die neus en ore van die baba gesmeer. Hierdie behandeling het moeder en kind van alle teëspoed en rampe gevrywaar. Om aan die kind 'n lang en voorspoedige lewe te verseker, het een van die ouer vroue gedurende die nag, die baba na buite geneem om die maan te sien - die volgende woorde is geprewel: „Daar is jou maan".

Onmiddellik na die geboorte van die baba is die vader wat al die tyd in spanning by die beeskraal gewag het, van die aankoms van die nuweling verwittig. Die ouvrou wat hierdie boodskap oorgedra het, het dit gedoen sonder om 'n woord te sê. In die geval van 'n seun is die vader eenvoudig met

'n sweep toegetakel, terwyl in die geval van 'n dogter, 'n kalbas water op sy kop omgekeer is.

Die grootste persentasie van reeds vermelde tradisionele gebruike tydens bevalling is vir die nuwe geslag vreemd en onbekend. Die feit dat informante uit verskillende ouderdomsgroepe grootliks van mekaar verskil ten opsigte van die huidig gebruiklike, dien as bewys dat 'n proses van verandering in hierdie stam nog in volle swang is.

Die ondersoek het aan die lig gebring dat daar gevalle is waar daar nog krampagtig aan die tradisionele vasgeklem word en mense nog ernstig verklaar dat dit die geloof van die stam is, terwyl 'n jonger geslag binne dieselfde stam glimlaggend na die betekenisloosheid daarvan verwys en verklaar dat dit lank gelede reeds iets van die verlede is.

Informante van die ouderdomsgroep 35-50 jaar verklaar onder andere dat dit nog gebruiklik is vir 'n verwagtende vrou om tydens die bevalling van haar eersteling na die huis van haar moeder of skoonmoeder te gaan, dat slegs ouer vroue tydens die bevalling behulpsaam mag wees en dat niemand behalwe die gesinslede die huis mag betree alvorens die moeder en kind die huis na twee maande verlaat het nie.

Dit is nog gebruiklik dat 'n doodgebore kind sowel as die nageboorte in die hoek van die vertrek begrawe word. Alle outydse middele en magiese ritusse is egter iets van die verlede en indien 'n bevalling nie normaal verloop nie, word 'n geneesheer sonder versuim geraadpleeg. Alle hedendaagse patente medisynes is welbekend en niemand twyfel meer aan die effektiewe uitwerking daarvan nie. 'n Ander gebruik wat nog by hierdie geslag voortlewe is 'n ou tradisie om die kind gedurende die nag na buite te neem om die maan te sien ten einde aan hom 'n lang en voorspoedige lewe te verseker.

In teenstelling met hierdie getuienis getuig jonger moeders in die ouderdomsgroep 20-35 jaar dat 'n verwagtende moeder in alle gevalle verkies om vir die bevalling in haar eie huis te bly, waar sy deur haar moeder of senior familielede bygestaan kan word. Indien laasgenoemde egter nie beskikbaar is nie, word van 'n vroedvrou wat volgens die moderne metodes 'n kraamgeval behartig, gebruik gemaak. Tans verkies die meeste jong moeders selfs om vir die bevalling van die moderne hospitaaldienste gebruik te maak. Dit is ook gebruiklik dat 'n verwagtende vrou van tyd tot tyd gedurende haar swangerskap 'n geneesheer raadpleeg en streng en stiptelik in ooreenstemming met sy voorskrifte handel. In gevalle waar 'n kind dood gebore word, word dit eenvoudig sonder seremonie in die begraafplaas begrawe terwyl die nageboorte slegs uit die huis verwyder word.

Vriende en belangstellendes word gedurende die eerste tien dae, indien hulle 'n besoek wil aflê, mondelings verwittig dat die vrou nog met haar baba in die bed is. Die eggenoot slaap ter wille van die swak baba, nie gedurende die eerste week by sy vrou nie. Nadat die moeder egter opgestaan het, gaan die lewe normaalweg voort.

Ten spyte van bovermelde teenstrydige gedragswyses, is daar ten opsigte van een tradisionele gebruik, 'n eienaardige en verrassende ooreenstemming. Ongeveer drie maande ná die geboorte van die kind word 'n salf wat „phogwana" genoem word en berei is van 'n sekere wortel wat gemaal en gebrand word, ingevryf in 'n klein bloedskrapie wat hoog teen die voorkop van die baba aangebring word. Daar word algemeen geglo en aanvaar dat hierdie behandeling onontbeerlik is vir die weerstand wat die kinderliggaam nodig het teen kwale en siektes wat dit in die toekoms mag bedreig.

(iv) Afsonderingsperiode.

Soos reeds aangetoon moes die moeder en baba vir 'n tydperk van twee tot drie maande in die huis van bevalling vertoef. Hierdie periode is hoofsaaklik bepaal deur die status en rykdom van die betrokke gesin. In gevalle waar 'n man en vrou dit nie kon bekostig nie is die moeder slegs vir 'n periode van drie weke in afsondering gehou. Gedurende hierdie afsonderingsperiode kon niemand behalwe die jong moeder se eggenoot en senior-familielede die betrokke huis betree nie. Selfs die eggenoot sou hierdie vertrek nie kon betree alvorens die naelstring van die baba afgeval het nie. Daar is geglo dat, indien laasgenoemde gedurende sy vrou se swangerskap met 'n ander vrou seksuele omgang sou hê, die nael van die suigeling sou bars, die oomblik wat hy die vertrek binnegaan. Indien dit dus nie gebeur het nie het die jong moeder haar in die getrouheid van haar man verheug.

Ten einde 'n wakende oog oor die jongvrou en suigeling te hou, het haar moeder elke nag by haar in dieselfde kamer geslaap. Sy is getrou deur laasgenoemde bygestaan in die versorging van die swak baba. As moeder van 'n eersteling het sy deur die besondere onderrig van die ouer en meer ervare vrou, voldoende geleentheid gehad om gedurende hierdie periode, die nodige ervaring ten opsigte van die versorging van 'n baba, op te doen.

Dit is duidelik dat die tradisionele afsonderingsperiode 'n tweeledige doel gedien het. Die moeder is vanselfsprekend onthef van haar daaglikse huislike verantwoordelikhede en sodoende kon haar swak liggaam weer aansterk. Terselfdertyd het die baba aangesterk en is daar aan die jong moeder die geleentheid gebied om meer selfvertroue te wen ten opsigte van die hantering en versorging van 'n swak

baba. Die senior vrou wat gedurende hierdie dae die jong moeder bygestaan het, kon onder geen omstandighede 'n begrafnis bywoon of 'n huis betree waarin 'n sterfgeval plaasgevind het nie en daarbenewens moes sy haar onthou van enige seksuele gemeenskap. Indien dit sou gebeur kon dit 'n nadelige uitwerking op die moeder en baba hê.

'n Ry klippe wat in 'n halfmaan voor die voordeur gepak is, het vir alle besoekers as aanduiding gedien dat daar 'n baba in die huis gebore is en dat dit gevolglik verbode terrein is. Familielede wat uit belangstelling besoeke kom aflê het, het gewoonlik geskenke van koring en mielies met hulle saamgebring. Alle manspersone het in die lapa vertoef maar nooit die huis binnegegaan nie. Met die toestemming van die senior vrou van die huis is ouer vroue egter toegelaat om die jong moeder te sien en met haar te gesels. Voordat die besoekers huiswaarts gekeer het, is koring gestamp, water en hout gehaal ten einde ook 'n bydrae te lewer in belang van die moeder in haar besondere omstandighede. Belanghebbende families sou selfs sekere persone benoem om beurtelings hierdie gesin by te staan ten opsigte van die daaglikse roetinewerk waaraan die huisvrou nie gedurende hierdie dae aandag kon skenk nie.

Terwyl die vader van die suigeling gedurende hierdie dae elders 'n slaapplek moes vind, is dit tog van hom verwag om daaglikse besoeke by sy vrou af te lê. Dit was voorts belangrik dat hy gedurende hierdie dae sou waak teen enige vorm van seksuele omgang met ander vroue aangesien die gevolge daarvan op sy vrou en kind noodlottig kon wees.

Die moeder se hoofdis gedurende die afsonderingsperiode is deur die baKolobeng, „motogo" genoem. Dit was 'n vloeibare pap wat van kafferkoringmeel en water gemaak en saam met baie melk genuttig is. Indien daar op 'n latere

stadium aan haar vleis voorgesit sou word kon dit niks anders as „tshotlho" wees nie, dit wil sê, vleis wat gestamp en baie sag gekook is. Aangesien die moeder gedurig met haar hande besig was om die baba te versorg was dit vir haar verbode om enige voedsel aan te raak en kon sy dit slegs met 'n spesiale lepel eet.

Dit is voorts van die moeder verwag om haar streng en stiptelik te bepaal by menigvuldige taboebepalings wat vir hierdie stam gegeld het. Sy moes sorg dra dat die hele verskeidenheid magiese ritusse in haar eie sowel as haar baba se belang uitgevoer word, terwyl geen opoffering vir haar te groot mag wees nie omdat dit strek tot die welsyn van die kleine, maar in 'n direkte sin ook tot welsyn van haar stam.

Terwyl die moeder en baba in afsondering vertoef, word daar na die suigeling verwys as „die kind". Die dag voordat die moeder en kind die huis verlaat ontbied die huisvrou die kind se vader ten einde te verneem watter naam die kind moet dra. Van daardie oomblik af het die kind offisieel sy naam ontvang.

Die volgende dag is alle familielede wat deur hulle belangstelling en hulpbetoon die moeder en kind gedurende die afsonderingsperiode bygestaan het, aan hierdie huis op feestelike wyse onthaal en getrakteer op vleis en bier.

Nadat die moeder en kind na hulle eie huis vertrek het, is die vertrek waarin hulle in afsondering vertoef het met mis gesmeer ten einde dit finaal te reinig. Soos voorheen, is alle persone weer toegelaat om hierdie vertrek te betree en het alle seksuele verhoudings weer normaalweg voortgegaan soos in die verlede. Die aankoms van die moeder en baba by hulle eie huis is gewoonlik ook feestelik gevier.

Soos reeds vermeld is daar tans onder hierdie stam, ook ten opsigte van die afsonderingsperiode, geen eenvormige opvatting en benadering nie.

Terwyl moeders uit die ouderdomsgroep 35-50 jaar, graag wil te kenne gee dat bovermelde tradisionele gebruike nog getrou en stiptelik deur die stam gehandhaaf word en dat dit slegs gesuiwer is van heidense bygeloof en alle magiese praktyke daaraan verbonde, getuig jonger informante uit die ouderdomsgroep 20-35 jaar, van die absolute teendeel. Die enigste ooreenstemming tussen die gebruike uit bovermelde ouderdomsgroepe wat bepaal kon word is ten opsigte van „motogo" en „tshotlho" wat steeds die gebruiklike voedsel is vir 'n moeder wat laat soog.

Dit ly geen twyfel nie dat die jong geslag geen waarde meer heg aan die tradisionele en daarmee gepaardgaande gebruike ten opsigte van die afsonderingsperiode nie. Een informant het dit soos volg gestel: „We are modern people and we prefer to live in a modern way".

Dit is duidelik dat ten spyte van die kommer van die ouer geslag oor die onverskillige houding van die jong geslag ten opsigte van genoemde tradisionele gebruike, dit maar as feit aanvaar kan word dat vir die baKolobeng van die toekoms, die oue onherroeplik verbygegaan het.

Die konklusie waartoe bovermelde gegewens lei stem ooreen met die volgende verklaring van L. Marquard:

> „In the Reserves the Bantu themselves distinguish between what they call 'dressed' and the 'blanket' Bantu. There is a growing struggle between the new ideas and the old conservative ideas. While we may welcome signs of change for the better, we may well sympathize with the older Bantu, who

deplore the passing of old customs and complain that their children do not behave as children should."[1]

(v) Suigelingsperiode.

Informante verklaar dat hierdie periode gewissel het van 18 maande tot $2\frac{1}{2}$ jaar. Gedurende hierdie tyd het die moeder buitengewone aandag aan haar suigeling bestee. Soos reeds vermeld was 'n suigeling vir die eerste drie maande die voorwerp van beide grootmoeder en moeder se aandag. Gedurende die dag terwyl die moeder met haar huislike roetinewerk besig was, is die suigeling in 'n abbavel op haar rug gedra terwyl dit snags onder dieselfde komberse by haar geslaap het.

Sodra die kind kon loop het die moeder 'n aparte bedjie in haar slaapvertrek vir die baba opgemaak. 'n Baba is nooit alleen gelaat wanneer dit huil nie, 'n familielid of oppasser aan wie se besondere sorg die baba toevertrou is, was altyd gereed om dit op te tel, te sus en te vertroos, en na die moeder te bring om te soog.

'n Baba is nie op gesette tye gevoed nie maar telkens wanneer dit huil of wanneer die moeder besef dat haar borste vol is. Nadat 'n suigeling 'n ouderdom van ses maande bereik het, is daar benewens die borsvoeding ook pap aan die baba gevoer. Pap in 'n vloeistofvorm is in die holte van die linkerhand gegiet terwyl dit met die middelvinger van die regterhand in die mondjie van die suigeling gedruk word.

---

1) Marquard, L.: The Native in South Africa, Witwatersrand University Press, Johannesburg, 1948, p.16,17.
Vergelyk ook:
Malinowski, B.: The Dynamics of Culture Change, New Haven and London Yale University Press, 1965, p.34-40.
Cronje, G.: op. cit., p.55.
Williams, Thomas R.: Field Methods in the Study of Culture, Holt, Rinehart and Winston, Inc. U.S.A., 1967, p.45-48.
Mayer, P.: Xhosa in Town - Townsmen or Tribesmen, Oxford University Press, Cape Town, 1962, p.284-292.

Jonger informante uit die ouderdomsgroep 20-35 jaar verklaar dat die moderne moeder babas nie langer as 18 maande laat soog nie terwyl sommige ter wille van die behoud van mooi buuste en liggaamsbou, selfs uit die staanspoor babas kunsmatig voed met die verskeidenheid babakosse wat vandag te koop aangebied word.

Daar word voorts verklaar dat die moderne moeder nie meer soos die vorige geslagte glo dat 'n vrou nie swanger raak terwyl sy laat soog nie. Om laasgenoemde rede word die kind dan op 'n vroeër stadium gespeen terwyl daar van moderne voorbehoedmiddels gebruik gemaak word ten einde 'n volgende swangerskap te voorkom.

Sodra 'n moeder ophou om te menstrueer is borsvoeding onmiddellik gestaak. Soos in die verlede glo moeders vandag nog dat die melk van 'n swanger vrou 'n kind geleidelik laat uitteer en mettertyd selfs tot die dood aanleiding kan gee. Sodra 'n baba begin tande kry en geneig raak om die bors van sy moeder te byt terwyl daar gesoog word, is 'n suigeling sonder versuim gespeen. Wanneer die moeder dit nodig ag om haar suigeling om een of ander rede te speen, is van verskillende metodes gebruik gemaak om die kind van die bors af te skrik. Sodra die suigeling na die bors vra, sou iemand begin spot en sê: „Sies, jy suig aan 'n wurm". Die moeder sou hierop haar bors uithaal en 'n paar druppeltjies melk op die grond uitdruk terwyl sy die woorde herhaal en eenkant toe spuug.

Moderne moeders verklaar dat daar tans met die moderne babakosse en voedingsbottels geen probleme met die speen van 'n kind ondervind word nie.

Ouer moeders onder die baKolobeng verklaar voorts dat, soos ook kenmerkend onder die meeste Bantoe, 'n moeder

nooit skaam is om haar borste in belang van die voeding van haar suigeling te ontbloot nie. Jonger informante, onder wie veral verpleegsters en onderwyseresse verklaar egter dat gemelde gebruik onkuis en onopgevoed is en dat die „geleerde" nuwe geslag skaamte het en anders hieroor voel as hulle ouers.

Uit die ondersoek het dit duidelik geblyk dat alle suigelinge onder hierdie stam, voorwerpe van besondere sorg en aandag van elke huisgesin was. Alle besoekers maar veral vriendinne het tydens elke besoek tot vervelens toe 'n buitengewone ophef van 'n baba gemaak, dit gretig opgetel, vertroetel en versorg terwyl die moeder met die skoonheid van haar baba gekomplimenteer word. Dit is duidelik dat volwassenes vandag minder tyd vir kinders het en geen buitengewone ophef van 'n baba maak nie.

Sodra 'n suigeling begin kruip, is dit deur almal aangemoedig en ondersteun om so spoedig moontlik selfstandig te staan en die eerste treetjies te gee. Daar is ook besondere aandag aan die kind gewy sodra die eerste woordjies gesê word. Ouer vroue getuig dat dit die verantwoordelikheid van volwassenes was om kinders te leer praat. So is sekere woorde verkort en vereenvoudig ten einde dit vir die kind moontlik te maak om dit uit te spreek; 'ntate (vader) het byvoorbeeld tate geword; robala (slaap) lobala; morogo (wilde spinasie) logo en monate (lekker) nnate. Op hierdie wyse het kinders sekere woordjies spoedig nagesê tot die bevrediging van hulle ouers.

Moderne moeders getuig egter dat daar tans geen doelbewuste pogings aangewend word om kinders te leer praat nie omdat mense vandag weet dat dit die Here is wat aan 'n mens die gawe geskenk het om self te leer praat.

Soos in die verlede word kinders vandag nog van kleins af geleer om skoon te wees. Wanneer hulle enigsins

begrip aan die dag lê word hulle afgehou terwyl die ss-ss-ss-geluid as aanmoediging dien om te urineer. Sodoende word kinders op 'n vroeë stadium geleer om nie meer doeke nat te maak nie. Indien 'n kind in of rondom die huis betrap word terwyl daar ontlas word, word daar sonder versuim streng opgetree.

In die lig van bovermelde dien dit opgemerk te word dat kinders in hierdie belangrike stadium van die lewe byna voltydse aandag van hulle ouers maar ook van alle volwassenes uit die stam geniet het.

Vandag het daar 'n merkbare verandering ingetree vanweë 'n veranderde opvatting ten opsigte van die waarde van 'n kind vir die gesin, familie en stam. Talle kinders is vandag aan 'n ouvrou toevertrou terwyl die vader en moeder elders werksaam is ten einde voorsiening te maak in die moderne lewensbehoeftes. Dit is ook duidelik dat ouers graag hulle verantwoordelikheid ontduik en hulleself tevrede stel met die gedagte aan die latere bydrae wat deur die kerk en die skool gelewer sal word in belang van die vorming en opvoeding van hulle kinders.

(vi) Naamgewing van kinders.

Daar is 'n treffende verskil ten opsigte van naamgewing tussen die baKolobeng en ander Tswanastamme.

Die eerste drie kinders uit 'n huwelik word vernoem na die familie aan vaderskant. Die eerste kind, indien 'n seun, ontvang sy vader, grootvader of groot-grootvader se naam terwyl 'n dogter haar moeder, grootmoeder of groot-grootmoeder se naam ontvang. Na die derde kind kan die moeder ook aanspraak maak om haar mense vernoem te kry wat dan op dieselfde wyse as bovermelde geskied.

Dit gebeur soms dat kinders name ontvang na aanleiding van sekere toestande of gebeurtenisse wat met die besondere geboorte saamval. Matsië (sprinkaan), een van die informante, het haar naam ontvang na aanleiding van 'n groot sprinkaanplaag in die omgewing van Rooijantjesfontein gedurende 1880. 'n Ander informant, Motlalepule (hy wat tydens die reën gekom het) is gebore tydens die eerste reën wat na 'n tydperk van droogte geval het. 'n Volgende informant met die naam van Nakedi (muishond), verklaar dat drie van sy ouer broers voor sy geboorte oorlede is. Toe hy gebore is het sy ouers aan hom die naam van 'n taai wildedier gegee ten einde te verseker dat hy nie ook soos die ander seuns op 'n vroeë leeftyd te sterwe sou kom nie. Hy verklaar dat hy tans sestig jaar oud is en nog goeie gesondheid geniet.

Terwyl die verwagtende moeder na die huis van bevalling vertrek het haar man en sy ouers begin besin oor 'n naam vir 'n seun of dogter. Soos reeds aangetoon ontvang die kind hierdie naam offisieel die dag waarop die moeder en kind die huis van bevalling verlaat.

Sedert hierdie stam met Blankes in aanraking gekom het, het dit gebruiklik geword om benewens 'n Bantoenaam ook 'n Europese naam sowel as 'n van te dra. Dikgale Paulus, 'n ander informant, verklaar dat sy ouers by geleentheid president Paul Kruger ontmoet het. Hierdie ouers is so deur die President beïndruk dat hulle volgende seun na die President vernoem is. Op hierdie wyse word kinders vandag nog vernoem na een of ander Blanke werkgewer, 'n vriend of belangrike persoon.

Ten opsigte van naamgewing het daar tot vandag geen wysiging plaasgevind nie en is daar geen afwyking van die tradisionele te bespeur nie. Kinders ontvang egter onder die huidige omstandighede 'n naam onmiddellik na die geboorte

en wel ná die voorlopige registrasie wat by die kapteinshuis plaasvind.

Die meeste informante verkeer verkeerdelik onder die indruk dat 'n kind eers offisieel 'n naam het nadat die sakrament van die doop in die kerk bedien is.

(ix) Kinderlewe en ontspanning.

(a) Tradisionele verantwoordelikhede.

Die kinders van die baKolobeng was van kleins af verantwoordelik om sekere verpligtinge in die huishouding na te kom en moes langs hierdie weg vertroud raak met die verantwoordelikhede waaraan hulle later as volwassenes moes voldoen.

Dogtertjies het van kleins af hulle moeder vergesel as sy gaan water haal en moes self met veel inspanning leer om die kleiner waterkalbas op die kop te balanseer. Aan die moeder se sy moes sy ook vertroud raak met die voorbereiding van voedsel, die versameling van vuurmaakgoed, die kuns om klere te maak, die waswerk, asook 'n groot verskeidenheid van handwerk soos die vleg van matte en die vervaardiging van kleipotte en ander gebruiksartikels.

Die seuntjies moes dikwels die vader na die kraal vergesel om die kalwers af te keer terwyl daar gemelk word. Terwyl die vader bedags elders werksaam was, is die versorging van skape, bokke en kalwers aan hulle toevertrou. Waar daar geslag word, velle gebrei word, gebruiksvoorwerpe van klip of hout gemaak word, hutte gebou of herstel word, het die seuns gewoonlik as handlangers opgetree.

(b) Tradisionele kinderspel.

Benewens bovermelde verantwoordelikhede waarvan daar op 'n later stadium breedvoeriger melding gemaak sal word, was daar vir die kinders ook voldoende geleentheid om te

speel en te ontspan. In die stat was daar gewoonlik talle maats met wie hulle vryelik kon verkeer en vir ure ongestoord kon speel.

Speletjies wat min of meer ooreenstem met die hedendaagse wegkruipertjie, vrot, „hop scotch" en bok-bok is heeltemal bekend aan die ouer geslag. Dogtertjies het graag speelhuisies gebou waar daar kos in die verbeelding voorberei is in miniatuur kleipotjies. Poppies is ook van klei gemaak en dan deur die klein moedertjies vertroetel soos in die hedendaagse pop-speel.

Die seuns het baie ure in die kleigat deurgebring waar die spanne kleiosse voor die slee ingespan is en alle ander bekende diere op kunstige wyse van klei gemaak is.

Informante verklaar dat een van die bekendste speletjies, „Koi", deur seuns en dogters gespeel is. 'n Lang tou van tulpe gevleg, word deur twee in sirkelbewegings deur die lug geswaai. Die een na die ander stap in om te spring. Die een wat die tou stuit verbeur die kans om te spring en moet die swaaier vervang terwyl laasgenoemde weer 'n kans kry om te spring.

'n Ander speletjie is „Pina" genoem. Seuns en dogters stap op die maat van handegeklap in sirkelbewegings terwyl 'n groot verskeidenheid deuntjies geneurie word. Hierdie speletjie is veral saans om die groot vure gespeel terwyl die grootmense met een of ander feestelikheid besig was. Voorts was kinders lief om „khupele" te speel. 'n Aantal klein ronde gaatjies word in die grond gemaak terwyl elkeen 'n beurt kry om 'n klompie ronde klippies in die hand te neem, dit oor die gaatjies te beweeg en daarin te laat val. Elkeen kry 'n beurt om te raai hoeveel klippies in die verskeidenheid gaatjies geval het. Die een wat reg raai, kom vervolgens aan die beurt.

'n Volgende speletjie is „Diketo" genoem. Twaalf ronde klippies word in 'n ronde gaatjie in die grond geplaas. 'n Ander klippie word in die regterhand gehou, in die lug gegooi en terwyl dit nog in die lug is word met dieselfde hand een klippie uit die gaatjie gehaal en daarna word die klippie uit die lug behendig deur dieselfde hand gevang. Dié een wat die meeste klippies uit die gaatjie kan haal sonder om te fouteer is as die wenner aangewys.

'n Bekende speletjie onder seuns is „Mojela" genoem. Twee leiers het elkeen om die beurt sy ondersteuners gekies waarna 'n kleilat-geveg ontstaan het. Seuns was ook lief om kragte te meet met vuisslaan en stoei. In die veld, terwyl die vee opgepas word, het die seuntjies hulle veral besig gehou met die vang van voëltjies waarvoor daar 'n baie effektiewe strik gebou is van tulpe en stokkies.

In die lig van bovermelde is dit duidelik dat kinders in die ou dae nooit deur die tyd verveel is nie. 'n Ouer informant verklaar dat kinders nie tyd gehad het om kwaad te doen nie. Seuns het gewoonlik apart van die dogters gespeel behalwe by sekere geleenthede waar die ouer mense ook in die omgewing saam verkeer het.

(c) Tradisionele kleredrag.

Ten opsigte van die tradisionele kleredrag van die baKolobeng kon vasgestel word dat kinders nooit kaal rondgespeel het nie. Dogtertjies het tot en met die ouderdom van ongeveer ses jaar, 'n „makgabe" gedra. Dit het bestaan uit 'n lyfbandjie om die middellyf waaraan stringetjies krale, ongeveer ses duim lank, geheg is wat dan die heupies en skaamdele doeltreffend bedek het.

Seuntjies het 'n „seope" of „tshega" gedra. Dit het ook bestaan uit 'n lyfbandjie waaraan twee velletjies,

ongeveer 4 duim breed en 6 duim lank, een aan die voorkant en een aan die agterkant geheg is. Dit het ook die skaamdele doeltreffend bedek.

Na sesjarige ouderdom is die meisies se makgabe vervang met die „mokutwane" wat ooreenkom met die hedendaagse romp. Dit was van skaapvel gemaak, die wol na die binnekant gekeer en die lengte daarvan doeltreffend om te verhoed dat die skaamdele gesien word as sy gebukkend staan. Die seuns se seope of tshega is vervang met die „motseto" of bekende stertriem net sodra hulle 'n bietjie ouer geword het.

(d) Die huidige situasie.

Dit blyk uit hierdie ondersoek dat die moderne ouers beslis nie onkundig is met betrekking tot die tradisionele ouer-kind verhouding nie.

Boerderymetodes het verander en met die moderne plaasgereedskap staan 'n kind in sy vader se pad. Weivelde is behoorlik afgekamp en omhein en die veewagter by die veepos het oorbodig geword. In die huis het alles verander. Artikels wat vroeër met die hand vervaardig moes word en baie tyd in beslag geneem het, is met die hedendaags fabrieksvervaardigde vervang. Die waterkraan is 'n paar treë van die huis af, vuurmaakgoed lê in groot hope by die dorsvloer terwyl alle kledingstukke kompleet oor die toonbank aangebied word.

Benewens die seuns en dogters se veranderde en verminderde verantwoordelikhede in die huis en op die werf, het die moderne skool ook 'n groot bydrae gelewer in hierdie geweldige omwenteling ten opsigte van die kinderlewe en ontspanning.

Dit is opmerklik dat beide vader en moeder vir hulle seun en dogter 'n ander loopbaan voor oë het as dié waarin

hulle self staan. As gevolg hiervan word kinders liefs aangemoedig om hulle vir 'n skoolloopbaan voor te berei ten einde eendag „geleerde" mense te wees wat op 'n ander en beter wyse 'n lewensbestaan kan voer. In baie gevalle word kinders selfs ontmoedig om in die plaasbedrywighede belang te stel, juis omdat boerderyvooruitsigte reeds baie beperk is op Rooijantjesfontein.

Ten spyte van bovermelde blyk dit egter dat elke jongdogter wel deeglik vertroud is met alle binnenshuise verantwoordelikhede soos koskook, naaldwerk, die wasgoed, die versorging van kleiner kinders en die onthaal van gaste. Dit word immers steeds van elke dogter verwag om haar moeder in die huis ten opsigte van die hele huishouding by te staan.

Vir die meeste moderne kinders is die reeds genoemde speletjies onbekend en selfs te onbenullig. Kleiner kinders besit moderne Europese speelgoed en die ouer kinders hou hulle hoofsaaklik besig op die speelterreine van die twee skole waar sokker en korfbal die mees populêre ontspanning vir seuns en dogters is.

Ouer informante verklaar prontuit dat die nuwe geslag vir die verderf grootgemaak word en skryf elke vorm van jeugwangedrag toe aan die afwykings van die tradisionele.

Dit is duidelik dat wat reeds op ander terreine geskets is ten opsigte van kultuurverandering, ook hier soos 'n suurdeeg tot die kindergemoed deurgewerk het en 'n duidelike en merkbare omwenteling te weeg gebring het.

Die moderne ouer is egter nie begaan oor die huidige situasie nie en verheug hulle daarin dat hulle dit vir hulle kinders moontlik kan maak om kennis te verkry ten einde uiteindelik met alle ander moderne mense op gelyke voet te konkureer.

# HOOFSTUK V

## OORGANG TOT VOLWASSENHEID.

### (i) Inlywing in die stamlewe.

Soos reeds in die vorige hoofstuk aangetoon, was dit die plig van die ouers om hulle kinders op te voed en te lei tot volwaardige lede van die stam, ten einde húlle ook in staat te stel om uiteindelik ook deelname aan alle stamaangeleenthede en aktiwiteite te kon verkry.

Behalwe die opvoeding en leiding wat 'n kind in die vroeë stadium van sy lewe van sy ouers ontvang het, was hy gedurende al sy stadia van ontwikkeling voortdurend in kontak met familie- en ander stamlede teenoor wie hy volgens 'n bepaalde wyse moes optree en handel. Deur voorbeeld en voorligting van die kant van sy ouers en hierdie persone, is verpligtinge en gedragskodes aan hom oorgedra en is hy geleidelik ingeskakel by alle gesins-, familie- en stamsake. Daar is besondere aandag geskenk aan sy inlywing by alle bedryfsvorme van die stam, sodat hy later in staat sou wees om 'n eie en selfstandige bestaan te voer in ooreenstemming met sy stamtradisies.[1)]

By die baKolobeng, soos by alle ander Tswanasprekende stamme, is die kinders gedurende die eerste lewensjare aan

---

1) Vir inlywing in die stamlewe, inisiasieseremonies en regimente, vergelyk ook:
Schapera, I.: Ethnographic Survey of Africa, The Tswana, p.37,38.
Id.: Handbook of Tswana Law and Custom, p.104-117.
Id.: Married Life in an African Tribe, p.251-256.
Id.: The Bantu Speaking Tribes of South Africa, p.95-111.
Coertze, P.J.: Inleiding tot die Algemene Volkekunde, Voortrekkerpers Beperk, Johannesburg, 1961, p.136-138.
Krige, E.J.: op. cit., p.81-119.
Dittmer, Kunz: Algemene Volkekunde. Friedr. Vieweg en Sohn, Aula-Boeken - Utrecht-Amsterdam, 1962, p.66.
Schuler, G.M.K.: Die Barolong van Thaba 'Nchu, doktorale proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, p.226.

die sorg van die moeder toevertrou van wie hulle hoofsaaklik afhanklik was vir onderrig en versorging. Daar het gewoonlik 'n besondere verhouding tussen die moeder en haar dogters bestaan. Van haar het hulle alles geleer ten opsigte van die huishouding, geslagsvoorligting, verhouding tot die teenoorgestelde geslag en gedragskodes en taboes ten opsigte van die maandstondes. Selfs nadat haar dogters getroud is en die huis verlaat het, sou sy nog steeds bereid wees om haar kind met raad en daad by te staan.

Teenoor die seuns het die moeder ook nie haar plig versuim nie. Alhoewel die vader ook moes sorg dra vir die materiële en geestelike toerusting van sy kinders ten einde hulle tot volwaardige stamlede te laat ontwikkel, kan dit nie ontken word nie dat die moeder ongetwyfeld die grootste bydrae gelewer het tot die opvoeding, onderrig en karaktervorming van haar seuns.

Dit was hoofsaaklik die vader se verantwoordelikheid om vroegtydig vir sy seuns die regte lewensmaat te kies maar om ook betyds voorsiening te maak vir bogadi wat vir elkeen gelewer moes word. Hy het inderdaad die hoof van die huisgesin gebly en moes gevolglik te alle tye waak oor die materiële belange van elkeen van sy huisgenote. Namens sy gesin moes hy voortdurend sorg dra dat die voorvadergeeste tevrede gestel word en dat daar stiptelik op seremoniële wyse, in ooreenstemming met die stamgebruike gehandel word. Veral tydens inisiasieseremonies, huwelike, geboorte, siekte, dood, rampe, gevare, feestye en oestye moes die vader 'n besondere bydrae lewer in belang van die welsyn van sy afhanklikes.

Uit bovermelde kan die gevolgtrekking gemaak word dat die kinders van die baKolobeng nog voordat hulle die puberteitstadium bereik het 'n baie deeglike skoling onder-

gaan het, 'n voorbereiding vir die latere lewe, miskien nog beter as die hedendaagse, waar hoofsaaklik op die skoolonderrig vertrou word en ouers in baie gevalle hulleself tevrede stel met die gedagte dat die tradisionele in elk geval vir die huidige geslag, nutteloos en waardeloos is.

(ii) <u>Puberteitstadium, inisiasieseremonies en regimente</u>.

Daar bestaan 'n verskil tussen die algemene informele opvoeding en die gespesialiseerde onderrig, waar onderrig en skoling van jeugdiges deur spesiaal daarvoor afgesonderde en aangewese persone, plaasvind.

Die meer formele onderrig is meesal gekoppel aan die puberteitsleeftyd en oorgangsfase na die volwasse lewe. Die opvoeding wat gedurende hierdie jare plaasvind, is intensiewer en meer doelgerig. Die doel van die inisiasieskool was hoofsaaklik gerig op die oorgang na die status van volwassenheid, voorts om op seremoniële wyse 'n oorgang te bewerkstellig van die jeuglewe tot die status, regte en pligte van 'n volwassene. Op konkrete en simboliese wyse moes bewys gelewer word van die aflegging van die onrypheid van die kinderlewe en die aanvaarding van die kodes en praktyke van volwassenes.

Oor die vraag, wanneer 'n seun of dogter onder die baKolobeng gekwalifiseer het vir die stamskool, bestaan daar nie absolute eenstemmigheid nie. Dit is duidelik dat dit van kind tot kind verskil het en dat kinders tussen die ouderdomme 15-20 jaar stamskole kon bygewoon het. Informante verklaar dat die vader van 'n seun egter noukeurig sou ag gee op die doen en late van sy groot seun, ten einde vas te stel of die tyd nie ryp geword het om hom na die stamskool te stuur nie. Ouer informante getuig dat indien daar 'n blink vetterige skynsel op die grond lê waar die seun geürineer het,

dit 'n besliste teken was dat die seun groot geword het. Voorts sal enige sweterigheid aan die kind se boude en bobene ook 'n aanduiding wees dat die „tyd" vir die seun aangebreek het. Die vader gee dit aan sy seun te kenne ten einde hom slegs vroegtydig voor te berei. Dit het ook gebeur dat die ngaka ingeroep is om vas te stel of 'n kind die vereiste rypheid bereik het. In die geval van 'n dogter het daar gewoonlik nooit twyfel bestaan nie. Sodra sy begin menstrueer en haar borste begin hard word, het die tyd vir haar aangebreek en het die ouers dit aan haar te kenne gegee.

Die stamskool vir seuns het bogwêra geheet, terwyl dié van meisies bojale genoem is. Die ouderdomme van die seuns wat gelyktydig die bogwêra bygewoon het, het gewoonlik gewissel van 15 tot 20 jaar. Die kaptein het sorg gedra dat so 'n skool periodiek elke 4 tot 7 jaar gehou is, terwyl so 'n groep onder alle omstandighede 'n lid van die kaptein se familie ingesluit het, wie dan ook vanselfsprekend as leier van die groep sou optree. Die hoof van so 'n skool was verantwoordelik vir elke vorm van onderrig terwyl alles onder sy toesig plaasgevind het. Laasgenoemde persoon het bekend gestaan as die „Mokgokgo", 'n benaming wat vandag nog gebruik word vir die hoof van 'n moderne departementele skool.

Die bogwêra is in afsondering in die veld gehou, terwyl vir die bojale 'n hut binne die stat betrek is waar een van die groot- of ouvroue leiding geneem het.

Daar dien op gelet te word dat die bogwêra en bojale slegs aan die ouer mense uit hierdie stam bekend is. Die nuwe en jong geslag dra hoegenaamd geen kennis hiervan nie en weet selfs nie eens wat die wesenlike betekenis daarvan vir die stam was nie.

In alle gevalle was dit gebruiklik dat die perseel waar die gebruiklike grashutte opgerig is deur 'n ngaka (dokter) „gedokter" word.

Die besnydenis van seuns en dogters[1)] is waargeneem deur die „mokgokgo" in die geval van seuns 'n wyse ou man wat spesiaal deur die kaptein en ouer stamlede benoem is en in die geval van dogters, 'n ou vrou. Laasgenoemde persone was benewens die besnydenis ook verantwoordelik vir die intensiewe onderrig wat aan beide skole geskied het.

Die besnydenis het voor sonop plaasgevind. 'n Skerp lem genoem „legare" wat met vet gesmeer en in 'n leerhouer bewaar is is vir die operasie gebruik. Die wonde is behandel met die sap van 'n sekere plant wat teen die spruitwalle groei en as ontsmettingsmiddel gedien het. Die bas van dieselfde plant is gebruik om die wonde te bedek.

Na die besnydenis is seuns en dogters gebied om vir drie weke stil te lê ten einde te verseker dat die wonde genees.

Spesiaal daartoe afgesonderde persone is benoem om gedurende hierdie periode vir die voorbereiding van die kos te sorg. Aangesien niemand van buite naby die bogwêra of die bojale toegelaat is nie, is kos op voorafbepaalde plekke versteek.

---

1) Volgens die getuienis van informante is tot die gevolgtrekking gekom dat die besnydenis van meisies in ooreenstemming met die gebruik onder die Tswana geskied het, naamlik, 'n brandmerk so na as moontlik aan die skaamspleet. Dit het egter ook geblyk dat in sekere gevalle die voorste punt van die lip in die skaamspleet verwyder is.
Vir die gebruik onder die Tswana vergelyk:
Schapera, I.: Ethnographic Survey of Africa, The Tswana, p.38.
Id.: The Bantu Speaking Tribes of South Africa, p.104-105.
Id.: A Handboek of Tswana Law and Custom, p.116.

Nadat die wonde genees het is daar begin met die intensiewe onderrig en gehardheidstoetse ten einde seuns en dogters voor te berei vir die lewe wat wag. Na drie maande is die grashutte en alle oorblyfsels wat aan die skool kon herinner verbrand.

Dit is duidelik dat die belangrikheid van die stamskool nie soseer in die inhoud van die onderrig wat by die geleentheid gegee is, gelê het nie, maar eerder in die indrukwekkende omstandighede waaronder dit gegee is.

Bo en behalwe die kennis van die seremoniële en die rituele, was die strenge dissiplinering vir elkeen egter ook van groot opvoedkundige waarde, veral as gedink word aan die afsondering, onthouding, gehardheidstoetse en die daarmee gepaardgaande ontbering, formules en liedere, seksonderrig, seremoniële en gemaskerde danse, geheimhouding, ongemak en besnydenis, honger en harde werk, wat alles 'n wesenlike deel van die stamskoolonderrig uitgemaak het.

Elke seun en dogter wat die stamskool deurloop het, is beskou as 'n volkome toegeruste en volwaardige burger of burgeres, gereed om nou te kan voldoen aan alle vereistes wat die samelewing stel ter bevordering van die heil en gesonde voortbestaan van die stam, en is ook as sodanig aanvaar.

Na afloop van die bojale en bogwêra het die betrokke dogters en seuns twee verskillende ouderdomsregimente uitgemaak waarvan die seun of dogter uit die kapteinsfamilie vanselfsprekend die leier sou wees en bly. Die vorming van regimente is dus deur stamskole voorafgegaan en het vanselfsprekend bestaan uit stamlede van dieselfde geslag en min of meer dieselfde ouderdom en is „mophato" (meervoud = mephato) genoem.

Elke regiment het die naam gedra wat die kaptein daaraan gegee het tydens die inisiasieskool. Hierdie naam is vir altyd deur die regiment gedra. Dit was selfs gebruiklik om 'n indiwiduele lid van 'n betrokke regiment te vereer deur hom op sy regimentsnaam aan te spreek. Net soos in die geval van die naamgewing van kinders, is 'n regimentsnaam ook gewoonlik afgelei van een of ander gebeurtenis tydens die betrokke stamskool. So byvoorbeeld die naam „Majakgomo" wat beteken hulle wat die bees eet.

Die lede van dieselfde regiment was gewoonlik met 'n hegte band saamgesnoer, in tye van oorlog het hulle saam geveg en indien daar 'n oproep van die kaptein gekom het, is opdragte gemeenskaplik uitgevoer.

Terwyl die jong geslag onder die baKolobeng nog oor weinig kennis beskik ten opsigte van stamskole en die bestaan van regimente, getuig die oudste informante dat hulle nog terdeë bewus is van die eertydse bestaan van die volgende regimente en leiers, soos verstrek deur P.L. Breutz:[1])

| Regiment | Leier | Plek en datum | |
|---|---|---|---|
| Majakgomo | Kgosi | Tsêlêmê | 1840/1850 |
| Magoiwa | Tshii | Tsêlêmê | 1840/1850 |
| Magwasa | Thabê | Tsêlêmê | 1840/1850 |
| Majanko | Khabu | Tsêlêmê | 1840/1850 |
| Masenya | Mmutlane | Tsêlêmê | 1876/1878 |
| Maribêgankgô | Moithathisi | Rooijantjesfontein | ? |
| Maganêlwa | Rakaji | Rooijantjesfontein | ? |
| Mahitlhakgomo | Itumeleng | Rooijantjesfontein | 1896 |
| Mafiri | Snyman | Rooijantjesfontein | 1904 |
| Matlhalerwa | Ngakane | Rooijantjesfontein | 1906 |

1) Breutz, P.L.: op. cit., p.106,107.

Na hierdie tyd is nie meer bogwêra en bojale gehou nie en is die volgende regimente gestig as ouderdomsgroepe wat die skool verlaat het en by die kerk belydenis afgelê het:

| Regiment | Leier | Plek en datum | |
|---|---|---|---|
| Matshubantlo | Bogono | Rooijantjesfontein | 1912 |
| Maatsaakgang | Rakobedi | Rooijantjesfontein | 1916 |
| Mautswakgomo | Molete Boas | Rooijantjesfontein | 1930 |

Na hierdie tyd het die kaptein en sy opvolgers op aandrang van die kerk, die stigting van regimente gestaak.

Ten spyte van die verdwyning van die stamskole en regimente moet ten slotte erken word dat laasgenoemde 'n baie belangrike rol in die lewe van elke indiwidu gespeel het. Dit kan ook nie ontken word nie dat dit van wesenlike waarde en betekenis was vir elke seun en dogter op hierdie belangrikste stadium van die lewe.

Die onderrig in verband met geslagsake, huweliks-lewe, stamtradisies, die gehardheidstoetse, versterkende medisynes en die gewaarwordings tydens die uitvoering van talryke magiese ritusse, het op elkeen 'n onverklaarbare psigologiese uitwerking gehad en was die kroon op die onderrig en vorming wat elke jong mens tot op hierdie stadium van die lewe geniet het.

Uit die ondersoek het dit duidelik geword dat ten spyte van die afkeuring wat die kerk aan hierdie tradisionele instellings geheg het, as gevolg waarvan dit ook uiteindelik verdwyn het, daar met die moderne onderwysinstellings tesame met die onderrig van kerklike weë, nooit dieselfde resultate bereik sal kan word nie.

Die verdwyning van die stamskole kan beskou word as een van die faktore wat tot die huidige tradisieloosheid van

die baKolobeng aanleiding gegee het. Die onverskilligheid van die moderne ouer ten opsigte van die opvoeding en toerusting van sy kind, die verwagting dat die kerk en skool veronderstel is om hierdie funksie namens hom te vervul, het in 'n bose kettingreaksie ontwikkel wat tans mense baar wat losgeruk is van alles wat eie is aan die baKolobeng.

(iii) Huidige opvoeding en onderwys.

Die begrip, onderwys, by die Bantoe, sowel as die voorbereiding wat 'n ouer vir sy kind met die oog op die latere lewe nodig geag het, het hemelsbreed van dié van die Blanke verskil.

Die tradisionele wyse waarvolgens die baKolobeng hulle kinders vir die lewe opgevoed en voorberei het, is 'n openbaring van die groot kennis wat hulle van die menslike natuur en van wat waarlik belangrik was, gehad het. Elke kind is inderdaad uit die lewe vir die lewe voorberei.

Ten spyte daarvan dat hulle nie die skryfkuns geken het nie en daar geen georganiseerde skoolonderrig, in ons sin van die woord, bestaan het nie, moes kinders geskoold raak in die stamgeskiedenis, die regstelsel, dierkunde, plantkunde, huishoudkunde, moederkunde, godsdiens, magié, oorlogsvoering en nog veel meer.

Terwyl elke dogter toegerus moes word om werkster, vrou en moeder te wees, was dit die ideaal dat elke seun weer soldaat, man en vader moes wees. Die lewe self was die groot skool waarin kinders moes leer, en in hierdie skool het benewens die ouers, ook alle volwassenes dit hulle plig geag om 'n bydrae tot die opvoeding en vorming van alle kinders te lewer.

Die onderrig het sy hoogtepunt en finale afronding in die inisiasieskool bereik waar jongmense deur pyn en ont-

bering gehard is vir die volwasse lewe wanneer elkeen die geleentheid gehad het om rekenskap te gee van wat in die kinderjare geleer is.

Die hoofdoel van die baKolobeng met die opvoeding van sy kinders kan in die volgende woorde saamgevat word: „regte gedrag". Die kind moes leer om hom reg te gedra teenoor die voorvadergeeste, teenoor sy seniors, sy juniors, sy familielede, maar ook teenoor die teenoorgestelde geslag. Te alle tye en onder alle omstandighede moes hy hom reg gedra, dit wil sê, sy gedrag moes in harmonie wees met die tradisionele standaarde wat gegeld het vir die stam waarvan hy self 'n deel uitgemaak het.

In die lig van bovermelde kan die logiese gevolgtrekking gemaak word dat die opvoeding ongetwyfeld nog altyd die belangrikste proses was waardeur die kultuuroordrag vanaf die ouer generasie op elke jonger generasie geskied het. 'n Verdere gevolgtrekking kan ook gemaak word dat 'n verslapping of drastiese verandering in die opvoeding, vanselfsprekend aanleiding sou gee tot 'n geleidelike verandering in kultuurpatroon.

In hierdie ondersoek ten opsigte van die kultuur van die baKolobeng is deurgaans getrag om die hede teen die agtergrond van die verlede te skets. Dit het deurgaans duidelik geword dat alle gegewens op 'n magtige proses van kultuurverandering dui. Wanneer daar nou 'n beskrywing gegee word van die moderne onderwys en opvoeding en dit in oënskou geneem word teen die agtergrond van die tradisionele, blyk dit duidelik dat dit die wesenlike oorsaak van die kultuurveranderings-proses by hierdie stam is.

Die gevolgtrekking waartoe I. Schapera gekom het ten opsigte van dieselfde aangeleentheid onder die BaKxatla,

kan ook heelhartig onderskryf word ten opsigte van die baKolobeng:[1])

> „Through the action of the Administration and the European economic system, through the <u>teachings of missionaries and educators</u>, and through contact with Europeans in many other ways, the customs of the natives are daily being altered. Some elements of culture succumb more readily than others, but none remains entirely unaffected. What pattern native life in the reserves will ultimately take seems impossible to predict. In economic life, religion, and education they are apparently tending to assimilate towards Western civilization; in social and political organization they may in some areas develop along somewhat different lines. But there can be no doubt that even in the most backward reserves Bantu life is changing and developing, and that direct administrative control can do little now to set back this tendency."

Aangesien die baKolobeng alreeds vroeër as 1870 die aandag van 'n Blanke sendeling geniet het is dit te begrype dat daar uit die staanspoor getrag is om deur middel van 'n vorm van skoolonderrig, die skryf- en leeskennis vir die stam aan te leer ten einde hulle vir die evangelie ontvanklik te maak.

---

1) Schapera, I.: Western Civilization and the Natives of South Africa, George Routledge and Sons, Ltd., London, 1934, p.61-62.

Aanvanklik was die sendeling die enigste leermeester maar mettertyd is hy bygestaan deur ouderlinge wat deur homself onderrig is om hom in die skoolonderrig by te staan.

Informante getuig dat hierdie eerste onderrig in Setswana plaasgevind het en dat die leergang hoofsaaklik bestaan het uit lees- en skryflesse. Die Bybel was vir hulle die enigste bekende boek, terwyl daar mettertyd gedeeltes daarvan in 'n vereenvoudigde Setswana vertaal is en as leesboekies in hierdie skool gebruik is. Die skool was dus meer 'n soort van kategetiese skool, en soos begryp kan word het baie stamlede in opstand daarteen gekom vanweë kritiek en vooroordeel teen talle tradisionele stamgebruike, instellings en opvattings wat in die skool as „heidens" bestempel was.

Ten spyte van ontevredenheid het hierdie skool egter nooit 'n tekort aan leerlinge gehad nie. Skryf- en leeskennis het spoedig statussimbole geword wat daartoe gelei het dat al meer leergieriges hulle by die skool vir onderrig kom aanmeld het.

Nadat die plaas Renosterdoorns 67 deur die stam bygekoop is en daar ook 'n woonbuurt ontstaan het (Jaapstad), is ook daar met skoolonderrig 'n begin gemaak. Op 'n later stadium is ook eenvoudige lesse in rekenkunde sowel as 'n elementêre onderrig in sang aan hierdie twee skole gegee.

Sedert 1916 het die skool op Rooijantjesfontein 'n semi-departementele skool geword en is daar ook rekening gehou met die destydse departementele leerplanne. Gedurende 1925 is ook op Jaapstad 'n begin gemaak met so 'n skool en is onderwysers en onderwyseresse wat hoofsaaklik deur die sendinggenootskap opgelei is, aan bovermelde skole in diens geneem en aangestel.

Onderrig is gedurende hierdie jare gegee van sub A tot standerd V aan die skool op Rooijantjesfontein en tot standerd IV te Jaapstad. Na 1935 het eersgenoemde skool onderrig tot standerd VI gegee, terwyl dit by die skool van Jaapstad onveranderd gebly het tot die huidige.

Dit het spoedig duidelik geblyk dat ten spyte van die protes van ouers vanweë die handearbeid wat hulle van hulle kinders moes ontbeer, die onvermoë om dieselfde gesag as vroeër by hulle kinders in te boesem en die opsigtelike verwerping van sekere tradisionele beginsels, daar niks meer gedoen kon word om die stroom van leergierigheid onder die jeug te stuit nie.

Onder aansporing van verskillende kapteins wat intussen self lidmate van die Christelike kerk geword het en die waarde van skoolopleiding beklemtoon en onder die ouers gepropageer het, was dit later ondenkbaar dat daar 'n kind sonder skoolopleiding kon opgroei. Dit het spoedig geblyk dat die bestaande skoolgeboue te Ramadingwana (Rooijantjesfontein) en Dithakwana (Jaapstad) nie meer in die behoeftes van die stam kon voorsien nie.

Gedurende 1963 maak die prinsipaal van Ramadingwana Bantoeskool die volgende aantekening in sy skooljoernaal:

> „Dr. Naude, Inspector of Bantu Education together with the Administrative Organiser called here yesterday. He asked me to contact the chairman of the Board in connection with the intended erection of a new school, giving certain particulars in connection with the constructions and conditions."

Dieselfde prinsipaal kon reeds op 16 Februarie 1965 die volgende verklaring in dieselfde boek maak:

„Logaga Higher Primary School was officially opened on the 13/2/1965 by Dr. Dreyer, Regional Director, Southern Transvaal.
Inspectors present Dr. Schutte and Dr. Naude, Sub Inspector Mr. D. Moloto, Supervisors Mr. Phera and Mr. Matebane."

Langs hierdie pad van groei en ontwikkeling bestaan daar tans die volgende skole vir die baKolobeng op die plaas Rooijantjesfontein:

(a) Ramadingwana Bantoeskool (Laer Primêr), waar sedert gemelde skeiding, onderrig gegee word van sub A tot standerd II. Hierdie gebou bestaan uit 5 klaskamers, 'n kantoor en 'n stoorkamer. Die huidige prinsipale is mevrou E. Nage wat bygestaan word deur vyf vroueassistente. Die huidige inskrywing vir hierdie skool is soos volg:

| | Sub A | Sub B | St.I(a) | St.I(b) | St.II(a) | St.II(b) | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Seuns | 43 | 57 | 41 | 40 | 32 | 34 | 247 |
| Dogters | 57 | 59 | 25 | 28 | 24 | 20 | 213 |
| | | | | | | | 460 |

(b) Logaga Hoër Primêre Skool, waar onderrig gegee word van standerd III tot standerd VI. Hierdie netjiese en doeltreffende gebou bestaan uit ses ruim klaskamers, 'n kantoor en stoorkamer. Die prinsipaal is mnr. F.S. Letlala wat bygestaan word deur vier manlike en een vroulike leerkrag. Die huidige inskrywing vir hierdie skool is soos volg:

| | St. III | St. IV | St. V | St. VI | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| Seuns | 59 | 46 | 31 | 19 | 155 |
| Dogters | 41 | 38 | 35 | 43 | 157 |
| | | | | | 312 |

(c) Dithakwana Bantoeskool (Gekombineerde Laer en Hoër Primêre Skool) te Jaapstad. Hierdie gebou is oud en verwaarloos en bestaan uit slegs drie klaskamers. Die hoof is mnr. J.M. Rabaji en word bygestaan deur twee vroulike leerkragte. Die huidige inskrywing vir hierdie skool is soos volg:

| | Sub A | Sub B | St. I | St. II | St. III | St. IV | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Seuns | 36 | 25 | 15 | 14 | 12 | 10 | 112 |
| Dogters | 28 | 32 | 16 | 7 | 9 | 6 | 98 |
| | | | | | | | 210 |

Vir die hele stam is die getalle dus soos volg:

| | Sub A | Sub B | St.I | St.II | St.III | St.IV | St.V | St.VI | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Seuns | 79 | 82 | 96 | 80 | 71 | 56 | 31 | 19 | 514 |
| Dogters | 85 | 91 | 69 | 51 | 50 | 44 | 35 | 43 | 468 |
| | 164 | 173 | 165 | 131 | 121 | 100 | 66 | 62 | 982 |

By al bovermelde skole is daar voorsiening gemaak ten opsigte van sokkervelde vir die seuns en korfbalbane vir die meisies.

Daar dien vermeld te word dat 'n geringe persentasie van bovermelde skoliere van die omliggende plase afkomstig is en nie noodwendig kinders van die baKolobeng is nie.

Elkeen van bovermelde skole het 'n eie skoolkomitee en sorteer onder die Maloka/Rrapoo-Skoolraad, waarvan die skoolraadskantoor in die Boikhutsolokasie, Lichtenburg is. 'n Voltydse skoolraadsekretaris bedien die verskillende skoolrade van die distrikte Lichtenburg en Delareyville. Elkeen van gemelde skole word deur twee lede op genoemde Raad verteenwoordig. Die skole ressorteer voorts onder die Lichtenburgse inspeksiekring in die suidstreek van Transvaal. Tans setel die Departement Bantoe-onderwys in Pretoria. In die lig van 'n beoogde Departement van Onderwys en Kultuur te Mafeking ná die totstandkoming van die Tswana-gebiedsowerheid,

kan belangrike veranderinge in die toekoms van die Onderwys voorspel word.

Uit die ondersoek het dit geblyk dat die kinders van die baKolobeng geen onderrig ontvang ten opsigte van hulle eie stamgeskiedenis en kultuur nie. Kinders sowel as onderwysers leef in absolute onkunde ten opsigte van die tradisies van die stam waarvan hulle 'n deel uitmaak.[1)]

Dit het voorts duidelik geword dat onderwysers dit vir die moderne kind onnodig en oorbodig ag en dit glad nie in vooruitsig stel dat daar in hierdie leemte in die toekoms voorsien behoort te word nie. Dit kom voor asof die verdwyning van die tradisionele stamkultuur, nie as 'n verlies beskou word nie maar eerder as 'n gunstige faktor met die oog op 'n nuwe toekoms.

Individuele informante het openlik verklaar dat hulle hulle een voel met alle ander Bantoestamme en nie op grond van verskille in tradisionele gebruike en kultuurpatroon, van ander Bantoestamme onderskei en geskei wil word nie. Laasgenoemde verklarings laat die vraag ontstaan of hierdie opvatting en benadering nie alreeds die resultaat is van die verlies van die kultuurbesit as gevolg van die invloed van die Westerse wêreld nie.

Dit het ook aan die lig gekom dat daar 'n ontwaking onder hierdie stam gekom het ten opsigte van geleerdheid en geletterdheid. Leerkragte bevestig dit dat, indien daar fondse beskikbaar sou wees, niemand reeds na standerd VI die skool sou verlaat nie.

Vervolgens moet daarop gelet word dat sedert die kerk van die eertydse verantwoordelikheid ten opsigte van

---

1) Vir die leerplan wat aan hierdie skole gevolg word vergelyk bylae 3.

die skoolonderrig onthef is, daar op 'n meer gespesialiseerde basis aan die jeug aandag gegee is.

Die huidige leraar, eerw. S. Lemke word tans bygestaan deur twee evangeliste waarvan die een op Jaapstad en die ander op Rooijantjesfontein woon.

Benewens gereelde besoeke wat by genoemde skole afgelê word ten einde godsdiensoefeninge waar te neem, geniet die jeug die besondere aandag van die kerk deur middel van sistematiese sondagskoolonderrig. Kinders tussen die ouderdomme 6-14 jaar word in sondagskole opgeneem. Daarna geniet alle dooplidmate bo die ouderdom van 14 jaar kategetiese onderrig waarna hulle as lidmate van die kerk bevestig word. Voorts wy die kerk voortdurende aandag aan die nie-skoolgaande jeug deur hulle te aktiveer om by die kerklike jeugvereniging (Batlhanka) aan te sluit, hulle beskikbaar te stel vir die kerkkoor en op die verskillende kerklike terreine hulleself diensbaar te maak.

Ten spyte van die rol wat die kerk en skool in die lewe van die jeug speel, kan dit nie ontken word nie dat die moderne opvoeding en onderwys nooit as enigste plaasvervanging van die tradisionele opvoedingspatroon sal kan dien nie.

Verder moet daarop gelet word dat die tradisionele en huidige doelstellings ten opsigte van die opvoeding met betrekking tot die kind, hemelsbreed van mekaar verskil. Aanvanklik het dit gegaan om „regte gedrag", om elke dogter tot 'n nuttige werkster, vrou en moeder en elke seun tot 'n waardige soldaat, man en vader te laat ontwikkel. Hiertoe het benewens vader en moeder, ook elke stamlid 'n bydrae gelewer. Die heil van die stam is verseker deur die toerusting van die jeug.

Die moderne ouers is egter van mening dat hulle deur die hedendaagse arbeid van kerk en skool, permanent onthef is van die tradisionele verantwoordelikhede ten opsigte van die opvoeding en toerusting van kinders. Dit is dan ook geen wonder dat ouer informante laasgenoemde instansies blameer vir die losbandigheid en ontaarding wat so kenmerkend van die jong geslag is nie.[1)]

---

1) Vergelyk hoofstuk VI waar meer spesifieke aandag gewy word aan die verantwoordelikhede van die vader, moeder en kinders in die gesinslewe.

# HOOFSTUK VI

## HUWELIKSLUITING.

### (i) Vorme van die huwelik.

Onder die meeste skriflose volkere word vooregtelike geslagsverhoudings van 'n bepaalde aard erken en selfs buite-egtelike verhoudings van getroude persone word by sommige stamme nie veroordeel nie.

Informante van 90 jaar en ouer ontken egter dat enige vorm van buite-egtelike geslagsverhouding onder die baKolobeng bestaan het.[1] Hulle verklaar dat indien so iets wel kon gebeur, dit met die dood strafbaar sou wees.

Die vernaamste funksie van die huwelik vir hierdie stam is dat dit die totstandkoming van 'n gesin ten gevolg het en dat die geboorte van kinders daardeur gewettig word. Om hierdie rede is dit ook duidelik dat die rykdom van 'n indiwidu, 'n gesin of stam, deur die aantal kinders bepaal word.

Van die vier huweliksvorme wat onder die groot verskeidenheid volke aangetref word, weet hierdie stam slegs van 'n huwelik tussen een man en een vrou. Slegs by die hoogste uitsondering kon 'n man met twee vroue gelyktydig

---

1) Hierdie ontkenning is oënskynlik strydig met die tradisionele aanvaarding en veronderstelling dat die bruid en bruidegom alreeds voor die huweliksdag praktiese ondervinding van seksuele gemeenskap behoort te hê, soos later beskryf onder die opskrif „Seksuele verhoudings".
In die lig van Mühlmann se bespreking van die intensionele data waar die aandag daarop gevestig word dat Volkekundiges nie sonder meer die Westerse materiaalklassifikasie kan toepas op die groep wat bestudeer word nie, is dit duidelik dat die baKolobeng 'n ander waarde heg aan die Westerse begrip „buite-egtelike verhoudings".
Dit moet dus aanvaar word dat waar 'n persoon onder sekere omstandighede geregtig was om 'n bywyf aan te hou en waar 'n jongman die vrugbaarheid van sy aanstaande bruid sou toets, nie as buite-egtelikheid deur hierdie stam bestempel is nie.

getroud wees. Dit het slegs gebeur in gevalle waar die man se eerste vrou onvrugbaar was en haar familie 'n plaasvervanger (seantlo) as tweede vrou aanbied met die uitsluitlike doel om vir die eerste vrou kinders te baar. In so 'n geval het die huwelik sonder enige seremonie plaasgevind en sou daar geen oordrag van bogadi plaasvind nie.

Van 'n huwelik tussen een vrou met meer as een man of van 'n groep mans met 'n groep vroue, dra hierdie stam geen kennis nie.

(ii) Bevoegdheidsvereistes.

Onder die Batswana, soos onder alle volke is daar sekere bepalings wat die sluiting van 'n huwelik reël.

Die belangrikste is die vereiste wat gestel word in verband met die persone wat in die huwelik wil tree. Hierdie vereistes is gewoonlik van tweeërlei aard. Die eerste het betrekking op die persone self, naamlik, bepaalde bevoegdheidsvereistes waaraan die partye in 'n huwelik moet voldoen en die tweede staan in verband met die reëls waaraan daardie persone ten opsigte van die keuse van 'n huweliksmaat onderworpe is.

Alvorens 'n huwelik met al die verantwoordelikhede, verpligtinge en voorregte wat daarmee gepaard gaan soos vereis deur die baKolobeng, as wettig beskou is, moes die belanghebbende partye aan 'n reeks voorwaardes en voorvereistes voldoen, die belangrikste waarvan 'n ouderdomsvereiste was.

Die ouderdomsvereiste by hierdie stam was volwassenheid en alvorens hierdie staat bereik kon word moes albei partye die gebruiklike bogwera of bojale bygewoon het waarna die inskakeling by regimente plaasgevind het. Laasgenoemde seremonies het op sigself weer sekere vereistes vir toelating veronderstel, met die gevolg dat 'n seun of dogter nie

huweliksryp kon wees alvorens 'n ouderdom van ongeveer 18 tot 20 jaar bereik is nie.

Vir die seuns was daar verdere beperkende voorwaardes soos byvoorbeeld die materiële vermoë van sy vader ten opsigte van bogadi wat aan die vrou se ouers oorgedra moes word ten einde 'n huwelik moontlik te maak. Vervolgens sou die onderskeie partye wat vir die huweliksreëlings verantwoordelik was, ook aandag gee aan karaktertrekke, persoonlikheidseienskappe, werkvermoë en arbeidsprestasies van die betrokke partye, ten einde te verseker dat hulle aan die eise van 'n gesonde huwelikslewe sal beantwoord. Getuienis word ook gelewer dat in die verre verlede 'n jongman nie aan 'n huwelik kon dink alvorens sy regimentshoof eers in die huwelik getree het nie.

Bovermelde bevoegdheidsvereistes het vandag egter iets van die verlede geword. Tog is dit duidelik dat baie min mense uit hierdie stam hulle in die huwelik begewe voor 'n ouderdom van twintig jaar bereik is. Uit inligting van ouer sowel as jonger informante is dit duidelik dat laasgenoemde feit toe te skryf is aan bevoegdheidsvereistes wat vandag nog vir die stam geld.

Dit word steeds verwag dat die aanstaande bruid oor die potensiaal behoort te beskik om die huishouding selfstandig waar te neem en so die naam van huisvrou waardig te wees. Van die man word verwag om terdeë bewys te lewer van 'n inkomste wat hom minstens in staat kan stel om sy huis in stand te hou. Dit word voorts deur die meeste ouers verwag dat kinders in besit van identifikasiekaarte behoort te wees en belydende lidmate van die kerk.

Dit blyk ook duidelik dat baie huwelike vertraag word omdat ouers nie in die vermoë is om aan die bogadivereiste te voldoen op die stadium waarop dit nodig is nie.

(iii) Die keuse van 'n huweliksmaat.

Soos onder ander Tswanasprekende stamme, bestaan die volgende gesegde ook onder hierdie stam: „Ntsala wa motho ke mogatse" ('n man se niggie is sy vrou).

Dit was gebruiklik dat 'n seun by voorkeur met sy „rakgadi" (vader se suster) se dogter, sy „malome" (sy moeder se broer) se dogter, of met sy „mangwane" (moeder se suster) se dogter sou trou.[1)]

Die ouers het vroegtydig met 'n oplettende oog vir hulle seun in bovermelde huise 'n vrou gesoek. Op 'n vroeë stadium sou hulle dit op 'n taktvolle wyse aan hom suggereer: „Jy moet eendag in daardie huis gaan trou". Op hierdie wyse het die seun hom geleidelik met die gedagte vereenselwig en het dit selde, indien ooit, gebeur dat so 'n voorgestelde huweliksmaat vir hom onaanvaarbaar sou wees.

Indien daar in genoemde huise nie 'n geskikte vrou te vinde was nie en ouers genoodsaak was om elders na 'n geskikte vrou vir hulle seun te soek, het die soektog onder alle omstandighede, nie verder gegaan as binne die stamgrense van die baKolobeng nie. Daar is altyd gewaak teen 'n huwelik benede die status, wat die familie van die man waardig was.

Vir die baKolobeng was die huwelik die belangrikste gebeurtenis in elke normale mens se lewe. By versuim om jou in die huwelik te begewe het jy ook versuim om 'n bydrae in belang van die opbou en voortbestaan van jou stam te lewer.

---

1) By die Batswana is die volgorde soos volg: die malome se dogter, die rakgadi se dogter, die rremogolo (vader se broer) se dogter en dan die mangwane se dogter. Vergelyk: Schapera, I.: A Handbook of Tswana Law and Custom, p.128. Id.: Married Life in an African Tribe, p.41. Id.: Ethnographic Survey of Africa, The Tswana, p.41. Radcliffe-Brown, A.R.: op. cit., p.151.

Bowendien het die huwelik aan beide partye sosiale aansien en status verseker. Vir die vrou was dit 'n eer om kinders te hê terwyl dit aan die man 'n toekoms verseker het want kinders het ook rykdom beteken. Dit was ook vir albei 'n voorreg om nou vrye seksuele verkeer met mekaar te kon hê, 'n voorreg wat elke ongetroude ontsê is, selfs so dringend verbied dat elkeen die gevolge van so 'n oortreding gevrees het.

In die ou dae toe 'n seun en dogter nog geen seggenskap in die keuse van 'n huweliksmaat gehad het nie, en dit hoofsaaklik deur die ouers gereël is, was die moontlikhede vir seksuele onreëlmatighede tussen die twee geslagte tot 'n minimum beperk.

Juis omdat kinders van kleins af reeds aan mekaar toegesê is, het ouers baie stiptelik sorg gedra dat daar geen ongewensde verhouding tussen hulle kind en 'n ongewensde persoon sou ontstaan nie. In die ou dae het seuns en dogters ook min geleentheid gehad om onder die oë van die grootmense uit te kom. So ernstig het ouers oor hulle ongetroude dogter gewaak dat sy ná die puberteitstadium in haar moeder se hut moes slaap tot die troudag aangebreek het.

Informante verklaar dat uiterlike voorkoms, weinig, indien enige rol gespeel het by die keuse van 'n huweliksmaat; inteendeel, daar het 'n spreekwoord onder die stam bestaan wat daarop neerkom dat 'n mooi meisie gewoonlik steel en die bed natmaak. Dit dui dus daarop dat die skoonheid van 'n vrou gewoonlik 'n man in verleentheid bring. 'n Ander spreekwoord was: „Bontlenyana ga bo nosi" (skoonheid staan nie alleen nie). Die gedagte was dus dat daar gewoonlik iets agter die skoonheid verskuil word.

In teenstelling hiermee het deugde soos werkvermoë, netheid, vriendelikheid, gasvryheid, stiptelikheid en liefde

vir kinders, 'n baie belangrike rol in die keuse van 'n huweliksmaat gespeel. Genoemde deugde sowel as rykdom en sosiale status was gewoonlik faktore wat die deurslag gegee het by die keuse van 'n vrou.

Informante verklaar dat reeds vermelde kruis-neef-en-niggiehuwelike juis die voorkeurhuwelik by hierdie stam was omdat jou eie mense aan jou beter bekend was as vreemdelinge. Deur so 'n huwelik is nie slegs verseker dat jou seun 'n deugsame vrou gevind het nie, maar ook dat die familiebesittings soos byvoorbeeld, die bogadi-beeste, binne die familie gebly het.

Bovermelde gebruike het egter 'n radikale verandering ondergaan onder invloed van die Christelike sending en vanweë die aanraking met die Blankes.

Ouer informante betreur vandag hierdie afwyking van die tradisionele en skryf die hedendaagse sosiale euwels soos buite-egtelike geslagsgemeenskap, voorhuwelikse swangerskap, vrugafdrywing, huweliksontbinding en kinderverwaarlosing aan die hedendaagse veranderde instellings toe.

Sonder om kommentaar op bovermelde bewering te lewer, wys ons op die huidige situasie ten opsigte van die keuse van 'n huweliksmaat. Alhoewel dit enige jongman vandag vry staan om 'n vrou na sy smaak te vind, word van hom verwag dat dit in ooreenstemming met sekere basiese vereistes deur die stam gestel, sal geskied. 'n Man behoort in die eerste plek voorkeur te gee aan 'n vrou uit sy eie stam. Indien hy egter 'n vrou van goeie status uit 'n ander stam kan vind, sal daar ook geen beswaar wees nie. Sekere stamme word egter beskou as benede die baKolobeng se waardigheid soos byvoorbeeld die Sarwa en Kgalagadi, ook die Xhosa word deur hulle bestempel as skelm en onbetroubaar.

Dit word vervolgens verwag dat 'n man met 'n Christen sal trou wat reeds 'n lidmaat van 'n kerk geword het.

Aangesien 'n kind nog soos in die verlede, eers die toestemming van sy ouers moet hê alvorens hy in die huwelik kan tree, en die dogter nie die aanvanklike keuse van die ouers was nie, word talle probleme ondervind. Menige ouer lewe in onenigheid met hulle kind vanweë die afkeur wat hulle aan sy keuse van 'n huweliksmaat geheg het en die weiering om bogadi vir so 'n vrou te lewer. Die moderne jongmens kom gewoonlik in verset teen die gedagte dat hulle ouers nog geneig is om vir hulle hulle vroue te kies, verlaat as gevolg hiervan die stam en betaal self die vereiste bogadi.

Baie ouers skryf die swangerskap van hulle ongehude dogters toe aan die afwyking van die tradisionele gebruike. Omdat die kind aan niemand toegesê is nie het alle jongmans die vrymoedigheid om by haar te kuier. So 'n dogter sal nie maklik 'n huweliksaanbod ontvang nie omdat daar geglo word dat die vrou ook in haar huwelikslewe dieselfde ontrouheid mag openbaar.

Informante getuig dat die deurslaggewende faktor in die keuse van 'n huweliksmaat vandag die liefde is. Ongetroude informante getuig dat 'n mens trou met die meisie wat jy liefhet, ongeag haar status, rykdom en afkoms. Dit het ook duidelik geblyk dat faktore soos liggaamsbou, gelaatskleur, netheid, persoonlikheidseienskappe en selfs kleredrag 'n groot en belangrike rol speel. Die meeste jongmans verklaar dat 'n meisie met groot borste, prominente heupe en boude vir hulle aantreklik is. 'n Skraal en maer persoon is oor die algemeen onaantreklik. Dit het ook duidelik geblyk dat niemand meer besorg is oor die houding en gevoel van hulle ouers by die keuse van 'n huweliksmaat nie.

(iv) Verlowing en verbreking daarvan.

Daar bestaan 'n wesenlike verskil tussen die verlowingsgebruike en daarmee gepaardgaande seremonies van die baKolobeng en die res van die Tswanasprekende stamme.[1] Nie een van die informante kon enige besonderhede verstrek oor 'n bepaalde handeling of seremonie wat verlowing impliseer nie.

Dit het egter geblyk dat 'n sekere stadium in die onderhandelings, deur hulle „mabuiso" (samespreking of onderhandeling) genoem, min of meer dieselfde is as wat ons onder verlowing sou verstaan.

Nadat die mabuiso-plegtigheid plaasgevind het sou beide jongmense ten alle koste aan mekaar getrou bly en was die aanstaande huwelik 'n voldonge feit. Deur die mabuiso is nie slegs bewys gelewer dat albei partye 'n ooreenstemming bereik het nie, maar dit was ook 'n trouswering by monde van die verteenwoordigers van die toekomstige bruid en bruidegom.

Op 'n vroeë stadium sou 'n seun se ouers dit aan die ouers van die toekomstige bruid te kenne gee dat hulle kinders eendag met mekaar sou trou. Sedert hierdie moment is beide kinders op 'n taktvolle wyse vir hierdie toekomstige gebeurtenis voorberei.

Sodra albei jongmense voldoen het aan die reeds gemelde bevoegdheidsvereistes vir 'n huwelik, sou die verantwoordelike persone op versoek van die seun se vader begin aanstaltes maak om reëlings te tref ten einde samesprekings te voer. Genoemde samesprekings is gewoonlik deur ses

---

1) Opmerking: By die Batswana bestaan daar definitiewe seremonies wat op verlowing dui. Dit gaan gepaard met die oordrag van geskenke wat op gesette tye op seremoniële wyse deur die seun se ouers aan die dogter se ouers geskied waarna na beide partye verwys word as man en vrou.
Vergelyk:
Schapera, I.: A Handbook of Tswana Law and Custom, p.130.
Id.: Married Life in an African Tribe, p.64-69.

persone gevoer, drie waarvan die seun en sy ouers, en drie waarvan die meisie en haar ouers verteenwoordig word. Laasgenoemde verantwoordelike persone is die seun en dogter se rakgadi (die vader se suster), rangwane (vader se broer) en malome (moeder se broer).

Indien die betrokke partye tot 'n ooreenstemming kom, is die ouers aan beide kante dienooreenkomstig verwittig. Op hierdie stadium oorhandig die ouers van die seun aan die verteenwoordigers van die vrou die „mabuiso", dit wil sê, die eerste bees van die bogadi, die res waarvan eers tydens die huwelikseremonie moet volg. Hierdie bees word nie geslag nie en geen ander geskenke word by hierdie geleentheid en op hierdie stadium oorhandig nie. Voordat hierdie partye nou huiswaarts keer word die besprekings voortgesit en word daar ooreengekom oor die hoeveelheid bogadi. Indien hier 'n ooreenstemming bereik word, word die ouers van die seun hiervan verwittig.

Informante getuig dat dit ondenkbaar was dat so 'n ooreenkoms (verlowing) weer verbreek kon word. Vir beide families, so word beweer, was die mabuiso immers alreeds 'n deel van die huwelikseremonie wat op 'n later stadium voortgesit sou word. Deur die mabuiso is 'n man se vrou vir hom verseker en al sou die huwelik eers jare na hierdie gebeurtenis volg, sou beide partye op wedersydse getrouheid en lojaliteit aanspraak kon maak.

Bovermelde gebruik het deur die jare nooit 'n verandering ondergaan nie. Die verloofring het geen inslag gevind nie terwyl die trouring vandag algemeen gebruiklik is. Vandag is dieselfde persone nog verantwoordelik om die onderhandelings namens die jongmense se families te voer, met die verskil dat daar van beide kante een persoon bygevoeg is naamlik, 'n swaer (suster se man). 'n Verdere

verandering is dat bogadi ook in die vorm van kontant betaal kan word en selfs ook by wyse van paaiemente. Die mabuiso moet egter altyd 'n bees wees.

Informante stel dit duidelik dat geen geslagtelike verkeer tussen die jongmense mog plaasvind op grond van die mabuiso nie. Indien dit wel sou gebeur dat 'n jongman se verloofde 'n kind van hom verwag, kon hy swaar gestraf word. Die ouers van die dogter se kommentaar was: „o tloletse" (hy het ingespring). Die vader van die seun het in so 'n geval sonder versuim gaan bieg dat sy seun skuldig is. As skulderkenning is 'n bees betaal wat by 'n sekere geleentheid op feestelike wyse geslag en geëet is. Die ouers aan beide kante het hierdie maaltyd saam geniet terwyl die seun uit skuldgevoel by die huis gebly het. Hierdie skulderkenning word vandag ook in die vorm van kontant aangebied, gewoonlik kom dit neer op 'n bedrag van R20.

Ten spyte daarvan dat dit volgens stamgebruik ondenkbaar is dat 'n verlowing (mabuiso) verbreek kan word, gebeur dit tans dikwels dat 'n jongman spoorloos verdwyn en nooit weer sy opwagting maak nie. Indien dit dus gebeur dat 'n jongman van sienswyse verander verbeur hy onder alle omstandighede die mabuiso.

(v) Huweliksseremonies.

Genoemde partye het tot dusver alle samesprekings namens die bruidegom, die bruid en die ouers aan beide kante ten opsigte van die mabuiso en die bogadi, gevoer. Hiermee was hulle werk voorlopig afgehandel.

Sodra die bruidegom begin dink aan 'n huwelik het hy vroegtydig met sy verteenwoordigers in verbinding getree ten einde toe te sien dat daar voldoen word aan die vroeëre vereistes wat deur die bruid se verteenwoordigers ten opsigte

van bogadi gestel is.[1] Die betrokke verteenwoordigers aan beide kante het nou in oorleg met die seun en dogter se ouers hulle vergewis dat daar aan al die vereistes voldoen is en die huweliksdag bepaal.

Op die bepaalde dag het die seun se verteenwoordigers met twaalf verse[2] by die bruid se huis aangekom. Dit was 'n vereiste dat die bogadibeeste verse moes wees. Enige jongbees, al sou dit net een maal gekalf het, is nie vir bogadi aanvaar nie.

Die huweliksdag was 'n feesdag en almal het by hierdie geleentheid in 'n feestelike stemming verkeer. Terwyl daar gedans en gesing is het alle gaste hulle verlustig in die oormaat van vleis en bier wat spesiaal vir hierdie geleentheid voorberei is. Die bruid en bruidegom was die middelpunt van almal se belangstelling en het veral die aandag getrek vanweë die buitengewone kleredrag. Die bruid het gekleed gegaan in die gebruiklike „mokutwane", 'n romp van skaapvel, terwyl 'n sluier wat „lesire" genoem is haar hoof en bolyf bedek het. Laasgenoemde lesire was die netvet van die bees wat vir hierdie geleentheid geslag is. Die bruidegom het benewens die stertriem of motseto ook 'n gebreide skaapvel skuins oor die skouers gedra. Welgesteldes het gewoonlik 'n skouerkleed van aanmekaargehegde jakkalsvelle by hierdie geleentheid gedra.

Na die verrigtinge van hierdie dag het almal huiswaarts gekeer tesame met die bruidegom wat op hierdie stadium nog nie geregtig was om by sy bruid te slaap nie. Die volgende dag is die feestelikhede weer by die bruid se huis

---

1) Vir kommentaar oor bogadi-gebruik, vergelyk verslag van kommissie insake Bantoehuwelike, Skema van werksaamhede en handelinge van die tweede Algemene Sinode van die N.G. Kerk in Afrika, Pretoria, 1967, p.48-60.
2) Tradisioneel was 12 verse die bogadi wat vir 'n vrou gelewer moes word.

hervat. Terwyl die bruidegom teen die aand tussen sy vriende sit en die meeste gaste huiswaarts gekeer het, het die bruid se ouers ook gaan slaap. Die bruid se tante (haar vader se suster) het op hierdie stadium 'n sekere hut vir die bruidegom aangewys waar hy die nag moet slaap. Wanneer hy hierdie vertrek betree het, het die bruid daar op hom sit en wag. Die volgende oggend het hy egter weer alleen huiswaarts gekeer.

Die verteenwoordigers wat sedert die begin namens die bruidegom opgetree het, het na 'n paar dae weer 'n besoek aan die ouers van die bruid gebring ten einde hulle te verwittig dat die bruid nou haar intrek moet kom neem in haar man se huis.

Die bruid se verteenwoordigers het haar nou in opdrag van haar ouers na haar man se hut weggebring. By hulle aankoms is sy en haar mense op hulle beurt weer feestelik ontvang en onthaal op „serobe".[1] Wanneer die bruid se mense huiswaarts keer het hulle 'n geslagte skaap ontvang waarvan ook die vel, kop en pootjies as geskenk saamgeneem moes word na die huis van haar ouers.

Die jonggetroude seun het nou uit die stat van sy vader, 'n kamer of hut ontvang wat deur hulle betrek is. Hiermee was die huwelikseremonie afgehandel.

Sedert die baKolobeng hulle op Rooijantjesfontein kom vestig het, het daar groot veranderings in huweliksgebruike en seremonies plaasgevind.

Onderhandelings vind nog op die tradisionele wyse plaas in baie gevalle. Jonger informante verklaar egter dat hulle dit oorbodig ag en groot genoeg is om self hulle

---

1) Dit is die benaming vir 'n vleisgereg wat bestaan uit die derms, pens en lewer van 'n bees, in klein stukkies gesny en deurmekaar gekook is.

saak aan die oumense voor te dra. Nadat die bruid se ouers tevrede gestel is ten opsigte van bogadi, word die huweliksgebooie in oorleg met die ouers aan beide kante opgegee.

Die bogadi kan tans in kontant betaal word en ook in maandelikse of jaarlikse paaiemente. Vandag word daar ook 'n onderskeid gemaak tussen bogadi vir 'n gewone huisvrou en 'n geleerde vrou. 'n Gewone huisvrou vir hierdie stam is iemand wie se opleiding standerd VI nie te bowe gaan nie, in so 'n geval is die bogadi R180. 'n Geleerde vrou is iemand wat vir onderwyseres, verpleegster of tikster gekwalifiseer het, in hierdie geval is die bogadi R240.

Die Westerse huweliksdrag is tans die gebruiklike vir hierdie stam. Die bruidegom of sy vader is verantwoordelik vir die bruid se trourok sowel as vir die rokke van die strooimeisies. Die bruid ontvang gewoonlik ook 'n rok van haar malome (haar moeder se broer) wat sy na afloop van die huwelikseremonie kan aantrek. As kompensasie vir hierdie geskenk ontvang haar malome egter die kop en die vel van die bees wat tydens die feesgeleentheid geslag word.

Ten einde die huweliksfees oor die naweek te laat plaasvind gaan die verteenwoordigers van die bruidegom Vrydagoggend vroeg na die huis van die bruid om te verneem of alles in gereedheid is om na die Bantoesakekommissaris te gaan, waar die nodige dokumente, soos die wet dit vereis, in gereedheid gebring moet word.

Voordat die bruid en haar gevolg haar ouerhuis verlaat neem 'n klompie vroue uit die jongman se stat weerskante van die paadjie stelling in. Op hierdie stadium wag die bruidegom iewers in die stat op sy bruid. 'n Wit vlaggie aan die sleepwa of vragmotor kondig aan dat dit 'n huweliksplegtigheid is en dat dit vir al die belanghebbendes 'n dag van vrede en blydskap is.

Nadat aan al die vereistes voldoen is, keer almal weer huiswaarts. Die volgende oggend word al die klere na die huis van die bruid geneem waar almal moet aantrek vir die seremonie in die kerk. In die kerk is dit gebruiklik dat die bruidegom en bruid vir mekaar 'n trouring insteek. Van die kerk gaan die feesgangers al singende na die bruid se huis waar die feestelikhede onmiddellik 'n aanvang neem en waar gaste op vleis en bier onthaal word.

By hierdie huis is daar gewoonlik 'n tent opgeslaan of 'n afdak van sinkplate waar die bruidspaar en hulle gevolg sitplekke inneem en gedurende die feestelikheid bedien en onthaal word. Die feestelikhede by hierdie huis duur gewoonlik tot laat in die nag en bestaan hoofsaaklik uit eet, sing en dans.

Wanneer die gaste huiswaarts gaan is dit gebruiklik dat die bruidegom en sy strooijonkers en die bruid met haar strooimeisies in afsonderlike hutte gaan slaap.

Sondagoggend word die feestelikhede gewoonlik weer hervat. Gedurende die dag oorhandig die verteenwoordigers van die bruidegom sy komberse aan hom met die veronderstelling dat hy daardie nag by sy vrou slaap. Die volgende dag keer hy egter weer huiswaarts. Ongeveer 'n week later ontmoet sy verteenwoordigers die bruid se verteenwoordigers ten einde hulle te versoek om nou die bruid na haar man se huis te bring. Wanneer haar verteenwoordigers haar vergesel na haar man se huis word hulle daar op feestelike wyse ontvang.

Soos reeds in vorige hoofstukke aangetoon, is die proses van verandering in hierdie stam nog in volle swang. Dit is duidelik dat in die voorafgaande beskrywing daar alreeds 'n groot afwyking te bespeur is met betrekking tot die tradisionele. Dit is opvallend dat ten spyte van die ver-

anderde en die nuwe, daar nog krampagtig aan die tradisionele vasgeklem word.

Jonger informante getuig egter dat ná die seremonie in die kerk daar eenvoudig 'n onthaal vir gaste aangebied word waarna alle verrigtinge, soos die geval van 'n Blanke bruilof, afgehandel is. Hulle verwys glimlaggend na die outydse mense in die stat wat nog nie van beter weet nie. Alles dui egter daarop dat die meeste tradisionele gebruike binne die volgende dekades iets van die verlede gaan wees.

(vi) Huishouding na die huwelik.

Soos begryp kan word was die huwelik verantwoordelik vir 'n radikale verandering in die lewe van man en vrou. Hulle moes nou saam in dieselfde huis woon, mekaar bystaan in die bekoming van die noodsaaklikste lewensmiddele, by mekaar aanpas, onderlinge respek teenoor mekaar sowel as teenoor mekaar se families betoon en veral aanpas ten opsigte van seksuele verhoudings.

Soos reeds vermeld het die jong paartjie gewoonlik hulle intrek geneem in een van die hutte in die stat van die seun se vader. Die baKolobeng het dit as noodsaaklik beskou omdat alle jonggetroudes eers deur ervaring moes leer wat die huwelikslewe is en wat die verantwoordelikhede van man en vrou teenoor mekaar sowel as teenoor hulle medemens behoort te wees. Die skoondogter kon dus as onervare huisvrou, onder die toesig en leiding van haar skoonmoeder, tot 'n volwaardige en bekwame huisvrou ontwikkel.

Dit het dikwels gebeur dat so 'n getroude seun vir jare in die stat van sy vader gewoon het. Dit het hom egter ook vrygestaan om na die eerste jaar vir hom elders 'n huis te bou. Gewoonlik sou hy die nuwe woning net langs die stat van sy vader oprig op 'n plek wat deur sy vader vir

hom aangewys word. Hy moes egter onder alle omstandighede sorg dra dat hy nie buite die grense van die afdeling van sy vader hom sou gaan vestig nie.

In die geval van 'n jongste seun was die inwoning in sy vader se stat permanent omdat hý gewoonlik die erfgenaam van sy vader se hutte was.

Die inwoning by die baKolobeng was nog altyd patrilokaal. In die stat van haar skoonouers moes die skoondogter baie verdra en ontbeer. Sy moes onder alle omstandighede absolute gehoorsaamheid aan haar skoonouers betoon, aan haar is gewoonlik die onaangenaamste en eentonigste take in die huishouding opgedra. Haar werk en verantwoordelikhede was nie net beperk tot haar eie hut nie, maar ook tot die ander hutte wat aan haar skoonouers behoort het. Aan huisskoonmaak, koring stamp, koskook, kinders oppas, water haal en wasgoed was, het daar nooit 'n einde gekom nie.

Te midde van al hierdie verantwoordelikhede is van haar verwag om haar man en sy mense te respekteer en sonder teëspraak gehoorsaam te wees. Benewens haar verantwoordelikhede in en rondom die huis moes sy ook periodiek saam met ander vroue na die lande gaan om te skoffel.

Net soos die vrou, moes die man ook steeds na sy vader opsien om hulp, raad en bystand. Hy was nog dieselfde gehoorsaamheid aan sy ouers verskuldig en indien hy verkeerd teenoor sy vrou sou optree, is hy sonder verwyl deur hulle bestraf en vermaan en gewys op die verantwoordelikhede van 'n man ten opsigte van sy vrou.

Die man kon daarop aanspraak maak dat sy vrou te alle tye aan hom getrou moes bly. Sy moes ook bereid wees om net so dikwels as wat hy dit verlang met hom seksuele omgang te hê. Aan die ander kant moes hy in bedagsaamheid hom van

seksuele gemeenskap met haar onthou gedurende haar maandstondes.

Indien sy jong vrou aan hom ontrou sou wees en hy dit ontdek, het hy die reg gehad om haar 'n loesing te gee en skadevergoeding van haar minnaar te eis. Hy sou egter selde so ver gaan om as gevolg van so 'n oortreding van haar te skei, tensy sy natuurlik daarop aanspraak maak. Wat homself betref, was hy onder sekere omstandighede nie dieselfde getrouheid en lojaliteit aan haar verskuldig nie. Dit het in daardie dae selfs dikwels voorgekom dat 'n getroude man een of ander bywyf sou aanhou.[1] Indien daar 'n kind uit 'n gehude bywyf gebore is het haar „wettige" man op die kind aanspraak gemaak met dien verstande dat die vader van die kind moet voorsien vir sy lewensonderhoud. 'n Ongetroude bywyf het haar kind aan haar eie ouers toevertrou wat ook op bovermelde onderhoud aanspraak kon maak.

Kinders wat uit 'n wettige huwelik gebore is het altyd aan die man en sý mense behoort omdat laasgenoemde vanweë die bogadi wat vir haar gelewer is met reg daarop aanspraak kon maak.

Indien daar 'n egskeiding plaasgevind het, het die man en sy mense onder alle omstandighede die kinders behou. In gevalle waar kinders nog die sorg van hulle moeder nodig gehad het, het hulle saam met haar vertrek met die verstandhouding dat hulle op 'n later stadium weer na die vader se mense teruggebring moes word.

---

1) Uit die getuienis van informante blyk dit dat sekere gebreke en tekortkominge van 'n vrou gewoonlik die aanleidende oorsaak vir haar eggenoot se ontrouheid was. Sy optrede is onder sulke omstandighede nie deur gemeenskap afgekeur of bestraf nie.
Vergelyk opmerking p.92.

Die ondergeskiktheid van die vrou aan haar man, is verder weerspieël in die wyse waarop sy teenoor hom moes optree. Sy moes altyd met eerbied en respek en in 'n sagte stem met hom praat, op hom wag voordat sy haar eie ete nuttig en altyd sorg dra dat hy eerste van almal bedien word. Wanneer hulle in die stat rondgeloop het moes sy hom altyd vooruitloop. Sy kon nooit snags buite die stat beweeg het sonder sy medewete en toestemming nie. In die huis moes sy in beskeidenheid op die grond sit terwyl die stoele en ander sitplekke aan haar man en sy gaste afgestaan is.

Ten spyte van bovermelde kon sy egter ook aanspraak maak op die bedagsaamheid en kameraadskap van haar man. Hulle het gewoonlik saam geëet en wanneer hulle saans na bed gaan, die geleentheid te baat geneem om alle sake van belang en van persoonlike aard met mekaar te bespreek.

In die lig van bovermelde is dit duidelik dat al reedsgenoemde tradisionele gebruike steeds daarop gemik was om 'n stabiele huweliks- en gesinslewe te verseker.

Die wakende oog van die senior-stamlede wat sedert die suigelingstadium op die kind gerig was, is dus selfs gedurende die eerste huweliksjare nie deur die jongeres ontbeer nie. Uit hierdie selfde huis sou die jong verwagtende moeder weldra vertrek na die huis van haar eie moeder waar die bevalling sou plaasvind en waar sy ook in hierdie sake verdere onderrig sou ontvang.

Dit is duidelik dat daar tans grootliks van bovermelde gebruike afgewyk word. 'n Bruid vertrek tans uit die staanspoor permanent saam met haar man na sy eie woning waar hulle op eie houtjie, sonder die toesig of inmenging van hulle ouers, hulle huwelikslewe kan begin.

Die tradisionele ondergeskiktheid en onderdanigheid van die vrou aan haar man is ook iets van die verlede.

Sommige mansinformante verklaar dat die hedendaagse vroue parmantig en baasspelerig is en nie meer bereid is om deur 'n man oorheers te word nie. Ouer informante verklaar weer dat die toenemende gevalle van egskeiding toe te skryf is aan die feit dat die wakende oë van ouer mense nie daar is wanneer die eerste misverstande opduik en ondervind word nie.

Wanneer die vrou op 'n dag na die huis van haar ouers terugkeer is dit gewoonlik reeds te laat om so 'n huwelik te red. Jonger informante getuig met dankbaarheid dat die vrou wat vroeër 'n slaaf was van haar man en sy ouers, vandag ook as 'n mens erken word. Hulle gaan selfs so ver as om te getuig dat hulle nie meer soos die vroue van ouds bereid is om net kinders in die wêreld te bring terwyl hulle mans die lewe geniet nie.

Hulle maak ook aanspraak daarop dat die man met wie hulle in die huwelik getree het hulle moet versorg in ooreenstemming met die belofte wat hy voor die kansel afgelê het. 'n Vrou het onder andere verklaar dat sy nie met haar man getroud is omdat sy ouers haar vir hom as vrou gekies het nie, maar omdat hulle mekaar liefgehad het. Sy verklaar voorts dat die hedendaagse mense 'n beter begrip het van die huwelikslewe en die verantwoordelikhede wat dit veronderstel. Sy sluit dan af met hierdie woorde: „Vroeër was daar 'n spreekwoord: ‚A man is the God of his wife', vandag ken ons net een God."

(vii) Seksuele verhoudings.

Die seksuele het nog altyd 'n groot rol in die lewe van die baKolobeng gespeel.

Dit blyk duidelik dat hierdie stam se benadering ten opsigte van die seksuele hemelsbreed van die van die Blankes verskil.

Vir die baKolobeng was die seksuele nog altyd 'n natuurlike saak waaroor daar nie in fluisterstemme gepraat is nie. Dogters is van jongsaf reeds onderrig ten opsigte van die verband tussen menstruasie en bevrugting, selfs die seuns is tydens en ná die puberteitstadium nie in verband hiermee in die duister gelaat nie.[1]

Dit het dikwels gebeur dat ouer mense die kleiner kinders betrap het waar hulle probeer het om seksuele gemeenskap met mekaar te hê. Ouer mense het dit egter sonder kommentaar geïgnoreer omdat daar geen sosiale komplikasies kon intree nie. Hulle het hulleself tevrede gestel met die gedagte dat die kinders dit in hulle onkunde gedoen het. Op 'n later stadium sou hulle onderrig word en na die puberteitstadium wanneer dieselfde daad gevaarlik kan wees, sou kinders dit nie meer doen nie.

Ouer informante verklaar dat ten spyte van die tradisionele verbod op seksuele gemeenskap onder jongmense, daar tog heimlik aanvaar en gehoop is dat hulle ten tyde van die huweliksdag alreeds praktiese ondervinding daarvan behoort te hê.[2] Om hierdie rede is daar tydens die stamskoolonderrig besondere aandag aan die seksuele in die huwelikslewe gewy.

---

1) Vir seksuele verhoudings onder die Bantoe vergelyk ook:
Stow, C.W.: Bantu Beliefs and Magic, H.F. & G. Witherby Ltd., London,1938, p.160-161.
Riekert, P.J.: Die huweliksreg van die Bahurutshe onder invloed van die Suid-Afrikaanse regsadministrasie, doktorale proefskrif, P.U. vir C.H.O., 1967, p.115-117.
Krige, E.J.: op. cit., p.150-151.
Whitfield, G.M.B.: op. cit., p.584.
Schapera, I.: Married Life in an African Tribe, p.180-203.
Id.: A Handbook of Tswana Law and Custom, p.153-155.
Id.: The Bantu Speaking Tribes of S.A., p.107-111.
Id.: Western Civilization and the Natives of S.A., p.19.

2) Vergelyk opmerking in die voetnoot, hoofstuk VI, p.92.

In die lig hiervan kan verstaan word waarom beide man en vrou in die ou dae mekaar sekere seksuele vryhede gegun het en die gemeenskap dit sonder kritiek, oogluikend aanvaar en toegelaat het. Ten opsigte van seksuele gemeenskap het man en vrou altyd mekaar gekonsidereer. Die vrou was te alle tye vir hierdie doel vir haar man beskikbaar. Normaalweg sou seksuele gemeenskap tussen man en vrou daagliks geskied en indien een nag daarsonder sou verloop, kon die vrou maklik tot die gevolgtrekking kom dat haar man elders tevrede gestel word en daarom nie aan haar behoefte het nie. Indien die vrou onwillig sou voorkom kon haar man egter dieselfde gevolgtrekking gemaak het. Dit was algemeen gebruiklik dat seksuele gemeenskap twee tot drie maal gedurende dieselfde nag kon plaasvind.

Jonger sowel as ouer informante uit albei geslagte verklaar dat die huweliksgeluk en harmonie in elke huisgesin berus het op die bevrediging wat man en vrou mekaar ten opsigte van seksuele gemeenskap in die huwelikslewe gegee het. Indien daar nie aan mekaar se eise voldoen kon word nie, sou die ontevredenheid sigself op verskillende terreine van die gesinslewe openbaar.

Ouer informante gaan selfs so ver om te beweer dat elke vorm van onenigheid en huislike rusie in een of ander seksuele wanverhouding tussen man en vrou setel.

Daar is reeds op gewys dat dit vir elke vrou in hierdie stam 'n eer was om 'n kind in die wêreld te bring. Deur gereelde seksuele gemeenskap sou aan die vrou dus die volste geleentheid gegee word om bevrug te raak en 'n man moes dus deur gereelde seksuele gemeenskap, aan haar hierdie voorreg gun. Deur dit te doen sou hy homself vrywaar van die beskuldiging van 'n steriele vrou wat so dikwels die onus van haar onvrugbaarheid op die man geplaas het.

Ten opsigte van die seksuele het daar baie taboebepalings onder hierdie stam bestaan. 'n Vrou wat menstrueer, moes baie stiptelik deur haar man vermy word. Om hierdie rede was dit gebruiklik vir die menstruerende vrou om haar man se komberse, wanneer sy na bed gaan in 'n hoek van die slaapvertrek neer te sit. Wanneer hý na bed gaan het hy sy komberse sonder enige kommentaar geneem en op 'n ander plek gaan slaap. Gedurende hierdie dae het 'n vrou die beeskraal vermy omdat daar geglo is dat haar toestand 'n nadelige uitwerking op die beeste kon hê. Om dieselfde rede het sy ook geen besoek aan enige siek mens gebring nie.

Terwyl 'n vrou swanger was, is dit van die man verwag om so dikwels moontlik met haar gemeenskap te hê aangesien dit algemeen geglo is dat die groeiende kind in die baarmoeder deur die bloed van die vader gevoed moes word. Indien hy egter na 'n tyd van afwesigheid by die huis aankom, moes hy hom die eerste aand van seksuele gemeenskap onthou. Daar is geglo dat sy bloed gedurende die tyd van onthouding te warm geword het en dat hy onder sulke omstandighede sy vrou sou beseer.

Dat die seksuele onder die huidige omstandighede nog 'n groot en belangrike rol in die huwelikslewe van die baKolobeng speel, kan nie ontken word nie.

Dit is egter duidelik dat daar vandag nie meer soos in die verlede, openlik oor hierdie aspek van die lewe gepraat word nie en dat dit ook nie meer as 'n alledaagse natuurlike deel van die lewe aanvaar word nie. Die verdwyning van die stamskool en die seksuele onderrig wat daarmee gepaard gegaan het, die moderne opvoeding en onderrig wat oor hierdie aangeleentheid swyg en die ouers wat versuim om hulle kinders hieromtrent te onderrig, het ongetwyfeld 'n groot bydrae tot hierdie moderne siening en benadering gelewer.

Alhoewel dit duidelik is dat die grootste persentasie van die stam nie die wetenskaplike ten opsigte van bevrugting verstaan en begryp nie, ly dit geen twyfel dat alle ander tradisionele gebruike en bygeloof ten opsigte van seksuele gemeenskap en alles wat daarmee gepaard gaan, iets van die verlede geword het nie. Informante getuig dat daar tans geen reël bestaan ten opsigte van gereelde seksuele gemeenskap nie maar dat dit slegs op grond van spontane aangetrokkenheid tot mekaar beoefen word.

Vanweë die veranderde opvatting ten opsigte van die waarde van kinders, is die gebruik van voorbehoedmiddels in volle swang. Die onvrugbare vrou word vandag, in teenstelling met die verlede, in baie gevalle as 'n aanwins en 'n bate beskou.

Daar bestaan ook geen taboebepaling ten opsigte van die menstruerende vrou nie. Die aanhouding van 'n bywyf word nie meer soos in die verlede, deur 'n vrou geduld nie, terwyl 'n ontroue vrou baie dikwels die oorsaak van egskeiding kan wees.

Vandag maak elke man en vrou aanspraak op absolute wedersydse getrouheid in die huwelikslewe. Die Christelike huwelik het ongetwyfeld by hierdie stam inslag gevind en 'n einde gebring aan baie bygeloof en wanpraktyke wat tradisioneel daaraan verbonde was.

(viii) Onvrugbaarheid.

Soos reeds aangetoon was die belangrikste funksie van die huwelik vir hierdie stam, die totstandkoming van 'n gesin. Die geboorte van kinders was dus essensieel en indien 'n vrou nie aan hierdie vereiste kon beantwoord nie, het sy haarself in 'n onbenydenswaardige posisie bevind.

Vir die onvrugbare vrou was daar geen genade nie.

Sy is eenvoudig deur haar man en sy mense geminag terwyl buitestanders smalend na haar verwys het as een wat nie die naam van vrou waardig is nie.

Vroeër is die onvrugbaarheid van 'n vrou gewoonlik met toordery in verband gebring. Daar is voorts geglo dat daar 'n gebrek in haar bloed was, dat die fout in haar baarmoeder geleë was, dat sy haarself op een of ander stadium aan vrugafdrywing skuldig gemaak het of dat sy haar aan voortdurende seksuele wangedrag skuldig gemaak het.

Die verguising, bespotting en vernedering wat sy moes verdra, die vooroordeel waaronder sy in die gemeenskap gebuk moes gaan en die verwyte wat sy van haar man moes verduur, was vir haar dikwels ondraaglik. Na verloop van 'n paar jaar sou haar man gewoonlik die hulp van 'n ngaka inroep ten einde 'n poging tot haar genesing aan te wend. Indien dit geen gunstige resultate sou lewer nie, sou sy of haar man, haar familie nader met die versoek om 'n ander vrou, gewoonlik haar jonger suster, beskikbaar te stel om namens haar, kinders in die wêreld te bring. Hierdie plaasvervanger is 'n „seantlo" genoem. Vir haar sou daar geen verdere bogadi betaal word nie, terwyl sy sonder enige seremonie haar intrek moes neem in 'n hut wat spesiaal vir haar afgesonder is. Alle kinders uit haar gebore, is beskou as kinders van die eerste vrou.

Indien die ouers van die onvrugbare vrou sou weier om 'n seantlo te gee, kon die man sy vrou na hulle terugstuur en die bogadi wat vir haar gelewer is, terugeis. Hy sou egter ook geregtig wees om haar te behou en vir hom 'n tweede vrou uit 'n ander familie te soek. Indien sy eerste vrou hierteen beswaar sou maak, was hy geregtig om haar terug te stuur en die bogadi terug te eis.

In gevalle waar dit sou blyk dat die onvrugbaarheid aan die man te wyte was, kon hy een van sy getroue vriende versoek om namens hom 'n kind by sy vrou te verwek. Laasgenoemde gebruik het bekend gestaan as „go tsenya mo tlung" (om iemand in jou huis te laat ingaan). Die man sou sy vrou van sy voornemens verwittig en sy sou haar noodgedwonge daarmee moes vereenselwig. Alle kinders wat op hierdie wyse by 'n vrou verwek is, is beskou as die kinders van die steriele man.

Vanweë die hedendaagse veranderde opvatting ten opsigte van die waarde van kinders, is dit vanselfsprekend dat bovermelde gebruike en gedragskodes, iets van die verlede is. Dit is in die eerste plek duidelik dat daar 'n gans ander opvatting bestaan ten opsigte van die onvrugbare vrou en dat mense onvrugbaarheid nie meer toeskryf aan die reeds vermelde afwykings en gebreke nie. In die gemeenskap geniet sy tans dieselfde agting as alle ander vroue terwyl baie moderne mans so 'n vrou as 'n aanwins beskou omdat kinders groter uitgawes en verantwoordelikhede meebring.

(ix) Pligte en verantwoordelikheid van die vader.

Dit is begryplik dat die uitoefening van ouerlike gesag van huis tot huis verskil het. As gevolg hiervan is dit te verstane dat daar ook nie in die ouer-kind verhouding, sprake van absolute eenvormigheid onder alle stamlede kon wees nie. Dit is egter van belang om die algemeen gebruiklike op te merk omdat daar tog 'n sekere aanvaarde gedragspatroon as vereiste vir alle ouers en kinders gegeld het.

Dit was die verantwoordelikheid van die ouers om sorg te dra dat die kinders wat aan hulle sorg toevertrou was, opgevoed en gevorm word om uiteindelik tot volwaardige lede van die stam te ontwikkel.

Vanweë die feit dat die vader gesinshoof was het daar talle verantwoordelikhede op sy skouers gerus. Die moeder wat verantwoordelik was vir die versorging van die kinders sou met reg na haar man kon opsien vir 'n geskikte woonhuis, voedsel van die lande, melk uit die kraal, vleis uit die jagveld en materiaal waarvan klere en ander noodsaaklike gebruiksartikels gemaak moes word.

Sodra die seuns groot genoeg was om hulle vader na die veepos te vergesel, was dit sy verantwoordelikheid om sorg te dra dat elkeen vertroud sou raak met die groot verskeidenheid van buitenshuise verantwoordelikhede. Hy sou elke geleentheid gebruik om sy seuns in te lig oor die gebruiklike gedragsreëls wat in die stam gegeld het. Baie aandag is ook gewy aan onderrig ten opsigte van hulle gedrag teenoor stamlede, familielede, die teenoorgestelde geslag, hulle seniors en hulle juniors.

Dit was ook die vader se verantwoordelikheid om sorg te dra dat sy kinders op die aangewese tyd die stamskole sou bywoon. Vir alles wat hulle met die oog hierop nodig sou hê moes hy voorsiening gemaak het. Met die oog op die toekomstige huwelike van sy seuns moes hy vroegtydig begin dink aan voldoende beeste vir bogadi. Elke vader was ook verantwoordelik om 'n stukkie grond vir elke seun te voorsien vir die latere oprigting van 'n eie woonhuis en ook vir die aanlê van 'n eie saailand.

In sy eie woonhuis moes hy die orde en dissipline handhaaf, wat meegebring het die oplossing van geskille, die uitdeling van straf, vermaning en regspraak. Hy is in alle gevalle tot verantwoording geroep vir elke ootreding van sy huisgenote. Elke klag van buite met betrekking tot sy huis moes deur hom ondersoek word, ten einde 'n bevredigende antwoord aan die owerhede te verstrek. Indien 'n kind in

gebreke sou bly om 'n boete wat deur die stamhoof opgelê is te betaal, sou sy vader sonder meer daarvoor verantwoordelik gehou word.

Benewens al die bovermelde verantwoordelikhede was hý, die een wat in nougesetheid moes sorg dra dat alle magiese ritusse in belang van sy huis, sy huisgenote, sy landerye en sy vee, nagekom word. Immers, elke pligsgetroue vader het geweet dat alle voorspoed en sukses, sowel as die welsyn en die heil van sy mense berus het op die nakoming van sekere beproefde ritusse, gedragsreëls en taboebepalings wat vir die stam gegeld het.

Alhoewel informante bevestig dat die wese van die verantwoordelikheid van die moderne vader nie verskil van die tradisionele nie, blyk dit tog dat hy vanweë die huidige veranderde kultuurpatroon, in baie opsigte sy gesag verloor het en van sekere verantwoordelikhede onthef is.

Hy is steeds gesinshoof wat moet voorsien in die materiële, wat leiding moet neem, wat verantwoording moet doen vir die ootredinge van sy huisgenote, wat moet straf en vermaan en wat moet voorsien in die bogadi van sy seuns.

Ten opsigte van die magiese is daar egter vir hom geen taak om te vervul nie en met betrekking tot die onderrig van sy kinders word nie meer in so 'n mate na hom opgesien nie, terwyl baie min, indien enige van sy seuns, nog in sy buitenshuise werksaamhede belangstel.

Indien die moderne vader dus sy verantwoordelikhede ten opsigte van die kerk nagekom het deur sy kinders te laat doop en vir hulle dit moontlik te maak om skoolonderrig te kan geniet, is die grootste persentasie van mening dat die taak van die vader hiermee volvoer is. Alles dui dus daarop dat vir die hedendaagse vader die tradisionele kring van verantwoordelikhede gekrimp het.

Baie seuns en dogters verlaat tans hulle ouerhuis lank voordat hulle lidmate van die kerk is en vind op betreklike jeugdige ouderdom, elders 'n lewensbestaan. Dit is dus duidelik dat kinders vandag op 'n veel jeugdiger ouderdom nie meer die raad, leiding en sorg van 'n vader geniet nie. Baie vaders getuig ook dat hulle baie min gesag het oor hulle geleerde kinders en hulle dikwels vir die eerste maal weer sien wanneer hulle in verband met 'n voorgenome huwelik geraadpleeg word.

(x) Pligte en verantwoordelikheid van die moeder.

Vanweë die menigvuldige verantwoordelikhede wat op die skouers van elke moeder gerus het ten opsigte van die versorging van haar kinders in die vroeë stadium van hulle lewe, was die moeder-kind verhouding veel intiemer as die tussen vader en kind.

Die vader het hom meestal buitenshuis bevind by die veeposte en kon dus vanselfsprekend nie soveel aandag aan die kinders wy as die moeder nie.

Die moeder se verantwoordelikheid het reeds voor die geboorte van haar kind 'n aanvang geneem. Op daardie stadium moes sy in belang van haar ongebore kind, haar aan sekere gedragsreëls onderwerp. Voor, tydens en na die geboorte sou sekere ritusse en taboes die welwese van haar kind bepaal. Die versorging en voeding van 'n kind, selfs gedurende die suigelingsperiode, het veel aandag van haar geverg. Indien in aanmerking geneem word dat die jong moeder sedert sy haar intrek in die stat van haar skoonfamilie geneem het, ook nog verantwoordelik was vir 'n groot deel van die huishouding, kan begryp word dat sy aan hoë verwagtings moes voldoen.

Ten opsigte van die vrou en moeder sê die baKolobeng: „Ngwana wa mosadi ga a ka a wêla mo isong" ('n vrou se kind val nie in die vuur nie) en: „Bana ba mosadi ga ba ka ba bopama kampo ba a swa" ('n vrou se kinders word nie maer en gaan nie dood nie). Dit kom dus daarop neer dat 'n vrou nie nodig het om haar huishouding ter wille van haar kinders te verwaarloos nie, maar dat 'n moeder in staat gestel word om haar roeping as vrou en moeder ten volle te vervul.

Benewens hierdie hoë vereistes wat aan haar gestel is ten opsigte van die materiële versorging, moes sy haar dogters deur optrede, handel en wandel voorberei en toerus ten einde ook toekomstige vroue en moeders te wees, waardig aan die tradisies van die stam waaraan hulle behoort het.

Die moeder het veral besondere aandag gewy aan haar dogters gedurende die puberteitstadium en daarna. Wanneer 'n dogter begin menstrueer het die moeder haar op die hoogte gebring van die verskillende taboebepalings wat daaraan verbonde was. Sy het hulle ook breedvoerig onderrig ten opsigte van die seksuele, die huwelikslewe en die korrekte gedrag van 'n vrou teenoor die teenoorgestelde geslag sowel as teenoor alle senior en junior stamlede.

Wanneer haar seuns of dogters in die huwelik wou tree, sou dit nie kon geskied sonder die medetoestemming van die moeder nie. Die vader het egter hoër gesag gehad en slegs op sy aandrang kon die moeder oorreed word om van sienswyse te verander.

Na die huwelik van haar dogter het die moeder steeds 'n wakende oog oor haar kind se huishouding gehou en was sy ook bereid om haar nog by te staan ten einde haar in staat te stel om haar verantwoordelikhede as jong vrou, waardig na te kom.

Tydens die geboorte van haar dogter se eerste baba was sy steeds die spil waarom alles gedraai het en het sy alles in haar vermoë gedoen om dit vir haar kind so maklik moontlik te maak. Sy was ook bereid om dieselfde aandag aan haar skoondogter te wy, indien dit verlang is.

So het die moeder steeds die bindende faktor in elke baKolobeng-huisgesin gebly en selfs wanneer haar man te sterwe kom, het sy haar oudste seun met raad en daad bygestaan, ten einde die belange van sy moeder se huis namens sy vader, doeltreffend te behartig.

Uit die getuienisse van 'n groot aantal moeders blyk dit dat die moderne moeder steeds die spil is waarom alles draai in die huisgesin. Seuns en dogters geniet tans skoolonderrig tot 'n ouderdom wat wissel van 14 tot 16 jaar. Gedurende hierdie periode van die lewe geniet hulle baie min aandag van die vader wat broodwinner is en buitenshuis werksaam is. Dit is dus duidelik dat kinders tans hoofsaaklik aan die sorg van die moeder toevertrou is totdat hulle die huis verlaat.

Moeders verklaar voorts dat hulle nie meer op die hulp van hulle kinders aanspraak kan maak nie aangesien hulle deur skoolwerk en buitemuurse aktiwiteite besig gehou word. Te midde hiervan verg die huishouding egter meer aandag as in die verlede en moet daar sorg gedra word dat die kinders elke dag goed versorg en netjies na skool gaan.

In die uitoefening van dissipline voer die moderne moeder 'n eensame stryd. Benewens die feit dat die gesag van die gesinshoof ontbeer moet word, word baie moeders deur die moderne jeug om die vinger gedraai en gaan die groot meerderheid jeugdiges vandag hulle eie gang.

Moeders kla ook dat daar nie veel tereg kan kom van die tradisionele onderrig wat vir elke kind so onontbeerlik

was nie. Die moderne jeug beskou hulle ouers as ongeleerd en heg baie meer waarde aan die dinge wat in die klaskamer geleer word.

(xi) Pligte en verantwoordelikhede van die kinders.

Dit het reeds duidelik geblyk uit die voorafgaande beskrywings dat die kinders van die baKolobeng op vroeë leeftyd alreeds hulle ouers in die daaglikse roetinewerk, binne en buite die huis bygestaan het. Die dogters het hulle moeder vergesel om water te haal, hout op te tel en koring te stamp. Benewens hulle bystand ten opsigte van alle binnenshuise werk verbonde aan die huishouding, sou hulle ook soos klein moedertjies moes omsien na die baba en die kleiner kinders in die huis. Langs hierdie weg het hulle deeglik vertroud geraak met die pligte en verantwoordelikhede waaraan hulle as toekomstige huisvroue sou moes beantwoord.

Die jonger seuntjies was verantwoordelik vir baie buitenshuise werkies, terwyl hulle ook nuttige boodskapdraers vir hulle moeder was.

Die jong seuns het hulle vader vergesel op die jagtog, hom bygestaan in die kraal waar die koeie gemelk word en handlanger gespeel waar hutte gebou is.

Op 'n vroeë stadium moes die kinders leer om 'n wakende oog te hou oor die besittings van hulle ouers. Indien enigeen in ongehoorsaamheid en ontrouheid hulle verpligtinge ontduik het, het 'n swaar straf gevolg.

Kinders wat elders 'n verdienste gevind het, was verantwoordelik om 'n gedeelte van hulle inkomste aan hulle vader af te staan. Deur onderdanigheid, eerbetoon, hoflikheid en gehoorsaamheid, het kinders hulle waardering en dankbaarheid betuig vir die opvoeding en versorging wat hulle

van hulle ouers ontvang het, en het hulle ook trou gebly aan 'n tradisionele gesegde: „Motsala-motho ke modimo wa gagwe", dit wil sê, 'n kind se ouer is sy god.

In die lig van bovermelde is dit te verstane dat 'n seun of dogter geen onderneming sonder die raadpleging van die ouers sou aanpak nie. 'n Ouer is altyd geraadpleeg, immers, daarvan word voldoende bewys gelewer uit die huweliksreëlings asook die inwoning na die huwelik. Die baKolobeng verklaar dat 'n kind nooit mondig geword het solank as wat sy ouers nog in die lewe was nie.

Die voorafgaande beskrywings skep 'n beeld van 'n tradisionele baKolobeng-huisgesin, waar vader, moeder en kind as 'n eenheid saamgesnoer was met 'n hegte band van geloof en tradisie, en elkeen 'n onmisbare bydrae gelewer het tot die geluk, die harmonie, die voortbestaan en die heil van die indiwidu en die gesin, maar ook van die stam as sodanig. In teenstelling hiermee word daar tans onder hierdie stam huisgesinne aangetref, geskoei op die lees van die Westerling en heeltemal losgeruk van die stamtradisies. Dit ly geen twyfel dat talle gesinslede hulleself in 'n staat van verwarring en ontwrigting bevind nie terwyl daar nog steeds na die vreemde en die nuwe gereik word. In hierdie proses van verandering het veel verlore gegaan, want alles wat nuut en vreemd en anders was, was nie goed en nuttig en beter nie, terwyl alles wat outyds was nie waardeloos en oorbodig was nie. Dit is geen wonder dat 'n geslag van oumense kopskuddend verklaar: „Ons is nie meer iets werd nie, ons kinders lag vir ons ..."[1)]

---

1) Opmerking: Vir die verval van die gesinslewe vanweë die invloed van die sogenaamde Westerse beskawing, vergelyk gevolgtrekking van C.W. Prinsloo: Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede, No. 3, April 1950, Jaarg. /Vol. 1, Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, p.12,13.

(xii) Dood van man of vrou, begrafnisseremonies en ritueel.

Alhoewel daar by die baKolobeng net soos by die ander Tswanasprekende stamme, 'n diepgewortelde vrees bestaan het ten opsigte van die dood en die aandeel wat die voorvadergeeste daarin gehad het, is daar 'n merkbare afwyking in die voorgeskrewe wyse van optrede, seremonies en ritueel, tydens dood, begrafnis en daarna.

Onmiddellik na 'n sterfgeval is die huis gewoonlik vir kinders verbied, slegs volwassenes is hiervan in kennis gestel en terwyl voorbereidings getref is vir die begrafnis is daar in fluisterstemme gepraat. Indien lastige vrae in verband met die oorledene gevra is, is kinders eenvoudig onder die indruk gebring dat so 'n persoon na die veepos of die lande gegaan het of elders 'n besoek gaan aflê het. Op hierdie wyse is die dood vir kinders geheim gehou en is dit deur hulle aanvaar dat 'n oorledene die huis om een of ander rede verlaat het sonder om weer daarheen terug te keer.

Die voorbereiding van die graf was uitsluitlik die taak van die mans. Alle manspersone is deur hierdie stam in die beeskraal begrawe terwyl vroue agter die woonhuis in die segotlo begrawe is. Laasgenoemde plek was 'n ruimte agter die woonhuis waar vroue gewoonlik kos gekook het.

Dit was gebruiklik om een van die wande van die graf uit te hol sodat die grond nooit direk op 'n lyk geval het nie.

In die geval van mans is die lyk in 'n sittende posisie in die uitgeholde ruimte geplaas. In gevalle waar 'n lyk al styf geword het is die litte losgesny waarna dit in 'n saggebreide beesvel geplaas is. Ten einde te verseker dat 'n lyk in 'n sittende posisie in die graf sou bly is daar 'n plat klip op die kop daarvan geplaas. Nadat die graf toegegooi is is dit met die oppervlakte van die grond

gelykgemaak. Vroue is begrawe in die komberse wat oor hulle was toe hulle gesterwe het en is op hulle sy in die uitgeholde ruimte neergelê.

Informante verklaar dat die man voor die vrou moet opstaan en dat die sittende posisie in die graf dit moontlik sal maak. Alle lyke is in die graf geplaas met die gesigte in die rigting van die opkomende son.

Die voorbereiding van die graf sowel as die begrafnisseremonie moes gedurende dieselfde nag afgehandel word. Hiervoor word verskeie redes aangevoer, die belangrikste waarvan daarop dui dat 'n oop graf onheil kan bring en dat die gebeurtenis vir die kinders geheim gehou moet word.

By die seremonie in die beeskraal is geen vrou toegelaat nie. Die gebruiklike slag van 'n bees, die bewerking en die kook van die vleis, asook die maaltyd wat sonder sout genuttig moes word, was die taak en die verantwoordelikheid van die mans alleen. Na die eetmaal in die beeskraal moes alle oorgeblewe vleis en bene in die vuur verbrand word ten einde alle spore van die nagtelike verrigtinge uit te wis. Informante verklaar dat hierdie seremonies in die beeskraal veral verseker het dat daar nie skade onder die vee sou kom nie, boonop sou die gees van die gestorwene altyd tot seën wees in belang van die behoud, beskerming en vermeerdering van die beeste.

As bewys dat hierdie taak vir die agtergeblewenes nie 'n genot was nie, is daar 'n soutlose maaltyd genuttig. Daar word verklaar dat die dood bitter is en dat die voedsel wat tydens die dood geëet word ook bitter moes wees.

In die geval van 'n vrouebegrafnis was dit die mans se taak om die graf gereed te maak, die vroue het self die lyk uit die huis gedra, dit dan aan die mans oorhandig wat die res van die werk gedoen het terwyl die vroue staan en

toekyk. Soos in die geval in die beeskraal is die graf ook met die grond gelykgemaak.

Al die vooraf vermelde seremonies het gepaard gegaan met talryke magiese ritusse waarin die teenwoordigheid van die ngaka onontbeerlik was. Deur sy bystand is daar verseker dat huise, indiwidue, gesinne en families deur 'n verskeidenheid van reinigingseremonies teen die dood beskerm sou word. Na die begrafnisseremonie het alle begrafnisgangers hulle hande in skoon water gewas en is die huis waarin die sterfgeval plaasgevind het, van hoek tot kant met beesmis uitgesmeer.

Onder invloed van die Christelike sending en vanweë die aanraking met die Blankes het die meeste van die reeds vermelde gebruike en seremonies in onbruik geraak en dra die huidige geslag selfs weinig kennis van die tradisionele ten opsigte van dood en begrafnis.

In Rooijantjesfontein is daar twee begraafplase, die een, genoem „Maje", geleë aan die noordekant van die Rooijantjesfontein-Biesiesvlei-pad, waar 'n paar grafte deur hierdie stam aangetref is toe hulle na hierdie plaas gekom het. Genoemde begraafplaas is deur Korana-Hottentotte wat vantevore hier gewoon het, aangelê. Toe die baKolobeng na hierdie plaas gekom het, is daar nog op tradisionele wyse begrawe en het hulle dieselfde begraafplaas gebruik.

Die ander begraafplaas is geleë aan die suidekant van die stat, aan die oorkant van die spruit. Hierdie begraafplaas is op 'n later stadium deur die stam aangelê en wel sedert begrafnisse op Westerse wyse geskied het. Hierdie begraafplaas heet Ramaliana of Ramadingwana. Laasgenoemde is die naam van die kaptein wat die stam van Tsêlêmê af hierheen gelei het.

Aangesien begrafnisse in Maje nog op tradisionele wyse plaasgevind het terwyl alle begrafnisse in Ramaliana deur die kerk behartig is, is eersgenoemde mettertyd beskou as die begraafplaas vir heidene en laasgenoemde as die begraafplaas vir christene. Vandag word alle begrafnisse in Ramaliana gehou en word slegs die absoluut buitekerklikes in Maje begrawe. Dit is egter duidelik dat daar geen buitekerklikes meer onder die baKolobeng is nie, met die gevolg dat daar vir baie jare nie meer 'n begrafnis in Maje plaasgevind het nie.

Onmiddellik na 'n sterfgeval in 'n huis word die kaptein daarvan verwittig, deur wie se toedoen die registrasie van die dood geskied en 'n sterftesertifikaat uigereik word. Onmiddellik hierna word die predikant en alle familielede van die dood en die tyd van die begrafnis in kennis gestel.

Die lyk word vandag so spoedig moontlik na die sterfgeval in 'n kis geplaas. Die deksel word egter slegs skuins oor die opening geplaas, die kis word dan in 'n hoek van die vertrek geplaas waar dit agter 'n deurskynende laken verskans word. Terwyl brandende kerse die kamer verlig, sit 'n aantal vroue plat op die vloer en waak. Indien 'n leraar die huis besoek om 'n gebed vir die familie te kom doen word hy versoek om hierdie vertrek te betree.

Dit is tans gebruiklik dat alle spieëls binne hierdie huis toegesmeer moet wees terwyl alle fotos en portrette omgedraai word. Informante verklaar dat daar hoegenaamd geen bybedoeling of bygeloof aan hierdie gebruike verbonde is nie. Hulle verklaar dat dit slegs tekens is van eerbied en ontsag vir die dood en dat hulle hiermee poog om 'n sombere, koue, kille en onpersoonlike atmosfeer te skep wat ooreenstem met die dood.

Op die dag van die begrafnis word daar 'n bees geslag, in sommige gevalle selfs 'n paar skape. Die gesinshoof is gewoonlik verantwoordelik om hiervoor voorsiening te maak. Die slagwerk word deur die mans behartig terwyl die vroue vir die voorbereiding van die etes verantwoordelik is. Benewens vleis word vandag ook pap, brood, stampmielies, mieliegruis, koek, tee en koffie aangebied. Hierdie ete word egter nie geniet alvorens alle verrigtinge afgehandel is nie. Dit is gebruiklik dat geen bier by hierdie geleentheid aangebied word nie aangesien niemand in 'n stemming mag verkeer wat die dood onwaardig is nie.

Terwyl voorbereidings in verband met die ete getref word, bring die mans die graf in gereedheid aangesien dit vandag nog gebruiklik is dat alle verrigtinge gedurende dieselfde dag afgehandel moet word, ten einde te verhoed dat die graf gedurende die nag oopstaan.

Sodra alles gereed is gaan die leraar eers die doodsvertrek binne waar die verrigtinge deur middel van 'n gebed 'n aanvang neem. Hierna word die laken verwyder, die kis toegemaak, die kerse doodgeblaas en die kis uit die huis verwyder terwyl die vroue wat gewaak het, eerste volg. Hiervandaan gaan die begrafnisgangers na die kerk waar die kis op die altaar voor die preekstoel geplaas word. Na die diens beweeg die stoet volgens Westerse gebruik na die begraafplaas.

By die graf word die kis neergelaat en bedek met 'n sinkplaat waarna elke manspersoon die geleentheid te baat moet neem om die graaf te hanteer, ten einde die graf toe te gooi en langs hierdie weg ook bewys van meegevoel te lewer. Onderwyl dit gedoen word, word daar verskillende Christelike liedere deur die res van die begrafnisgangers gesing. Hierna word die hoop grond met klippe bedek terwyl een groot klip

aan die kopkant van die graf ingeplant word. Daar word nou geleentheid aan die vroue gegee om met die groen takkies en blomme wat hulle saamgebring het, die graf te versier, as húlle blyk van meegevoel.

Nadat die leraar die seën uitgespreek het, word daar aan die oudste en naaste familielid van die oorledene geleentheid gegee om die aanwesiges toe te spreek. Hierdie toespraak bestaan gewoonlik uit bedankings en 'n kort oorsig oor die afkoms, stamverband, deugde en begaafdhede van die oorledene. Na afloop van hierdie verrigtinge gaan die begrafnisgangers terug na die huis van die oorledene waar die baddens vol water gereed staan, waar hande gewas word alvorens die maaltyd genuttig word.

Die baKolobeng versier nie grafte nie. In Ramaliana is daar onder al die honderde grafte slegs 'n paar grafte met grafstene. Indien daar wel 'n grafsteen opgerig word, geskied dit sonder enige seremonie.

Alle informante ontken dat daar enige bygeloof aan die pas vermelde begrafnisgebruike verbonde is. Daar word egter verklaar dat die stam met die bestaande gebruike trag om trou te bly aan die sigbaar-uiterlike wat ook vir die voorgeslagte gegeld het.

Dit blyk egter duidelik dat die dood vir talle stamlede dieselfde misterie as van ouds gebly het, ten spyte van die Bybelse standpunt waarvan elke stamlid, vanweë hulle verbintenis met een of ander Christelike kerk, kennis behoort te dra.

(xiii) <u>Hertrou</u>.

Na die afsterwe van 'n gesinshoof was dit gebruiklik dat die weduwee vir minstens een jaar rou bedryf. Aangesien sy sedert haar troue 'n deel van haar man se familie geword

het, was daar geen sprake van terugkeer na haar eie mense nie. Onmiddellik na die dood van haar man het die oudste seun die plek van sy vader as hoof van die familie ingeneem en het hy verantwoordelikheid vir die versorging van sy moeder en die jonger kinders aanvaar.

In die geval van 'n jong weduwee wat kinderloos agtergelaat is, was dit gebruiklik dat haar man se jonger broer haar hut kon betree ten einde haar in staat te stel om swanger te raak. Langs hierdie weg het hy egter nie haar wettige man geword nie, maar is hy slegs as 'n voog oor haar en haar huis aanvaar. 'n Kind wat deur hom verwek word, is beskou as synde die kind van die oorledene te wees of 'n kind van die bogadi wat vir haar gelewer is deur die vader van haar oorlede man.

Indien die weduwee egter nie in haar man se jonger broer belang sou stel nie, het dit haar vrygestaan om 'n ander bloedverwant uit haar skoonfamilie aan te wys om haar hut te betree. As sy egter heeltemal sou weier om enigeen van haar skoonfamilie in haar huis te ontvang ten einde kinders te verwek, is sy deur hulle as 'n hond bestempel. Indien so 'n saak na die hof gevoer sou word, kon die beslissing wees dat sy na haar eie mense moet terugkeer terwyl haar eie ouers die gelewerde bogadi na haar oorlede man se mense moes terugstuur.

Alvorens hierdie vrou met 'n buitestaander kon trou, was sy verplig om eers haar man se huis te verlaat, na haar eie ouers terug te keer, om langs hierdie weg weer 'n hubare dogter te kon word. In hierdie geval is daar egter weer bogadi vir haar gelewer. Die kleiner kinders uit die eerste huwelik moes egter onmiddellik na haar eerste man se mense teruggestuur word sodra hulle oud genoeg was.

In gevalle waar 'n kinderlose vrou te sterwe gekom het, kon 'n wewenaar op dieselfde wyse op 'n seantlo uit sy

skoonouers se huis aanspraak gemaak het. Vir so 'n plaasvervanger is daar egter nie weer bogadi gelewer nie en het die huwelik sonder enige seremonie plaasgevind. Laasgenoemde vrou het die reg gehad om onmiddellik na die huwelik die plek van die vorige vrou in haar man se huis in te neem. Kinders wat uit haar gebore sou word is egter beskou as kinders behorende aan die huis van die oorledene. Die aangewese persoon om die gestorwene te vervang, haar huishouding oor te neem en haar kinders te versorg was gewoonlik 'n jonger suster. Indien daar egter nie so 'n persoon beskikbaar sou wees nie, kon 'n ander verwant, gewoonlik 'n niggie van die oorledene, as plaasvervanger aangebied word. As die wewenaar se skoonouers in gebreke sou bly om 'n plaasvervanger te voorsien, moes die gelewerde bogadi sonder verwyl teruggestuur word. Waar die wewenaar egter nie belang sou stel in 'n plaasvervanger uit sy skoonfamilie nie moes hy die gelewerde bogadi verbeur terwyl hy verplig sou wees om weer bogadi te lewer vir 'n vrou uit 'n ander huis.

In gevalle waar 'n wewenaar glad nie in 'n tweede huwelik belanggestel het nie is die onversorgde kinders na die vrou se familie gestuur tot tyd en wyl hulle groot genoeg was om na die stat van hulle vader terug te keer. Die vader is egter onder alle omstandighede verantwoordelik gehou vir die materiële versorging van sy kinders.

Waar beide vader en moeder gelyktydig te sterwe kom is die kleiner kinders gewoonlik toevertrou aan die sorg van die vrou van die oudste seun of aan een van die getroude susters. Indien daar egter nie ouer kinders was nie is die wesies aan een van die twee grootmoeders se sorg toevertrou terwyl hulle vader se ouer broer 'n wakende oog oor hulle besittings moes hou.

Dit is begryplik dat bovermelde tradisionele gebruike ten opsigte van 'n plaasvervangende man of vrou, baie sterk deur die kerk teengestaan is. Onder die huidige omstandighede staan dit enigeen van die twee partye vry om 'n volgende huwelik aan te gaan. 'n Volgende huwelik vind tans op dieselfde wyse plaas as die eerste.

Die voogdyskap oor minderjarige kinders het egter onveranderd gebly en die eertyds geldende is vandag nog van krag in alle gevalle.

Volgens informante word dit tans verwag dat geen man of vrou aan 'n volgende huwelik sal dink alvorens 'n jaar na die sterfgeval verloop het nie.

By 'n volgende huwelik word bogadi op die gebruiklike wyse gelewer terwyl niemand die reg het om bogadi wat vir die oorledene gelewer is weer terug te eis nie.

# AFDELING C

# DIE EKONOMIESE ORGANISASIE VAN DIE BAKOLOBENG.

## HOOFSTUK VII

## DIE EKONOMIESE ORGANISASIE.

### (i) Tydperk van selfvoorsiening.

Ten opsigte van hierdie periode is daar hoofsaaklik gebruik gemaak van die getuienis van die oudste beskikbare en bruikbare informante.

Dit is duidelik dat elke baKolobeng-huisgesin nog voordat hierdie stam met die Blankes in aanraking gekom het, in alle opsigte in eie lewensbehoeftes moes voorsien.

Tereg het L. Marquard van die Bantoe in die reservate soos volg verklaar:[1]

> „The vast majority of the Bantu living in the Reserves are farmers. When the Europeans first came into contact with them the Bantu practised a primitive subsistence economy; that means that they produced enough to supply their own very elementary wants and had no surplus for exchange ... Living at a subsistence level, the only thing they could sell was their labour and, as we saw above, that is why we find them today on the mines and in the towns and on the farms. Most of the Bantu living in the Reserves today still largely practice subsistence economy."

---

1) Marquard, L.: op. cit., p.6.

Dit ly geen twyfel nie dat alles wat die tradisionele baKolobeng-huisgesin nodig gehad het binne daardie gesin geproduseer is, met die uitsondering van ystervoorwerpe, ornamente soos koperbande en ringe, krale en kleipotte, wat waarskynlik deur 'n klompie spesialiste in die stam geproduseer is. Alle mans was nie metaalsmede nie en alle vroue het nie goeie kleipotte gemaak nie.

'n Ander vorm van gespesialiseerde diens wat in hierdie samelewing gelewer is, was dié van magies-religieuse ekspert of dokter (ngaka) wat bekend was vir sy besondere kennis van en beheer oor siekte, onheil en die waarborge vir voorspoed.[1]

Soos vroeër aangetoon, het die kaptein en sy raad sorg gedra dat die grondverdeling op so 'n wyse plaasgevind het, dat aan elke gesinshoof en familie die beste geleentheid gegun is om te voorsien in die noodsaaklikste lewensmiddele en lewensbehoeftes.

Dit is duidelik dat elke familie met reg kon aanspraak maak op 'n stukkie grond vir die bou van 'n woonhuis asook 'n saailand en weiding vir die vee. Die grond vir 'n woonhuis en saailand is gewoonlik aangewys terwyl die weiding deur alle stamlede gemeenskaplik benut kon word. Ten opsigte van natuurlike hulpbronne is geen privaat eiendomsreg toegeken nie, wat daarop neerkom dat dit elke stamlid vrygestaan het om vryelik te jag, gras te sny, water te haal, klei te grawe, wildeplante te benut, bome te kap, na gelang van elkeen se besondere behoefte.

Elke gesin het 'n woonhuis gebou en wel op die kenmerkende boustyl van die Kgatla.[2] Soos laasgenoemde, het

---

1) Coertze, P.J.: op. cit., p.72.
2) Schapera, I.: Bantu Speaking Tribes of South Africa, p.184.
Id.: Married Life in an African Tribe, p.18.

hierdie stam in die verlede ronde hutte gebou. Genoemde hutte het uit slegs een vertrek bestaan. Die muur wat nooit hoër as 5 voet was nie, is eers van fyn takke wat met sterker pale gestut is, opgerig. Hierdie fyn takke wat baie geskik was vir hierdie doel is deur hulle „dithapa tsa maretlwa" genoem. Klei is nou geleidelik aan weerskante teen die takke gepleister. Vir die dak is houtstutte gebruik wat met gras bedek is en met seninggare of tulpe aan die stutte vasgeryg is. Die deur het bestaan uit dieselfde takke wat aanmekaar geheg is terwyl die venster slegs 'n klein opening van 6 duim in deursnee was en hoofsaaklik moes dien as 'n luggat om deur te kyk.

Elke gesin het 'n ringmuur van takke rondom hulle hut opgerig sodat dit 'n ruim lapa rondom die hut gevorm het. Na gelang van die behoefte aan ruimte is meer hutte binne dieselfde lapa opgerig. Alvorens daar met die oprigting van 'n hut begin is, is 'n ngaka ontbied ten einde die grond te dokter.[1)]

Alhoewel mans en vroue 'n bydrae gelewer het tot die oprigting van 'n woonhuis, die mans vir die bouwerk en die vroue vir die smeerwerk, is daar ook van sekere vaardige mense (ambagsmanne) gebruik gemaak. Vir laasgenoemde se dienste is daar gewoonlik kompensasie gelewer in die vorm van vee, graan, melk uit die kraal of handearbeid.

Daar is reeds op gewys dat die tradisionele kleredrag uiters eenvoudig was en selfvervaardig uit gebreide velle. So is die verskeidenheid gebruiksartikels soos kosbakke, karosse, komberse, kleipotte, mandjies, houtsneewerk, artikels uit been, assegaaie, skoffels en ander gereedskap, self vervaardig.

---

1) Bouvalle op Tsêlêmê (Kafferskraal) lewer bewys dat die stam daar nog in ronde hutte gewoon het. Die mure en die ringmure was toe reeds van klip opgerig terwyl die dakke van gras was.

Sekere spesialiste het benewens die voorsiening in eie behoeftes, gretig aan die versoeke van medestamlede voldoen, naamlik om die produkte van sy handvaardigheid aan hulle te verkoop. Aangesien daar geen algemene geldende handelstelsel bestaan het nie, het dit neergekom op 'n uitruiling van handearbeid of kompensasie deur middel van sekere voorregte ten opsigte van die aanteel van die beeste of graan uit die saailand. Ryk mense het byvoorbeeld hulle oortollige beeste aan die arm mense verhuur. Dit het daarop neergekom dat die huurder vir die versorging van die vee verantwoordelikheid moes aanvaar, in ruil waarvoor hy die reg ontvang het om die melk te gebruik asook 'n geringe persentasie uit die aanteel van die vee. Op dieselfde wyse is daar ook arbeiders gehuur om op die lande te werk en om die beeste op te pas. Selfs die magieër van wie se dienste voortdurend gebruik gemaak is, is op hierdie wyse vir sy dienste vergoed.

Die belangrikste en enigste graan wat aanvanklik verbou is, was kafferkoring. Hieruit is 'n groot verskeidenheid voedsel berei soos byvoorbeeld kafferkoringpap, stampkoring, kafferkoringbrood en bier.

Benewens laasgenoemde was daar ook 'n groot verskeidenheid van wildegroente,-vrugte en-wortels uit die veld waarmee die diëet aangevul is. Vleis uit die kraal of die jagveld was die mees gesogte voedsel, wat dan ook die hoofdis vir elke huisgesin uitgemaak het terwyl die gebruik van vars-, suur- en dikmelk by maaltye algemeen gebruiklik was.

Dit ly geen twyfel nie dat die vee, veral die beeste, vir hierdie stam van onskatbare waarde was. Benewens die waarde wat dit gehad het ten opsigte van voedsel en kleding is die vet gebruik as pommade en ook as brandstof vir 'n primitiewe kers of lampie. Die horings, kloutjies, stert-

hare, bene en velle is benut, sodat daar feitlik niks van 'n geslagte bees verlore gegaan het nie.

In elke huis was daar slegs 'n minimum gebruiksartikels terwyl daar van meubels in ons sin van die woord, geen sprake was nie. Volwassenes en kinders het plat op die grond gesit en geslaap. Van sekere riviergras, genoem „mosemê", is gewoonlik gebruik gemaak om as 'n soort van grondbedekking te dien om op te sit of om op te slaap.

Die werksdag het gewoonlik net na dagbreek begin. Tradisioneel was dit die verantwoordelikheid van die vroue om benewens die veelvuldige huislike verpligtinge met die „petlwana" ('n primitiewe skoffelpik) na die lande te gaan - aangesien die ploeg-, saai- en skoffelwerk aan die vroue toevertrou was.

Die mans moes benewens die herstelwerk aan hutte en krale hoofsaaklik aandag wy aan die vee en moes ook deelneem aan gemeenskaplike jagtogte wat deur alle aktiewe manlike lede van die stam meegemaak moes word.

Die ouer mans het hulle gewoonlik na die lekgotla begewe waar die belangrikste gebeurtenisse bespreek is en aandag aan stamaangeleenthede gewy kon word.

Die eerste maaltyd van die dag is gewoonlik ongeveer 10-uur genuttig. Die meeste mans het nie hiervoor huis toe gegaan nie omdat dit gebruiklik was dat die vroue of die kinders elkeen se kos moes wegbring. Hierdie eerste maaltyd van die dag het gewoonlik bestaan uit kafferkoringpap en melk. Teen die laat agtermiddag het die mense stadig begin huiswaarts keer. Nadat die vee versorg is, het die meeste mans hulle na die wasplek begewe. Die vroue het nou begin met die voorbereiding van die tweede en laaste maaltyd van die dag, wat gewoonlik bestaan het uit pap, vleis, wildegroente (morogo) en melk.

Hierna was dit gebruiklik dat ouers en kinders saamtrek rondom die vuur waar daar vir ure lank gesels is en die kinders aandagtig kon luister na stories en gebeurtenisse uit vergange se dae.

Benewens die arbeid wat in belang van elkeen se eie huishouding plaasgevind het, is daar ook aandag gegee aan 'n spesiale saailand (phatsha) wat vir die kaptein afgesonder was. Hierdie saailand is deur alle onderdane gemeenskaplik bewerk en was 'n blyk van lojaliteit teenoor die stamhoof. Laasgenoemde was weer verantwoordelik om in die welsyn van familielede belang te stel en om met 'n wakende oog om te sien na behoeftiges. Die kaptein sou egter ook te alle tye die reg hê om 'n beroep op sy stamlede te doen ten einde 'n bydrae te lewer ten opsigte van enige onderneming wat die welsyn van die stam kon bevorder.

Dit was voorts gebruiklik dat ouers met die oog op die toekomstige huwelik van 'n seun, vroegtydig beeste sou afsonder om uiteindelik voorsiening te hê ten opsigte van bogadi-beeste. Op dieselfde wyse moes ouers ook vir hulle seuns en dogters dit moontlik maak om aan die vereistes vir toelating tot die stamskool te voldoen.

(ii) <u>Tydperk van groeiende aanvraag na nuwe lewensmiddele</u>.

Dit is vanselfsprekend dat die aanraking met die Blankes 'n geweldige omwenteling in die ekonomiese struktuur van hierdie stam ten gevolg gehad het.

Die grootste aanvraag en hunkering na die nuwe en die vreemde is inderdaad ten opsigte van die tegnologiese openbaar.

Die reeds vermelde ysterwerk wat die taak van spesialiste was het belaglik vertoon met die verskyning van ploeë, skoffels, messe, eetgereedskap en talle ander ysterware wat

reeds in besit van die Blankes was en nou deur die handelaars vir hulle aangebied is. Die so onontbeerlike leerwerk is deur die aanbod van moderne komberse, klere en alle ander materiale oorbodig gemaak. Onder aandrang van die Christelike sending en die afkeuring wat geheg is aan die tradisionele kleredrag, het die moderne kleding spoedig by talle stamlede in aanvraag geraak.

Die tradisionele artikels in pottebakkery, mandjiewerk, houtsneewerk en alle ander handvervaardigde benodigdhede het spoedig vir die mense minderwaardig vertoon in vergelyking met die fabrieksvervaardigde wat die Blanke ten toon gestel en te koop aangebied het. Daar is ook spoedig besef dat ysterpotte, bekers en kanne, emalje skottels, bakke en borde, doeltreffender en sterker was as die oue wat van klei, biesies of hout vervaardig was.

Vuurhoutjies het spoedig die ou vuurstokkies vervang terwyl ingevoerde krale, oorringe, armbande en talle ornamente alle oë laat glinster het. In die ooryweriGe en gretige gegryp na die nuwe, is die oue verag en verwerp en alle spesialiste ontmoedig om met hulle skeppingswerk voort te gaan. Vir nuwighede soos sout, suiker, brood en tabak was daar geleidelik groter aanvraag. Europese meubels soos tafels, stoele, beddens en hangkaste is baie gretig in gebruik geneem terwyl die ou tradisionele bouwerk aansienlik vergemaklik en verbeter is deur middel van gebakte stene, hout of staaldeure, vensterrame en sinkplate.

Sedert die baKolobeng op Rooijantjesfontein woonagtig is het die boustyl in navolging van die Blankes 'n radikale verandering ondergaan.

Ongeveer 80% van die huidige wonings is gebou van roustene waarna die mure met klei gepleister of gesmeer is. Die huidige wonings is vierkantig en bestaan uit drie

vertrekke wat gewoonlik dien as kombuis, sitkamer en slaapkamer. Die huisies is voorsien van 'n voor- en agterdeur en een klein hout- of staalvenstertjie per vertrek. Gewoonlik is daar geen binnedeure, geen plafonne nie en is die vloere met klei of mis gesmeer.

Die skuins platdakke is van sink wat gewoonlik met klippe vasgepak is ten einde die sink ongeskonde te behou en dit weer te kan gebruik wanneer daar eendag 'n beter en groter huis gebou kan word. Die meeste van hierdie wonings is swak omhein en slegs 'n klein persentasie het nog die tradisionele lapa.

In die verste hoek in die agterplaas is daar 'n latrine opgerig terwyl langs baie huise ook 'n stoorkamer of afdak opgerig is om te dien as onderdak vir graan, implemente of 'n trekker.

Die res van die wonings is moderne woonhuise soos dié van die kaptein wat reeds beskrywe is. Dit is opmerklik dat die spoellatrine binne die woonhuis nog geen inslag gevind het nie, origens is dit egter ingerig soos enige moderne Europese woonhuis.

Op die gebied van die landbou was daar net soos in bovermelde gevalle 'n radikale omwenteling. Daar is geleidelik kennis geneem van 'n doeltreffender en intensiewer bewerking van grond asook van moderne gereedskap vir plaasgebruik. Vanselfsprekend het bovermelde ook gepaard gegaan met talle nuwe metodes en tegnieke. Spoedig het die stam ook die eertyds onbekende diere soos perde, donkies en varke begin aanskaf en is daar meer sukses behaal met die boerdery vanweë beter watervoorsiening, die dip van vee en meer doelgerigte kruisings.

Temidde van al hierdie skynbare verbeterings en ontwikkelings mag daar nie uit die oog verloor word nie dat die

strewe en hunkering na geld as aantreklike en eertyds onbekende handelsmiddel, nie altyd vir hierdie stam 'n seën was nie. Sommige stamlede het in hulle oorhaastige strewe na die verkryging daarvan, nie net alles moontlik aan die Blankes verkwansel nie, maar selfs ook in groot getalle die stam verlaat en hulleself aan die Blankes verhuur ten einde die so gesogte moderne gebruiksartikels deur middel van geld te kon bekom.

Die gevolgtrekking waartoe die Tomlinson-kommissie gekom het ten opsigte van die aanraking tussen Blank en Bantoe in die algemeen ten opsigte van die ekonomiese lewe, is tiperend van die resultate van dieselfde proses by die baKolobeng, in die besonder:[1)]

> Die eenvoudigste bestaansekonomie is deur aanraking met die Blanke in toenemende mate gedwing tot verandering, en wel veral ten opsigte van:
>
> (i) die houding teenoor vee, veral beeste;
> (ii) die vorm en doel van die akkerbou;
> (iii) die omvang en waarde van die jag- en versamelbedrywe as voedselbron;
> (iv) die betekenis van die bodem en van grondbenutting;
> (v) die aanwas van mens en dier;
> (vi) die waarde van tyd en arbeid;
> (vii) die metode van waardebepaling; en
> (viii) verpligtinge buite die eng familiekring.

(iii) <u>Hedendaagse voorsiening in moderne lewensbehoeftes</u>.

Soos reeds aangetoon, behoort die plaas Rooijantjesfontein aan die baKolobeng as geheel. Op hierdie plaas

---

1) Tomlinson-verslag: Kommissie vir die Sosio-ekonomiese Ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika. Die Staatsdrukker, Pretoria. U.G.61/1955.

bestaan daar geen indiwiduele eiendomsreg nie. Die enigste erkende regte is die gebruiksreg van gesinshoofde op die ploeglande wat aan hulle toegewys word en hulle reg om 'n beperkte getal vee op die gemeenskaplike weivelde aan te hou.

Waar elke Bantoeman vroeër krygsman, jagter en veebesitter was en die vrou aandag moes gee aan die skoffel van die saailande, het ook hierdie funksies van man en vrou 'n radikale verandering ondergaan. Die wild is gaandeweg uitgeroei en die veebesit is weens gebrek aan voldoende weiding aan bande gelê. Dit is dus te verstane dat daar nie meer soos op die tradisionele wyse in die lewensbehoeftes van 'n gesin voorsien kan word nie.

Talle gesinshoofde op hierdie plaas is mettertyd voor die keuse gestel om akkerbouer te word of om hulle arbeid aan die Blankes te verkoop.

Vanweë die hunkering na die nuwighede wat die Westerse beskawing gebied het en die geringe inkomste uit die klein stukkies ploeggrond, bevind talle mans hulle vandag buite die grense van hierdie stam. Die klein stukkies ploeggrond wat aan hulle toegesê is, is gewoonlik aan sekere indiwidue wat oor die nodige plaasgereedskap beskik, verhuur of gegee om om 'n deel bewerk te word. Aangesien hierdie stam vir sy bestaan hoofsaaklik van die veeboerdery en landbou afhanklik is, en in aanmerking geneem word dat slegs 6 akkers ploeggrond en 'n beperkte weidingsreg aan elke wettige manlike stamlid toegesê word, kan begryp word dat daar 'n groot

persentasie stamlede is wat 'n hewige stryd moet voer om te bestaan.[1)]

As gevolg van hierdie omstandighede moet talle Bantoevroue dikwels alleen die spit afbyt ten opsigte van die versorging van kinders en die instandhouding van die huis. Met die wisselvallige kontant bydraes wat baie ongereeld deur haar man aangestuur word en die geringe deel wat uit die verhuurde ploeggrond ontvang word, is dit vir talle moeders net onmoontlik om die mas op te kom. Om hierdie rede is daar op hierdie plaas selfs ook etlike moeders wat die kinders aan die sorg van hulle grootouers toevertrou ten einde self 'n verdienste in die omliggende omgewing te vind.

Uit die landbousensus van 1950 ten opsigte van die baKolobeng kry ons enigsins 'n beeld van die toestand op landbougebied op daardie stadium en is dit moontlik om in die lig daarvan die ontwikkeling sedert daardie tyd tot die huidige, in breë trekke te bepaal:[2)]

| | |
|---|---|
| Grond deur die stam gebruik (morge) | 10,085 |
| Grond bebou (morge) | 1,797 |
| Kafferkoring (sakke) | 169 |
| Mielies (sakke) | 4,154 |
| Bone (sakke) | 267 |
| Vrugtebome | 1,202 |

---

1) 'n Akker word beskryf as 'n stuk ploeggrond 25 treë wyd en 300 treë lank.
Die gebruiksreg van die grond van 'n manlike stamlid word na sy dood deur sy weduwee geërf en na haar dood gelykop onder haar seuns verdeel. Indien daar nie seuns is nie word dit geërf deur die man se rangwane (jonger broer van sy vader) of sy rremogolo (ouer broer van sy vader).
Indien daar geen erfgenaam is nie gaan die grond na die kaptein terug wat dit dan in oorleg met sy raadsmanne sal verdeel.
Gebruiksreg word in alle gevalle verbeur wanneer 'n stamlid wat buite die stamgrense woon in gebreke bly om jaarliks R3.00 in die Stamtrustfonds te stort.

2) Breutz, P.L.: op. cit., p.37(a).

| | |
|---|---|
| Koeie (1 jaar en ouer) | 572 |
| Kalwers (onder 1 jaar) | 236 |
| Bulle (1 jaar en ouer) | 21 |
| Osse | 1,165 |
| Perde | 73 |
| Donkies | 342 |
| Wolskape | 1,271 |
| Gewone skape | 150 |
| Bokke | 206 |
| Varke | 212 |
| Pluimvee | 1,068 |
| Beeste verloor | 117 |
| Skape verloor | 105 |
| Bokke verloor | 55 |
| Wol verkoop (pond gewig) | Geen |
| Huide van grootvee verkoop | 117 |
| Velle van bokke en skape verkoop | 160 |

Gedurende die afgelope 15 jaar is daar op die gebied van die landbou op hierdie plaas groot vordering gemaak. Danksy die leiding en aandag van owerheidsweë en die veranderde benadering van die latere kapteins ten opsigte van die moderne gereedskap en landboumetodes soos die groter toediening van kunsmis, die dieper ploeg van grond en die gebruik van beter saad, het die mielieopbrengs per morg aansienlik verbeter.

Waar daar gedurende 1950, 1797 morge bewerkbare grond op hierdie plaas was, word daar tans oor die 4,000 morge vir die kweek van mielies benut. Die feit dat die kaptein alleen vanjaar soveel mielies gewen het as die hele stam gedurende 1950, is voldoende bewys van die vordering wat gemaak is.

In hierdie mielieproduserende deel word dit bereken dat 1 trekker voldoende is om 100 morge te bewerk. Hierdie

stam beskik tans oor 60 trekkers, wat beteken dat daar 'n trekker is vir elke 68 morge bewerkbare grond.[1)]

Alhoewel die huidige oes van 20,000 sakke mielies per 4,000 morge 'n aansienlike verbetering is in vergelyking met 4,590 sakke per 1,797 morge gedurende 1950, dui dit egter steeds op 'n uiters swak mielieoes vir hierdie omgewing. Die opbrengs per morg het dus van 1950 van 2½ sakke per morg opgeskuif na 5 sakke per morg in 1968.

Mielieboere getuig dat 20 sakke per morg 'n redelike gemiddeld vir Wes-Transvaal is, alhoewel Blanke boere in die omgewing van Rooijantjesfontein, gemaklik 30 sakke per morg produseer. Indien in aanmerking geneem word dat met die moderne bewerking van grond, die eerste 10 sakke per morg net genoeg is om die onkoste te delg, kan daar begryp word waarom hierdie stam op ekonomiese gebied nog 'n opdraende stryd moet voer.

Behalwe die kaptein is daar uiters 20 boere wat bo die gemiddeld vir Wes-Transvaal, mielies produseer en wie vandag as selfstandige boere beskou kan word.

Die swak opbrengs per morg kan toegeskryf word aan daardie groot aantal boere wat vanweë 'n gebrek aan die nodige gereedskap, die swak bewerking van grond en die skrale toediening van kunsmis, nog altyd teen 'n verlies gewerk het. Dit is duidelik dat daar 'n oneweredige verspreiding van plaasgereedskap is. 'n Paar boere worstel eenvoudig met donkiespanne voort, ander is verplig om 'n buurman se trekker te huur en moet eenvoudig wag tot tyd en wyl die trekker-eienaar se grond klaar bewerk is, terwyl ander weer deur omstandighede gedwing word om hulle grond vir 'n geringe deel uit die oes aan ander af te staan.

---

1) Daar moet in aanmerking geneem word dat trekkers nie gemeenskaplik besit word nie. 'n Paar welvarende boere besit tot drie trekkers, terwyl die grootste persentasie boere nog nooit 'n trekker kon bekostig nie.

Wat die veeboerdery aanbetref, moes die stam vanweë die aanlê van meer lande met minder weiding klaarkom. Ten spyte hiervan bewys die volgende statistieke vir November 1967[1)] dat daar tans meer stuks vee op veel minder weiveld in vergelyking met 1950 aangehou word:

| | |
|---|---|
| Beeste | 1,839 |
| Skape | 1,837 |
| Bokke | 551 |
| Perde | 17 |
| Muile | 17 |
| Donkies | 90 |

Die feit dat daar 'n baie kleiner verlies as gevolg van veevrekte was as gedurende 1950 kan toegeskryf word aan die periodieke besoeke en aandag van 'n veeïnspekteur van wie se dienste die stam gretig gebruik maak.

Benewens reeds vermelde vee besit die stam 354 varke en 2,041 hoenders. Onder die huidige omstandighede is die stam in sy woongebied hoofsaaklik op die boerdery aangewese vir 'n lewensbestaan en is daar behalwe die moontlikheid om buite die stamgrense 'n inkomste te vind, weinig ander geleenthede.

Behalwe die onderwysers, evangeliste en toordokters, is daar geen ander professionele mense nie. Daar word tans geen handwerk vir besigheidsdoeleindes vervaardig nie, en behalwe 'n paar handvaardiges in die boukuns, motorherstelwerk en naaldwerk, is daar op hierdie plaas geen ambagsmanne te vinde nie. Die enigste sakeonderneming behoort aan 'n Indiër wat alreeds vir die afgelope 25 jaar hier handel dryf. Vanweë hierdie gevestigde handelsaak en die ondersteuning

---

1) Gegewens verkry uit die kantoor van die Bantoesakekommissaris, Statistiek vir Rooijantjesfontein, November 1967.

wat hy van stamlede geniet asook die krediet wat hy in staat is om te gee, is dit onwaarskynlik dat iemand anders dit sal waag om met 'n mededingende onderneming te begin.

In die lig van bovermelde kan dit verstaan word waarom so 'n groot gedeelte van die stam, ten spyte van hulle gebruiksreg op hierdie plaas, hulleself buite die stamgrense bevind, en waarom soveel huisgesinne in ellendige armoede moet lewe.

Dat hierdie toestand baie probleme skep en uiters nadelige gevolge baar vir indiwidue, gesinne, maar ook vir die stam as sodanig, blyk ook duidelik uit die gevolgtrekking waartoe L. Marquard gekom het:[1)]

> „In some districts a very high proportion of the adult males is away at any one time earning cash wages. This is not very good for the Reserves, and it can be imagined what the results would be for a European town if, say, more than 50 per cent of the fathers and elder brothers of that town had to travel hundreds of miles away from home in order to earn a living."

---

1) Marquard, L.: op. cit., p.9.

# AFDELING D

## GODSDIENS EN MAGIÉ ONDER DIE BAKOLOBENG.

## HOOFSTUK VIII

### GODSDIENS EN MAGIÉ.

(i) Tradisionele verering.

Volgens Coertze kan godsdienstige opvattings en praktyke in die volgende twee hoofkategorieë ten opsigte van die voorstelling van die bonatuurlike verdeel word:[1)]

(a) 'n Persoonlike krag of kragte wat as sodanig persoonlike wesens is met 'n eie selfstandige wil en eie handelingsbevoegdheid, hier behandel onder die opskrif: „Tradisionele verering" (Godsdiens).

(b) 'n Onpersoonlike krag wat op sigself willoos is maar wat deur enige persoon of wese wat die kennis en vaardigheid

---

1) Coertze, P.J.: op. cit., p.182.
Vir die tradisionele verering onder die Bantoe, vergelyk ook:
„Ons moet", dr. C.H. Badenhorst, Inleiding tot die Sendingbeplanning van die N.G. Kerk in Suid-Transvaal, Johannesburg, 1967, p.31.
Tomlinson-verslag, p.3,4.
Breutz, P.L.: op. cit., p.44.
Coertze, P.J.: op. cit., p.182-192.
Schapera, I.: The Bantu Speaking Tribes of S.A. p.247-270.
Id.: Ethnographic Survey of Africa, The Tswana, p.58-65.
Marquard, L.: op. cit., p.15-17.
Cronje, G.: op. cit., p.60-65.
Seligman, C.G.: op. cit., p.127-130.
Malinowski, B.: op. cit., p.94-99.
Parrinder, E.G.: op. cit., p.31-100.
Krige, E.J.: op. cit., p.280-296.
Smith, Edwin W.: African Ideas of God, Edinburgh House Press, London, 1950, p.116-122.
Pritchard, E.E. Evans: Nuer Religion, At the Clarendon Press, Oxford, 1956.
Durkheim, E.: op. cit., p.273-295.
Pauw, B.A.: op. cit., p.12-13.
Sundkler, B.G.M.: Bantu Prophets in South Africa, The International African Institute, Oxford University Press, 1961, London - New York - Toronto,1961, p.19-25.
Hobley, C.W.: Bantu Beliefs and Magic, H.F. & G. Witherby Ltd., London, 1938, p.19-154.

daartoe besit vir sy eie of vir ander se doeleindes ingespan of aangewend kan word, behandel onder die opskrif: „Magié en beoefenaars".

In die geval van die godsdiens is die kragte persoonlik van aard en is ook as sodanig benader. Die afhanklike mens het gevra of gesmeek deur aanbidding en offerhande om die hulp en bystand van die betrokke wese of wesens. Daar was 'n houding van eerbied en smeking hoewel so 'n wese soms ook bestraf kon word indien hy nie gunstig gereageer het op die smeker se wense nie. Laasgenoemde dui op die suiwere godsdiens en staan bekend as „Persoonlike Supernaturalisme".

Volgens die oudste informante het die baKolobeng net soos die res van die Tswanastamme in 'n onsigbare en onsienlike god geglo. Hy was volgens hulle die skepper en onderhouer van alles terwyl hy ook oor die ewige lot van elke mens beslis het. In teenstelling met Modimo van die Batswana, getuig hierdie stam dat hulle god Tintibane geheet het. Die openbaring van hierdie god se mag en krag kon gewoonlik in die natuur opgemerk word in die donderweer, die bliksem, wind, hael, hitte, droogte en oorstromings. Dit is duidelik dat die geloof in hierdie god baie vaag was. Hierdie opperwese is gesien as een wat ver bo die mens en sy alledaagse lewe verwyder was. Om hierdie rede is daar deur hierdie stam eintlik geen bepaalde rituele dienshandelinge met betrekking tot hom uitgevoer nie. Daar word wel verklaar dat hy na langdurige droogte of rampe genader is maar dat dit nooit direk plaasgevind het nie.

Wanneer iemand deur weerlig getref is, het hierdie stam op grond van 'n prik in die liggaam geweet dat Tintibane vir so 'n dood verantwoordelik was. Indien daar egter 'n streep oor die liggaam gebrand was, is dit „tladimothwane"

genoem, met ander woorde, weerlig wat veroorsaak is deur die bose mag van die baloi.

In teenstelling met die vae godegeloof by hierdie stam was daar die geloof en verering van die geeste van hulle voorvaders. Laasgenoemde was inderdaad die oorheersende godsdiensvorm.

Daar is reeds in 'n vorige hoofstuk gewys op die tradisionele begrafnisseremonies wat daarop dui dat mans en vroue op 'n besondere wyse in die graf geplaas is ten einde maklik te kan opstaan en sodoende te beweeg na die onderaardse verblyfplek van die voorvadergeeste (badimo). Daar is geglo dat die gestorwe man vanuit hierdie oord steeds sou waak oor die beeste van sy agtergeblewe familielede, terwyl die gestorwe vrou weer 'n wakende oog oor die landerye en gesaaides sou hou. Dit is dus duidelik dat daar geglo is aan 'n lewe ná die dood en wel dat alle afgestorwenes hulle daar in 'n geestelike staat bevind.

Die nog-lewendes was van oortuiging dat die geeste van die gestorwe voorvaders terdeë in die doen en late van hulle nakomelinge belanggestel het. Om genoemde rede is dit te begrype dat stamlede deur woord en daad getrag het om alle stamwette en gewoontes te handhaaf ten einde in die goeie guns van die badimo te bly. Goeie gesondheid, voorspoed en seëninge is aanvaar as die beloning vir gehoorsaamheid terwyl siekte, dood en rampe en ekonomiese verliese toegeskryf is aan die toorn van die voorvadergeeste wat ontvlam oor die ontroues en die ongehoorsames.

Elke familie is beskou as onder die toesig van hulle eie afgestorwe voorvadergeeste te wees. Stamlede was voorts van oortuiging dat die karaktertrekke en persoonlikheidseienskappe waaraan 'n persoon in sy aardse lewe gekenmerk is, deur hom in die hiernamaals behou word. Die status wat 'n

persoon op aarde geniet het, het ook sy status as voorvadergees bepaal.

In die praktyk het dit daarop neergekom dat die verering deur die lewendes slegs beperk was tot daardie persone wat aan hulle op aarde bekend was. Die gesinshoof is beskou as die lewende skakel tussen die gesinslede en die badimo. Om hierdie rede was dit sy verantwoordelikheid om leiding te neem in alle ritusse en seremonies in verband met die voorvadergeeste. Op dieselfde wyse is die familie weer deur 'n seniorfamiliehoof by die voorvadergeeste verteenwoordig. Genoemde familie- en gesinshoofde het dus as middelaars opgetree en sou na hulle dood weer die naaste wees aan die agtergeblewenes.

Behalwe die reeds vermelde verpligtinge van indiwiduele families teenoor die voorvadergeeste moes alle stamlede ook die voorvadergeeste van die regerende kaptein respekteer en vereer as die bron van alle voorspoed en welvaart wat die stam as geheel kon begunstig. Die kaptein is beskou as die priester en middelaar van die stam en ook as die toekomstige regeerder uit die geesteswêreld. In die lig van bovermelde is dit te verstane waarom die stam in tye van nood by die groot-beeskraal (begraafplaas van alle kapteins) saamgetrek het om te „bid" vir reën.

Die kaptein was verantwoordelik vir die uitvoering van menigvuldige ritusse en seremonies. Die doktering van die leër tydens oorlog, die landerye, stamgrense, grond vir die aanlê van 'n nuwe stad, die stam in tye van epidemies, inisiasieskole, ouderdomsregimente, saad, die fees van die eerste vrugte en alle reënmaakseremonies, was maar net 'n geringe deeltjie van sy menigvuldige verantwoordelikhede. Dit is dus te verstane dat die sukses wat sou volg op enige

ritus wat onder sy leiding plaasgevind het, inderdaad sy status en prestige sou bevorder.

Aangesien dit onmoontlik is om die menigvuldige seremoniële ritusse en taboebepalings van die stam ten opsigte van die voorvadergeeste in 'n enkele hoofstuk te behandel, word hier slegs aandag gewy aan die belangrikste seremonies ten opsigte van die landbou.

(a) Reënmaakseremonies.

Die stam was nog altyd van die wolke afhanklik omdat dit die faktor was wat sou bepaal of daar graan op die saailande sou wees, wildevrugte of -groente in die veld, wild om te jag en watervoorrade vir huislike gebruik.

Omdat daar van die standpunt uitgegaan is dat Tintibane nie voortdurend lastig geval moes word met allerhande nietighede nie, omdat hy so ver verwyderd was, is die toevlug dus na die voorvadergeeste geneem. Hierdie ver verwyderde opperwese kon deur die hiërargie van die voorvadergeeste, wat as bemiddelaars tussen hulle en die opperwese sou optree, egter oorreed word om sy goeie guns aan hulle te bewys.

Om verseker te kon bly van die goeie gesindheid van hierdie bemiddelaars en omdat laasgenoemde in die ander lewe nog behoefte gehad het aan aardse middele, moes hulle gereeld van voedsel en drank voorsien word. Hierdie offerandes deur die afhanklike lewendes het gewoonlik die vorm aangeneem van klein hoeveelhede bier en ander voedsel wat terloops vir hulle op die grond gestrooi is, asook die slag van diere by verskillende oorgangsmomente, soos geboorte, huwelik en dood, by die aanbreek van die verskillende seisoene in die landbou, in geval van siekte en wanneer die geeste in drome aan hulle aardse nakomelinge verskyn.

Agter die hut van die kaptein se hoofvrou is daar gewoonlik 'n verskeidenheid kleipotte met reënmaakmedisynes bewaar. Aan die begin van 'n nuwe seisoen is die jongdogters van die stam beveel om water te gaan skep ten einde hierdie potte te vul. Daarna is die inhoud van die potte deur die jong seuns geneem en dit oral op die persele, paaie, statte en lande gesprinkel.

Indien die reën nog sou wegbly sou 'n verskeidenheid voorwerpe wat met die reën in verband staan soos dryfhout, spoelgras en wilgerboomtakke aan die brand gesteek word terwyl die inhoud van die potte daaroor uitgegiet word. Die opstygende rookkolomme kon sodra dit die wolke raak, reën veroorsaak. 'n Ander metode was om die grafte van die voorvaders te besoek en dit te besprinkel met water en bier terwyl allerhande smeekliedere vir die voorvadergeeste gesing word.[1)]

Indien al bovermelde pogings vrugteloos was, is die kaptein deur stamlede vergesel na die grafte van sy voorvaders. 'n Swart bul, spesiaal vir so 'n geleentheid afgesonder, is dan geslag en dele van die vleis, vel en bene op

---

1) 'n Reënseremonie waarvan ouer informante getuig en die jonger geslag geen kennis dra nie verskil van dié van ander Tswanastamme en word „moroka" genoem. Die „modirapula" (die persoon wat oor besondere gawes en medisyne beskik om reën te maak) versoek die vroue van die stam om met hulle kleipotte na die fontein te gaan. Die kaptein se dogter vergesel hulle daarheen waar sy van kop tot tone met klei besmeer word. Sy word nou gebied om op 'n vlak plek in die water te gaan staan. 'n Spesiale kleipot wat „moroka" bevat (reënmedisyne) word nou met behulp van die ander kleipotte met water gevul waarna dit oor die besmeerde dogter uitgegiet word.

Voordat die fontein verlaat word, word die kleipotte met water gevul en op die pad terug na die kaptein se huis word die vroue gelei deur hierdie dogtertjie, van plek tot plek word water uit die verskillende potte op die grond gegiet.

Informante beweer dat hierdie seremonie so effektief was dat die vroue gewoonlik nat gereën het voordat hulle by die huis van die kaptein aangekom het.

die graf verbrand. Terwyl die rook hiervandaan opgestyg het, het die kaptein in aanbidding by die voorvaders gepleit om reën vir sy mense.

(b) Seremonies in belang van die oes en die vee.

Benewens die verantwoordelikheid om voorsorgmaatreëls te tref ten opsigte van genoegsame reën, is daar ook met nougesetheid gewaak oor die landerye, weivelde en beeskrale.

Die proses waarin die vrugbaarheid van die lande verseker is, is „Thaa" genoem. Alvorens 'n land aangelê of vir die volgende seisoen voorberei is, moes die ngaka in samewerking met die kaptein deur middel van sekere medisyne die vrugbaarheid daarvan verseker.

'n Poeier wat berei is van sekere plantwortels is gewoonlik op seremoniële wyse oor die akkers gestrooi, waarna ook die saad gewas en gedokter is.

Om die gesaaides teen diefstal te verseker is lang graspolle op die vier hoeke van die land aanmekaar geknoop en met medisyne „gedokter". Op hierdie wyse is daar verseker dat elkeen wat dit sou waag om van die graan te steel se hande daaraan sou vaskleef en dus verhinder sou word om iets daarvan weg te dra.

Ten einde te voorkom dat 'n koringoes deur voëls verniel word is vure in die koringlande gemaak. Medisyne wat op die smeulende vuur uitgegiet is sou op magiese wyse die bekke van die voëls gesluit het.

Om die veiligheid en vrugbaarheid van die vee te verseker is daar benewens die menigvuldige taboebepalings, gebruik gemaak van die ngaka en sy medisyne wanneer beeskrale gebou word.

(ii) Magié en beoefenaars.

Aan die begin van hierdie hoofstuk is daar reeds gewys op die verskil tussen 'n persoonlike krag of kragte en 'n onpersoonlike krag wat op sigself willoos is maar wat deur enige persoon of wese wat die nodige kennis of bevoegdheid daartoe besit vir bepaalde doeleindes aangewend kan word. Waar die persoonlike krag op die suiwere godsdiens dui en bekend staan as „persoonlike supernaturalisme", dui die onpersoonlike krag op 'n soort towerkrag of selfs geluk wat bekend staan as „onpersoonlike supernaturalisme".[1)]

Soos onder baie ander Bantoestamme is die towenaar, toordokter, ngaka en waarsêer, ook bekende persoonlikhede onder die baKolobeng.[2)]

Bovermelde mense het in die beoefening van hierdie kuns hulleself bedien met bepaalde middels soos sekere woorde, spreuke, liedere, gebare, aksies en voorwerpe wat deur die hantering van die towerkunstenaar, bonatuurlike krag ontvang het.

Daar dien voorts op gelet te word dat towerkrag tot voordeel of tot nadeel van die gemeenskap aangewend kon word (wit en swart magié). In die een geval het dit gestrek tot voordeel van 'n persoon of gemeenskap terwyl dit terselfdertyd tot nadeel van iemand anders kon strek.

---

1) Coertze, P.J.: op. cit., p.188.
2) Vergelyk ten opsigte van die subjekte van magiese praktyke:
Middleton, John & Winter, E.H.: Witchcraft & Sorcery in East Africa, Routledge & Kegan Paul, London, 1963.
Parrinder, Geoffrey: Witchcraft: European and African, Faber & Faber, London, 1963, p.128-140.
Schapera, I.: Ethnographic Survey of Africa, The Tswana, p.61-66.
Cronje, G.: op. cit., p.61.
Pritchard, E.E. Evans: Witchcraft Oracles and Magic among the Azande, At the Clarendon Press, Oxford, 1965, p.387-545.
Reynolds, Barrie: Magic, Divination and Witchcraft among the Barotse of Northern Rhodesia, Chatto and Windus, London, 1963, p.1-128.

Wanneer 'n toordokter sy towerkuns aangewend het in belang van 'n persoon of gemeenskap het dit gewoonlik betrekking gehad op die genesing van siektes, die beskerming teen gevare en die versekering van voorspoed, met ander woorde, wit magié. Aan die ander kant is geglo dat mense bewustelik van towermiddels gebruik kan maak om mense siek of dood te maak, misoeste te veroorsaak en alle soorte onheile oor mense te bewerkstellig, met ander woorde, swart magié.

In die lig van bovermelde is geglo dat siekte en ander rampe aan die misnoeë van die voorvadergeeste of aan die bose werking van towerkrag te wyte kon wees. Watter van die twee dit kon wees en watter herstelmiddels nodig sou wees, byvoorbeeld offerandes aan die een kant, en towermedisynes aan die ander kant, moes deur die waarsêer, 'n geeerde persoon in die gemeenskap vasgestel word.[1)]

Magieërs onder die baKolobeng het van 'n groot verskeidenheid medisyne gebruik gemaak. Daar was onder andere medisyne vir die behandeling van liggaamlike siektes en epidemies, medisyne vir die beskerming van besittings, om vroue vrugbaar te maak, die vee te laat aanteel, die weivelde in stand te hou, groeikrag aan saad te gee, sukses op die jagtogte te verseker, aanvalle van vyande af te slaan en nog talle meer.

Hierdie groot verskeidenheid van medisyne kon deur gewone stamlede gebruik en aangewend word. Dit kan egter begryp word dat die uitwerking daarvan nooit so effektief kon wees as wanneer dit deur die spesialiste aangewend is nie, wie se dienste teen vergoeding aan alle stamlede beskikbaar gestel is.

---

1) Cronjé, G.: op. cit., p.61.
Vergelyk ook: Tomlinson-verslag, p.4.

Genoemde spesialiste het onder hierdie stam bekend gestaan as dingaka (dokters). Die baKolobeng het kennis gedra van twee soorte dokters naamlik die „dingaka tse dinaka" (horingdokters) en die „dingaka tse ditsōpya" (horinglose dokters). Die verskil tussen genoemde dokters het hoofsaaklik daarop neergekom dat eersgenoemde vir sy diagnose op die gooi van dolosse aangewese was, terwyl laasgenoemde sy pasiënte ondersoek het.

Alhoewel mans en vroue in hierdie professie kon staan, is dit hoofsaaklik deur die mans beoefen. Sommige informante beweer dat sekere families met hierdie besondere gawes begunstig was en dat die mantel van die vader dikwels op sy seun geval het. Alle persone wat egter die begeerte vir so 'n loopbaan gehad het kon teen betaling 'n leerling van 'n ervare dokter word. Hierdie onderrig het gewoonlik van twee tot drie jaar geduur. Dit kan verstaan word dat alle dokters vir hulle dienste vergoed is. Daar moes gewoonlik 'n gedeelte vooruitbetaal word terwyl dit grootliks bepaal is deur die welslae en sukses wat op 'n behandeling gevolg het.

'n Sekere groep dokters is genoem „dingaka tsa morafe" (stamdokters). Hierdie persone is gewoonlik beskou as dokters wat hoofsaaklik deur die kaptein ontbied en gebruik is in belang van stamaangeleenthede. Laasgenoemde is beskou as spesialiste omdat dit uitgesoekte manne was wat hulle dienste beskikbaar gestel het vir reënmaakseremonies, die doktering van die leër gedurende 'n oorlog, inisiasieseremonies, inhuldiging van kapteins, begrafnisse uit die kapteinsfamilie en enige seremoniële behandeling wat in belang van die stam uitgevoer moes word.

Die baKolobeng het geglo dat die heel eerste dokter deur Tintibane onderrig is en dat alle kennis sedert daardie tyd van geslag tot geslag oorgedra is.

Vir elke behandeling is sekere medisyne gebruik en wel volgens die voorskrif van die dokter. Medisynes (ditlhare) is gewoonlik gemaak van sekere wortels, plantbolle, hout, blare, vleis, vet, velle, bene, bloed en talle ander bestanddele. Die kuns om dit te berei en te meng was die geheim van die dokter alleen. Die sukses van elke behandeling het gewoonlik afgehang van die korrekte medisyne vir 'n sekere omstandigheid, maar veral die korrekte aanwending daarvan. Indien medisyne in die hande van leke gelaat is, het dit gepaard gegaan met 'n duidelike en omslagtige beskrywing en voorskrif waarvolgens dit aangewend moes word. Dit het ook gebeur dat toordokters deur middel van gebede tot hulle voorvaders die seën op hulle medisyne en die aanwending daarvan afgebid het. Hulle het ook verklaar dat hulle voorvaders die besitters van alle kennis en alle medisyne was en daarom ook die waarborg is vir die suksesvolle aanwending daarvan.

'n Ander bekende persoon onder hierdie stam was die waarsêer. Gewoonlik was die dokter (ngaka) ook waarsêer (go laola).

Dit is vanselfsprekend dat hierdie persone voortdurend geraadpleeg is in verband met die oorsake van natuurrampe, siekte, dood, verontrustende verskynsels, vreemde drome en vir elke onsekerheid ten opsigte van die onbekende toekoms.

Benewens 'n groot verskeidenheid van waarsêmetodes, was die belangrikste metode die gooi van dolosse. Hierdie dolosse het gewoonlik bestaan uit 'n versameling van beentjies van 'n verskeidenheid diere soos die bobbejaan, die

leeu, hond, bees en nog veel meer. Elke beentjie was 'n simbool van een of ander omstandigheid en het sy eie boodskap gedra. Wanneer hierdie beentjies nou op 'n gelyk oppervlakte uitgeskud word, sou die wyse waarop dit geval het, die rigting waarin dit wys en die geheel patroon wat dit uitgemaak het, die besondere geheim vir die beoefenaar opgeklaar het.

Soos reeds aan die begin vermeld, kon towerkrag en medisyne ook tot nadeel van indiwidue en selfs tot nadeel van die stam aangewend word. Die beoefenaars van hierdie towerkrag wat tot nadeel van sekere mense aangewend is, is „baloi" genoem. Daar is geglo dat sekere mense uit die gemeenskap met sulke kwade eienskappe en neigings gebore is, dat hulle oor die vermoë beskik om ander mense leed aan te doen. Dit is ook geglo dat die baloi soms deur sekere mense gehuur kon word om 'n medemens leed aan te doen, ten einde langs hierdie weg wraak te neem. Laasgenoemde kon selfs een van die reeds vermelde toordokters wees wat soms bereid was om deur hulle medemens teen betaling misbruik te word.

Die baloi was veral mense wat in die geheim gewerk het. Hulle is beskou as mense wat voltyds met ondermyningswerk besig was en is dikwels aan 'n eienaardige gedrag en optrede uitgeken. Veral sekere vroue wat afgesonderd gelewe het en nooit met ander mense omgegaan het nie, is dikwels onder verdenking geplaas.

Die baKolobeng het tussen twee soorte baloi onderskei naamlik „baloi ba motshegare" (towenaars van die dag) en „baloi ba bosigo" (towenaars van die nag). Volgens informante is eersgenoemde diegene wat hulle laat misbruik het om 'n kliënt se vyand te benadeel, te bestraf of met die dood uit te wis. Sodra die taak afgehandel was, het daar

voorlopig 'n einde aan sy bose werk gekom. In die geval van laasgenoemde het die beoefenaars, gewoonlik ou vroue, snags op verafgeleë plekke saamgekom om hulle bose werk te beplan. Hulle het tydens sulke byeenkomste nie klere gedra nie, het soms lyke uitgagrawe om van die liggaamsdele te bekom; hulle het oor die vermoë beskik om alle deure oop te sluit, huise te betree, mense vaster te laat slaap en dan enige onheil oor 'n indiwidu, stat, vee, landerye en families uit te spreek. Sekere diere en voëls is spesiaal deur hulle afgesonder om in hulle diens te wees en om hierdie rede is dit deur stamlede vermy en gevrees.

Die medisyne wat deur die baloi gebruik en aangewend is, was gewoonlik dieselfde as wat deur die toordokters vir genesing aangewend is. Die mees gevreesde bedreiging is deur die stam „go jesa" (om te laat eet) genoem. Die baloi het dan stukkies van die harsings van 'n krokodil in die kos van sy prooi geplaas wat dan in die ingewande tot 'n klein krokodil ontwikkel het ten einde die mens geleidelik te verteer totdat hy beswyk.

Wanneer iemand nou 'n terugslag of ramp aan die werk van die baloi toegeskryf het, is 'n waarsêer geraadpleeg waarna 'n ngaka of toordokter vir 'n teenbehandeling geraadpleeg is.

Indien aanvaar is dat iemand 'n lid van die baloi was, is hy op die gewone wyse by die kaptein aangekla. Tensy so 'n persoon die teendeel kon bewys is hy met assegaaie gedood, na 'n afgeleë plek gesleep en daar gelaat om as kos en aas vir die wilde diere te dien.

Tydens hierdie ondersoek was dit opmerklik hoe ouer informante elke vraag ten opsigte van die baloi doelbewus probeer ontwyk het. Die enigste resultate wat bereik kon word was om hierdie praktyke onder die Tswana in die algemeen

te beskrywe, dit aan informante te suggereer, waarop hulle dan slegs ontkennend of bevestigend moes antwoord.

Dit het ook duidelik geword dat ten spyte van die invloed van die kerk en die aanvaarding van die Christelike godsdiens, daar nog 'n heimlike vrees in die harte van hierdie mense voortlewe vir hierdie gevaarlike mense in die gemeenskap. Sommige informante het openlik verklaar dat hulle nie geneë voel om oor hierdie saak te praat nie en was sigbaar verlig toe daar uiteindelik van hierdie saak afgestap is.

Op hierdie stadium is daar op Rooijantjesfontein nie minder as vyf toordokters wat nog elke dag besig bly met pasiënte wat bedien moet word nie. Vandag word hierdie persone dingaka of „kafferdokters" genoem en almal diagnoseer nog deur middel van die gooi van dolosse.

Tydens hierdie ondersoek is daar 'n interessante en veelseggende omsendbrief ontdek wat tot bevestiging kon dien dat die magiese nog 'n groot rol in die lewe van talle stamlede speel.[1)]

Ter inleiding word daar in hierdie advertensie verklaar dat die betrokke firma oor persone beskik wat bevoeg is om alle drome uit te lê en te verklaar en probleme op te los van enigiemand wat maar net 'n klein lappie van sy kledingstuk in 'n koevert mag plaas. Die advertensie lui dan voorts dat daar onder andere die volgende middels in voorraad gehou word wat op aanvraag aangestuur sal word:

Onderwyserstof; om aan 'n kind sukses op skool te verseker.

Liefmaakstof; om iemand op jou verlief te maak.

Besigheidstof; om sukses in besigheid te behaal.

---

1) Advertensie: Jimmy Hunter & Co., P.O. Box 214, Pinetown, Natal.

Perderesiesstof; om op die wenner te wed.

Faffiestof; om die regte nommer te kan kies.

Geldgelukstof; om suksesvol in geldtransaksies te wees.

Dobbelkaartestof; om die wenner in kaartespel te kan wees.

Huisbeskermerstof; om jou huis teen alle gevare te beskerm.

Voetbalstof; om 'n goeie voetbalspeler te word.

Vergaderingstof; om met vrymoedigheid op 'n vergadering te kan spreek.

Ongelukstof; om ongelukke af te weer.

Bierstof; om maklik die bier wat gebrou word van die hand te sit.

Polisiestof; om te verhinder dat die polisie jou by die werk sal kom lastig val.

Bovermelde middels is maar slegs 'n klein deeltjie van 'n groot verskeidenheid wat aangebied word teen 'n prys van nie minder as R6 per middel nie.

Informante verklaar dat daar meer besighede is wat hulle op dergelike middels toespits en dat dit soms in noue samewerking met die huidige toordokters voorgeskryf en verkoop word. In die lig hiervan is dit egter duidelik dat die magiese steeds voortlewe in baie harte, die aanvaarding van die Christelike godsdiens ten spyt.

(iii) Die Hermannsburgse Lutherse Sending.

Die baKolobeng is vir die eerste maal in 1871 deur 'n Blanke sendeling van die Hermannsburgse Sendinggenootskap besoek, en wel deur eerw. Heinrich Wilhelm Schulenburg.[1)] Laasgenoemde is op Gerdau in Duitsland gebore en is in Augustus 1867 aldaar as sendeling georden.

---

1) Schlemeyer: Ongepubliseerde werk: „Die ontstaan en die groei van Ramaliane Sendingstasie - 1871-1953".

Sy ideaal om in Suid-Afrika sendingwerk te kom doen het in vervulling gegaan toe hy na 'n seevaart van drie maande op die „Kandaze", in Durban aan wal gestap het. Hiervandaan het hy met 'n ossewa gereis tot in Noordwes-Transvaal na die huidige „Palalekopa", waar daar reeds 'n sendingstasie van die genootskap in wording was. Aan hierdie stasie het hy vir drie jaar onder leiding van sy ouer broer Setswana aangeleer.

Gedurende 1871 was eerw. Schulenburg met 'n ossewa op pad toe die wa in die omgewing van die huidige Rooijantjesfontein vasgeval het. In hierdie proses het hy in aanraking met die baKolobeng gekom en tot die oortuiging gekom dat die Here hom na hierdie stam gestuur het.

Ten spyte van die heftige teenstand van die destydse kaptein en sy onderdane en versoeke dat die witman die plaas moes verlaat, het hy volhardend op 'n staanplek aangedring.

Langs hierdie weg is daar op 8 Augustus 1871 'n dendingstasie met die naam van Ramaliane op die plaas Rooijantjesfontein gestig. Volgens die „Hermannsburger Missionsblatt", 'n omsendbrief oor sendingwerk in Suid-Afrika, word die baKolobeng in daardie dae deur eerw. Schulenburg beskryf as mense wat nog nooit van God en Sy Woord gehoor het nie, alhoewel die stam van talle plaasboere omring is. Op daardie stadium was alle ploeggrond van die stam aan omliggende boere verhuur teen £50 per jaar.

Aangesien die Sendinggenootskap nie oor die nodige fondse beskik het nie is die eerste geboutjie deur die sendeling op eie koste opgerig. Laasgenoemde was 'n klein woonhuis met drie vertrekke wat gedurende Mei 1872 in gebruik geneem is.

Gedurende 1872 word daar verslag gedoen dat slegs 14 persone uit die hele stam die dienste bywoon en dat daar nog

geen dopeling was nie. Gedurende 1873 word vermeld dat die bywoning van eredienste 'n weinig verbeter het en dat selfs die kaptein ook dikwels by genoemde dienste opgemerk word. Ten spyte hiervan word egter ook verklaar dat daar menslik gesproke geen hoop is dat hierdie stam ooit tot die lig sal kom nie aangesien dit die onbeskaafdste en mees heidense van alle Tswanasprekende mense is.

Gedurende 1875 word daar vermeld dat ten spyte van sistematiese lering en onderrig daar nog niemand gedoop is nie omdat die doop deur stamlede gevrees word as 'n seremoniële verrigting wat 'n nadelige en skadelike magiese uitwerking op die mens mag hê. Voorts word verklaar dat die stam die opvatting huldig dat die regerende kaptein die stam se god is en dat indien hy die Christelike godsdiens sou aanhang, die kapteinskap vir altyd verlore sou wees.

Gedurende hierdie tyd is daar reeds 'n begin gemaak met die eerste skool waar 'n paar volwasse skoliere elementêre onderrig geniet het. Eers in 1877 is daar 15 heidene gedoop en is daar begin dink aan die oprigting van 'n kerkgebou. Na die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) is die eerste kerkgeboutjie in gebruik geneem. Sedert hierdie tyd was daar 'n langsame vordering sodat die getal dopelinge jaarliks toegeneem het tot 100 gedurende 1886. Op hierdie stadium het die klein gemeente £33.9.6. per jaar bygedra en was die sendeling verplig om steeds uit sy eie sak die finansiële verpligtinge van die gemeente na te kom.

Bovermelde kerkgeboutjie het spoedig te klein geword vir die steeds groeiende gemeente en gedurende 1890 is 'n vergrote kerkgebou in gebruik geneem. Langs hierdie weg het die evangelie geleidelik ingang by die stam gevind sodat daar vandag nie van een persoon kennis gedra word wat nie 'n lidmaat van een of ander Christelike kerk is nie.

Vandag beskik die Sendinggenootskap oor 'n moderne kerkgebou, 'n moderne pastorie en 'n gerieflike Evangelishuis.

Uit die volgende gemeentestatistiek vir 1967 word die huidige omvang van die sendinggenootskap se werk duidelik weerspieël en vind ons 'n duidelike beeld van die uiterlike groeitendens sedert die aanvang van hierdie werk:

Statistiek - 1967

| | |
|---|---|
| Lidmate | 2000 |
| Siele | 4500 |
| Geordende werkkragte | 1 |
| Evangeliste | 2 |
| Kerkraadslede | 7 |
| Aktiewe lidmate | 500 |
| Lidmate voorgestel (bevestig) | 50 |
| Nagmaalsdienste | 9 |
| Lidmate oorgekom van ander kerke | 7 |
| Kinders gedoop | 102 |
| Volwassenes gedoop | 5 |
| Huwelike bevestig | 9 |
| Begrafnisse | 31 |
| Lidmate onder tug geplaas | 14 |
| Inkomste | R2,908.95 |

Uit bovermelde is dit duidelik dat slegs 'n baie klein persentasie van hierdie stam nie aan hierdie kerk behoort nie, wat toegeskryf kan word aan die feit dat hierdie genootskap reeds vir die afgelope 100 jaar hier werksaam is, en dat geen kerk of instansie 'n kerkgebou op hierdie plaas kon oprig sonder die toestemming van die kaptein en sy raad nie. Om hierdie rede is daar tans net een kerkgebou naamlik dié van Hermannsburgse Sendinggenootskap.

Ten opsigte van gemeentelike werksaamhede lewer die sendeling en evangeliste getuienis dat daar jaarliks, benewens spesiale besoeke tydens siekte, dood en beproewing ook van huis tot huis besoeke by lidmate afgelê word ten einde persoonlike sielearbeid tot sy reg te laat kom. Alle kerklike werksaamhede en gemeentelike verenigings staan in die eerste plek onder die direkte beheer en toesig van die plaaslike kerkraad.

Behalwe die gewone gemeentelike werksaamhede word veral aandag gewy aan die volgende:

(i) Sondagskole.

Daar word so ver moontlik gepoog om alle kinders van lidmate in die sondagskole saam te trek. Vandag word hierdie werk baie vergemaklik weens die feit dat kinders skoolonderrig ontvang en dat dagskoolonderwysers hulleself gewillig verklaar om met hierdie werk hulp te verleen.

(ii) Kategetiese onderrig.

Om te voorkom dat kinders ná die onderrig in die sondagskool van die kerk vervreemd raak word daar vir ouer kinders voorsiening gemaak vir kategetiese onderrig wat deur die leraar self waargeneem word en waarna jongmense op sestienjarige leeftyd as lidmate van die kerk bevestig word.

(iii) Vrouevereniging.

'n Vereniging vir vrouelidmate word genoem „Basadi ba seaparo" (vroue wat die kleed dra). Genoemde vrouevereniging vergader weekliks onder leiding van die predikants- of evangelisvrou. Die leuse van hierdie vereniging word saamgevat onder die woord: „ratanang" (om onderlinge liefde te bewys).

Hierdie vereniging stel hoë vereistes aan lede en alvorens iemand in die teenwoordigheid van die gemeente gekleed word in 'n swart rok met 'n wit kraag, 'n gebreide swart hoed met 'n metaalwapentjie, moet bewys gelewer word van toewyding, pligsgetrouheid en 'n rein en vroom lewenswandel.

Die dertig vroue wat tans aan hierdie vereniging behoort word die krag van die gemeente en die gemeenskap genoem.

By die vergaderinge word kennis geneem van oues van dae, siekes, mense in beproewing of in materiële nood. Benewens gereelde besoeke wat deur hulle op georganiseerde wyse afgelê word, word daar ook gepoog om die arms van die kerkraad ten opsigte van die diens van barmhartigheid te sterk.

Tydens begrafnisse word daar benewens materiële hulp wat aan behoeftiges verleen word, beurtelings gewaak by die dooie terwyl ander hulp verleen ten opsigte van die voorbereiding van die begrafnismaaltyd.

Indien iemand haar in woord of daad misgaan word die kleed haar ontneem en mag sy nie weer lid van die vereniging word tensy haar handel en wandel gedurende die volgende jaar van die teendeel oortuig nie.

(iv) Jeugvereniging.

Dit is 'n vereniging vir jongmense en word „Mandodana" of „Bahlanka" genoem (Zulu- en Tswanawoord vir jongmense). Hierdie vereniging het volgens die getuienis van informante, in die verlede nog altyd 'n kwynende bestaan gevoer. Daar word verklaar dat die jongmense weinig belangstelling in kerklike werksaamhede openbaar en dat die vrymoedigheid om 'n aktiewe deelname aan so 'n vereniging te hê, ontbreek.

Die sendeling getuig voorts dat in teenstelling met die swak bywoning van eredienste, wat ook duidelik weer-

spieël word in die geringe aantal aktiewe lidmate, die deelname aan die sakramente besonder goed is. Dit blyk voorts uit getuienis dat besondere waarde geheg word aan die uiterlike verrigtinge tydens die nagmaal- en doopbediening.

Gebruike wat deur Blankes as „heidens" bestempel word, lewe in baie gevalle onder christene voort maar word op behendige wyse vir die leraar verskans en verberg.

So verklaar die sendeling dat hy onlangs kennis geneem het van 'n pasgebore kindjie wat ernstig siek was. Hy is ontbied om die doop te kom bedien aangesien daar aan die kind se lewe gewanhoop is en omdat Bantoechristene glo dat 'n kind nie ongedoop mag sterwe nie. Nadat die kind oorlede is en daar geen begrafnis plaasgevind het nie, moes hy na verdere ondersoek uit betroubare bron verneem dat die kind op tradisionele wyse in die hoek van 'n vertrek begrawe is.

Genoemde leraar verklaar voorts dat talle tradisionele gebruike wat deur hierdie ondersoek aan die lig gekom het, nog nooit deur hom onder die gemeentelede waargeneem is nie. Dit is dus duidelik dat lidmate daarin slaag om dit doeltreffend vir hom te verberg uit vrees dat die kerk hierteen sal optree.

Ten slotte moet opgemerk word dat die sending steeds besiel was met 'n tweeledige ideaal, naamlik, om hierdie stam vir Christus en Sy Kerk te wen en uiteindelik alle bestaande heidense bygeloof en praktyke met Christelike beginsels en 'n Christelike leefwyse te vervang.

Dit ly geen twyfel nie dat die eerste ideaal reeds oënskynlik verwesenlik gesien is, aangesien die hele stam volgens statistieke die Christelike godsdiens aanvaar het. Te midde van die aanvaarding van die Christelike godsdiens moet dit egter erken word dat ten opsigte van die tweede

doelstelling, daar ongetwyfeld nie dieselfde sukses behaal is nie. Immers, in hierdie verhandeling het dit telkens duidelik geblyk dat talle tradisionele praktyke en opvattings nog voortlewe, miskien in 'n moderne en vreemde gestalte of verskans agter 'n uiterlike kleed, maar in elk geval nog baie ver van die ideaal wat aanvanklik vir hierdie mense gekoester is.

Dit is ongelukkig so dat laasgenoemde stelling onmoontlik deur statistiese gegewens gestaaf kan word, omdat gemoedere en belewenisse nie statisties gemeet en bepaal kan word nie. Dit is ewe moeilik om te bepaal wat die omvang van die beïnvloeding en verandering is wat gevolg het op die arbeid van sendelinge en die aanraking met die Blankes. Of die baKolobeng die leringe van Christus en die Christelike beginsels heelhartig aanvaar het en geheel en al losgeruk het van hulle tradisionele geloof in hulle opperwese, voorvaders en die geloof in magié en towery, is 'n vraag wat moeilik te beantwoord is.

Indien egter in aanmerking geneem word dat na 'n 100 jaar van sendingwerk, 5 toordokters steeds 'n florerende bestaan onder die gekerstende baKolobeng op Rooijantjesfontein voer, is dit logies dat die skynbare sukses op die sendingarbeid bevraagteken kan word.

Die florerende bestaan en groei asook die aard van seperatiste kerke wat tans onder hierdie stam waargeneem word en wat hoofsaaklik gekenmerk word aan elemente van inheemse godsdienstige stelsels, weerspieël enigsins 'n volhardende verborge verknogtheid aan die tradisionele.

# HOOFSTUK IX

## SAMEVATTENDE SLOTOPMERKINGS.

In die eerste paragrawe is reeds daarop gewys dat daar gepoog word om die tradisionele stamkultuur van die baKolobeng na te vors soos dit was voor die Europeaan op die toneel verskyn het. Deur dan 'n weergawe van die huidige kultuurpatroon te gee en dus 'n basis vir vergelyking te skep is dit moontlik om die omvang en aard van kultuurkontak in hierdie besondere geval te bestudeer.

Trou aan bovermelde doelstelling is deurgaans getrag om die mate waarin aanraking plaasgevind het, as belangrike faktor in elke kontaksituasie, na te vors.

Die ondersoek het aan die lig gebring dat die baKolobeng veral gedurende die afgelope eeu op so 'n snelle wyse in 'n kontaksituasie ingesuig is en dat verandering nie op ewolusionêre wyse plaasgevind het nie, maar wel op rewolusionêre wyse.

Die resultaat, soos uit elke aspek van die lewensbestaan van hierdie stam blyk, dui daarop dat die kultuur van die Blanke op uiters oppervlakkige wyse aanvaar is, dat dit geestelike onstabiliteit vir die stam ten gevolg gehad het, en dat dit tans steeds in alle opsigte in 'n stadium van oorgang verkeer. Om hierdie rede het dit ter wille van die ondersoek nodig geblyk om informante in drie ouderdomsgroepe te verdeel naamlik:

(a) Die ouderdomsgroep van 50 jaar en ouer, wat myns insiens nog krampagtig probeer vasklem aan die tradisionele ten spyte van die aanslae en aanbod uit die vreemde.

(b) Die ouderdomsgroep 35-50 jaar onder wie die oorgangstadia die duidelikste tot openbaring kom en wat daarop dui dat daar 'n chaotiese vermenging van die oue en die nuwe

plaasgevind het, terwyl elkeen in sy verwarring 'n eie oortuiging ten opsigte van die tradisionele daarop na hou.

(c) Die ouderdomsgroep 35 jaar en jonger, wat geheel en al onverskillig staan ten opsigte van die tradisionele. Mense wat die ou bindende opvattinge, sanksies en gebruike oorboord gegooi het en wat oënskynlik die nuwe arena met hart en siel betree het ten spyte van die afkeuring en verontwaardiging van 'n ouer geslag.

Dit is duidelik dat daar oor die jare vir hierdie stam 'n verskeidenheid van kontakfases was. In die vroegste stadium is daar slegs op sporadiese wyse met Blankes kennis gemaak en wel met indiwiduele reisigers en jagters, as gevolg waarvan die eertyds selfgenoegsame stam, geen noemenswaardige kultuurbeïnvloeding kon ondergaan nie.

Sedert genoemde fase egter, is die baKolobeng vanweë die wrede aanvalle van die Matebele, gedwing om as voortvlugtende en verstrooide stam, 'n tydperk van disintegrasie, chaos en losheid van hulle tradisionele lewensfeer te belewe. Toe 'n gedeelte van hierdie stam as vlugtelinge van Tsaong deur die Kwena-reserwe na Doornhoek, Kafferskraal en uiteindelik na Rooijantjesfontein getrek het en langs hierdie weg in noue aanraking met die Blanke gekom het, was daar onder reeds genoemde ontwrigtende omstandighede, 'n onkeerbare hunkering na die kultuurgoedere van die Blanke.

As gevolg van die soeke na middele om hierdie goedere te bekom en ook vanweë die stryd om te bestaan, is 'n proses van uitstroming na die Blanke gebiede om daar werk te vind, op hierdie vroeë stadium alreeds ontketen.

Mans, vroue en kinders het die stam in groot getalle verlaat om op omliggende boereplase, op die delwerye

en in die Goudstad 'n heenkome te vind.

Aangesien alle stamlede egter 'n soort aanspraak op die stamplaas behou het, het dit steeds die tuiste van die ontstamdes gebly. Tydens naweke, oestye en verloftye, is vreemde kultuurelemente uit die Witwatersrandse lokasies en mynkampongs, delwerylokasies en boereplase, die stam ingedra.

In hulle midde was daar steeds 'n vesting van die Hermannsburgse sending, terwyl alle omgrensende plase deur Blankes bewoon was met wie hulle daagliks moes assosieer. In die lig hiervan kan begryp word dat die akkulturasie-proses vir hierdie stam nog altyd in hoogste versnelling aan die gang was.

Ten spyte van die verandering in die lewensfeer van hierdie stam, weier die Blanke egter volhardend om hierdie mense wat reeds in 'n akkulturasieproses tot op die randvan ons lewensgebied gevorder het, in te laat tot ons lewenskern. Dit is te begrype dat hierdie houding vir die baKolobeng ontevredenheid en frustrasie ten gevolg het en uiteindelik noodwendig aanleiding moet gee tot meer doelgerigte pogings tot indringing of tot 'n hernieude nasionale ontwaking.

Daar dien vervolgens op gelet te word dat in die intensiewe behandeling en bespreking van die sosiale struktuur, die ekonomiese organisasie en die godsdienstige lewe van hierdie stam, dit deurgaans geblyk het dat kultuuroordrag en oorname tot 'n veranderde en nuwe lewenstruktuur gelei het. Dit blyk ook duidelik dat hierdie oordrag en oorname nie as 'n eenvoudige en meganiese proses bestempel kan word nie. Dit is inteendeel 'n uiters komplekse saak wat onder bepaalde omstandighede die diepste dieptes van die menslike persoonlikheid van stamlede in die besonder, sowel as die stam in die algemeen aangetas het.

'n Laaste gevolgtrekking is dat hierdie snelle en ongekontroleerde vorm van akkulturasie in baie gevalle, soos uit talle gegewens geblyk het, 'n proses van dekulturasie en demoralisasie ten gevolg gehad het.

Vir ons in Suid-Afrika wat in 'n akkulturatiewe situasie betrokke is, is dit belangrik om kennis te dra van die aard en betekenis van volke en hul kulture. Dit is vir ons noodsaaklik om die verloop van akkulturatiewe prosesse, die faktore wat die verloop daarvan bepaal het, en die uitslae van sodanige prosesse, na te vors en aan te dui.

Dit is van lewensbelang omdat ons self in hierdie situasie betrokke is en omdat die toekoms van almal wat hierby betrokke is, deur die verloop daarvan geraak sal word.

==========

## BYLAE 1

Magtigingsbrief, gerig aan kaptein Modikwagae Logaga Kelly Molete:

„Sy Edele die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling het -

(1) jou gemagtig om siviele eise wat uit Naturelle-reg en -gebruik voortspruit en deur Naturelle teen Naturelle woonagtig binne jou regsgebied voor jou ingestel word, te verhoor en te beslis; en

(2) aan jou regsmag verleen om enige Naturel te verhoor en te straf weens die pleging, in die gebied onder jou beheer, van enige misdryf onder gemenereg of onder naturellereg en -gebruik, uitgesonderd misdrywe wat in die Bylae hiervan genoem word. Jy mag egter geen misdryf verhoor -

(a) wat gepleeg is deur twee of meer persone enigeen van wie nie 'n Naturel is nie; of

(b) wat gepleeg is met betrekking tot 'n persoon wat nie 'n Naturel is nie of eiendom wat behoort aan 'n persoon wat nie 'n Naturel is nie uitgesonderd eiendom, roerend en onroerend, behorende aan die Suid-Afrikaanse Naturelletrust, of in trust gehou word vir 'n Naturellestam, 'n gemeenskap of groep van Naturelle of 'n Naturel.

In die uitoefening van hierdie regsmag mag jy geen straf toedien wat die dood, verminking, ernstige liggaamlike letsel of gevangenisstraf meebring nie of 'n boete oplê wat twintig pond of twee stuks grootvee of tien stuks kleinvee te bowe gaan nie of lyfstraf oplê nie behalwe in die geval van ongetroude manspersone onder die oënskynlike ouderdom van dertig jaar."

# B Y L A E

„Die volgende misdrywe mag nie deur 'n kaptein of hoofman verhoor word nie:

Hoogverraad;

crimen laesae majestatis;

oproer;

sedisie;

moord;

strafbare manslag;

verkragting;

roof;

aanranding met die doel om ernstige liggaamlike letsel toe te dien;

aanranding met die doel om te moor, te verkrag of te rowe;

onsedelike aanranding;

brandstigting;

veelwywery;

crimen injuria;

vrugafdrywing;

ontvoering;

iedere misdryf kragtens 'n wet op veediefstal;

sodomie;

bestialiteit;

omkopery;

inbraak of die binnegaan van 'n perseel met die doel om 'n misdryf, hetsy onder die gemenereg of 'n oortreding van 'n wetlike voorskrif, te pleeg;

die ontvang van gesteelde goed wel wetende dat dit gesteel is;

bedrog;

vervalsing of uitgifte van 'n vervalste dokument wetende dat dit vervals is;

iedere misdryf kragtens 'n wet op die onwettige besit van of handel in edel metale of edelgesteentes;

ieder misdryf kragtens 'n wet op die vervoer, besit of verskaffing van gewoontevormende verdowingsmiddels of sterk drank;

iedere oortreding in verband met die muntwese;

meineed;

beweerde toordery;

stamgevegte;

menseroof;

bloedskande;

afpersing;

verydeling of belemmering van die regsbedeling;

enige sameswering, aanhitsing of poging om enigeen van bogenoemde misdrywe te pleeg."

Magtigingsbrief 11 Augustus 1959.

----------

## BYLAE 2

Regulasies vir die Tswana Gebiedsowerheid in die regulasiekoerant no. 973 waar in bylae C besonderhede onder die volgende opskrifte behandel en bespreek word:

| | |
|---|---|
| Deel I | Lidmaatskap. |
| Deel II | Sessies. |
| Deel III | Die uitvoerende gesag. |
| Deel IV | Status van kapteins. |
| Deel V | Tswana Gebiedsowerheidsdiens. |
| Deel VI | Diverse bepalings. |
| Deel VII | Algemeen. |

Die lede van die Tswana Gebiedsowerheid is:

(a) die voorsitters van die samestellende streeksowerhede, wat ex officio lede is; en

(b) die volgende persone aangestel deur die streeksowerhede hierna genoem, uit hul eie lede -

(i) vyf persone aangestel deur die Pilanesberg Streeksowerheid, distrik Rustenburg.

(ii) sewe persone aangestel deur die Bakgatla-Ndebele Streeksowerheid, gebied Hammanskraal;

(iii) vier persone aangestel deur die Barolong Streeksowerheid, distrik Thaba-Nchu;

(iv) vier persone aangestel deur die baHurutshe Streeksowerheid van Zeerust, distrik Marico;

(v) vier persone aangestel deur die Huhudi Bechwana Streeksowerheid, distrik Vryburg;

(vi) vier persone aangestel deur die Taung Streeksowerheid, distrik Taung;

(vii) drie persone aangestel deur die Seokama Dichaba Streeksowerheid, distrik Kuruman;

(viii) twee persone aangestel deur die Batlaping Streeksowerheid, distrik Herbert;

(ix) vyf persone aangestel deur die Barolong Streeksowerheid, distrik Mafeking;

(x) drie persone aangestel deur die Ditshobotla (Lichtenburg) Streeksowerheid, distrikte Lichtenburg en Delareyville;

(xi) drie persone aangestel deur die Bafokeng Streeksowerheid distrik Rustenburg; en

(xii) drie persone aangestel deur die Kagisô-Kgetleng Streeksowerheid, distrik Rustenburg.

'n Gewone sessie van genoemde Gebiedsowerheid sal volgens bepaling minstens eenmaal elke jaar plaasvind.

Dit word voorts bepaal dat 'n Uitvoerende raad verkies sal word uit alle lede van die Gebiedsowerheid en beklee sal word met uitvoerende gesag met betrekking tot alle bevoegdhede, werksaamhede en pligte wat die wet aan die Gebiedsowerheid verleen of oplê of wat aan hom deur die Staatspresident kragtens die bepalings van die wet toegewys word. Dit is dus duidelik dat hierdie raad min of meer die funksie van 'n kabinet sal vervul. Voorts is dit bepaal dat bovermelde raad sal bestaan uit 'n Hoofraadslid (wat 'n kaptein moet wees en die voorsitter van die uitvoerende raad is) en vyf ander raadslede van wie minstens twee kapteins moet wees.

Vervolgens word daar onder Bylae C, Deel VII, die te worde gestigte Departemente genoem deur middel waarvan die administrasie en Regering van die Batswana behartig sal word:

1. Departement van Owerheidsake en Finansies.
2. Departement van Gemeenskapsake.
3. Departement van Werke.
4. Departement van Onderwys en Kultuur.
5. Departement van Landbou.
6. Departement van Justisie.

In die lig van bovermelde is dit duidelik dat alles wat tot dusver ten opsigte van die stamorganisasie van die baKolobeng gesê is, deur hierdie stap so ingrypend verander sal word, dat dit vir die nuwe geslag onherkenbaar op die pad van die verlede sal lê.[1)]

---

1) Opmerking:

Waar die kaptein van ouds as hoofmagieër van die stam al sy welslae aan magiese handelinge en kragte toegeskryf het, sal sy huidige nasaat en opvolger weldra tydens die eerste sitting van die Gebiedsowerheid die heil van sy stam soek in die volgende gebed:

> O, almagtige en barmhartige God en Hemelse Vader wat in u ewige wysheid en voorsienigheid owerhede en magte verorden het om tot welsyn van lande en volke te regeer, ons bid u laat u aangesig oor ons, u diensknegte, lig waar u ons geroep het om so 'n belangrike en gewigtige werk in ons vaderland te verrig.
>
> Laat u seën ryklik neerdaal op ons wat hier vergader is en begenadig ons om, onder u leiding so te beraadslaag en so aan alles wat hier verrig mag word reg en geregtigheid te laat geskied, dat dit slegs tot eer en verheerliking van u naam mag strek en tot bevordering van die belange van ons land en volk wat u ons geroep het om te dien. Dit alles bid ons in die Naam van onse Here Jesus Christus. AMEN.

Uiterlik getuig bovermelde van 'n onpeilbare proses van verandering wat reeds vir die baKolobeng van Rooijantjesfontein agter die rug lê. Hoe eg en hoe diep uit die hart hierdie gebed oor die lippe kan vloei is moeilik om te bepaal.

Vir selfregering aan die Bantoe, vergelyk lesings van mnr. M.C. Botha, Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, aan P.U. vir C.H.O., Bantu, Departement van Inligting, Pretoria, Julie 1968, Volume 15, No. 7, p.29-31.

## BYLAE 3

Die leerplanne wat aan Bantoeskole gevolg word:

(a) Afrikaans.

(b) Engels.

(c) Setswana.

(d) Sosiale Studies, wat vir die laer klasse bestaan uit omgewingsleer en vir die hoër standerds, Algemene Europese Geskiedenis, Suid-Afrikaanse geskiedenis, die Bantoe in die algemeen wat neerkom op 'n beskrywing van 'n aantal belangrike Bantoe-persoonlikhede en gebeurtenisse.
Verder word hieronder ook aandag gegee aan 'n paar belangrike Aardrykskundige feite.

(e) Rekenkunde.

(f) Algemene Wetenskap.

(g) Sang wat ook die lees van die Solfaskrif behels.

(h) Praktiese vakke wat bestaan uit naaldwerk vir meisies, tuinbou vir seuns en grondbewaring vir seuns en meisies.

(i) Handwerk wat bestaan uit klipwerk, draadwerk en vlegwerk.

(j) Liggaamsoefeninge.

----------



Raadsaal en kantore in aanbou met die oog op die Tswana-gebiedsowerheid.



Die Lekgotla. Let op die oorblyfsels van 'n boetebees wat pas geslag en geëet is. Links is die bene in die vuur verbrand en regs is die pensmis uitgeskud. Op die agtergrond staan die kaptein se moderne woonhuis.



Rooijantjes-
fontein, ge-
sien vanaf
die werf van
die kaptein.

Die ken-
merkende
boustyl
van die
baKolobeng.





Mans besig om
bees te slag.



„Maje".
Die ou begraafplaas waar begrafnisse nog op tradisionele wyse plaasgevind het. Vandag staan dit bekend as die begraafplaas vir heidene.

„Ramaliane" of „Ramadingwana". Die huidige begraafplaas waar begrafnisse vir die eerste maal op Christelike wyse plaasgevind het.





„Motswedi wa ga Makgosi". 'n Fontein in die spruit waar daar in tye van droogte nog 'n „moderne" reënmaakseremonie plaasvind.



Ramadingwana Laer Primêre skool en die nuwe kerkgebou van die Hermannsburgse sending.

Die Logaga Hoër Primêre skool wat op 13/2/1965 in gebruik geneem is.





Die pastorie van die Hermannsburgse sending en woning van die enigste Blanke gesin op hierdie plaas.

'n Gedeelte van kaptein Molete se mielieoes.





Dorstyd op een van die gemeenskaplike dorsvloere.

Een van die moderne woonhuise wat tans in aanbou is met die oue op die voorgrond



## LITERATUURLYS

BREUTZ, P.L. : Die stamme van die distrikte Lichtenburg en Delareyville. Die Staatsdrukker, Pretoria.

CALWELL, Chas E. : The Native Tribes of the Transvaal ... Prepared for the General Staff War Office, 1905.

WICTERT, Winfried : Und die Vogel des Himmels wohnen unter seinen Zweigen. Missionsbandlung. Hermannsburg, 1949.

SELIGMAN, C.G. : Races of Africa. Oxford University Press, London, 1961.

ASHTON, Hugh : The Basuto. Oxford University Press, London, 1955.

SCHAPERA, I. : The Bantu Speaking Tribes of South Africa. Maskew Miller, Cape Town, 1959.

SCHAPERA, I. : Ethnographic Survey of Africa. The Tswana. Part III. London International African Institute, 1962.

SCHAPERA, I. : A Handbook of Tswana Law and Custom. Oxford University Press, 1938.

SILLERY, A. : The Bechuanaland Protectorate. Oxford University Press, 1952.

RADCLIFFE-BROWN, A.R. & FORDE, D. : African Systems of Kinship and Marriage. Oxford University Press, 1965.

PAUW, B.A. : Religion in a Tswana Chiefdom. Oxford University Press, 1965.

M'CALL THEAL. G. : The Story of the Nations, South Africa. T. Fisher Unwin, London, 1894.

ALBERTYN, C.F. : Afrikaanse Kinderensiklopedie, Deel I, Nasionale Boekhandel.

WHITFIELD, G.M.B. : South African Native Law. Juta & Co. Ltd., Cape Town & Johannesburg, 1948.

PARRINDER, E.G. : African Traditional Religion. William Bendon & Son, Hutchinsons University Library, London, 1954.

DURKHEIM, E. : The Elementary Forms of the Religious Life. George Allen Unwin Ltd., London, 1964.

CRONJE, G. : Kultuurbeïnvloeding tussen Blankes en Bantoe in S.A. Navorsings en Publikasiekomitee van die Universiteit van Pretoria, J.L. van Schaik Bpk., Pretoria, 1968.

KRIGE, Eileen Jensen : The Social System of the Zulus. Shuter & Shooter, Pietermaritzburg, 1957.

MARQUARD, L. : The Native in South Africa. Witwatersrand University Press, Johannesburg, 1948.

MALINOWSKI, B. : The Dynamics of Culture Change. New Haven and London Yale University Press, 1965.

WILLIAMS, T.R. : Field Methods in Study of Culture. Holt, Rinehart and Winston, Inc. U.S.A. 1967.

MAYER, P. : Xhosa in Town ... Townsmen or Tribesmen ... Oxford University Press, Cape Town, 1962.

COERTZE, P.J. : Inleiding tot die Algemene Volkekunde. Voortrekkerpers Beperk, Johannesburg, 1961.

DITTMER, Kunz : Algemene Volkekunde. Friedr. Vieweg en Sohn. Aula Boeken, Utrecht-Amsterdam, 1962.

SCHAPERA, I. : Married Life in an African Tribe. Faber & Faber Limited, London, 1940.

SCHAPERA, I. : Western Civilization and the Natives of South Africa. George Routledge and Sons, Ltd., London, 1934.

STOW, C.W. : Bantu Beliefs and Magic, H.F. & G. Witherby Ltd., London, 1938.

SMITH, E.W. : African Ideas of God. Edinburgh House Press, London, 1950.

PRITCHARD, Evans E.E.: Nuer Religion. At the Clarendon Press, Oxford, 1956.

SUNDKLER, B.G.M. : Bantu Prophets in South Africa. The International African Institute, Oxford University Press, London - New York - Toronto, 1961.

HOBLEY, C.W. : Bantu Beliefs and Magic, H.F. & G. Witherby Ltd., London, 1938.

MIDDLETON, John & WINTER, E.H. : Witchcraft & Sorcery in East Africa, Routledge & Kegan Paul, London, 1963.

PARRINDER, G. : Witchcraft: European and African, Faber & Faber, London, 1963.

PRITCHARD, E.E.E. : Witchcraft Oracles and Magic among the Barotse of Northern Rhodesia. Chatto and Windus, London, 1963.

## ANDER GESKRIFTE

Sendingnuusblad: Hermannsburger Missionsblatt. Nr. 7 Juli 1931. 78 Jahrg.

Magtigingsbrief: Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, 11 Augustus 1959.

Buitengewone Staatskoerant: Regulasiekoerant No. 885, Pretoria, 29 Desember 1967.

African Echo: Naledi ya Batswana. Pampiri ya sechaba sa Batswana kwa lefatsheng la tshireletso le la kopano - No. 10, Vol. 4, March 19, 1960.

Staatskoerant van die Republiek van Suid-Afrika: Regulasiekoerant no. 973, Volume 36, No. 2091, Kaapstad, 12 Junie 1968.

G.M.K. Schüler: Die Barolong van Thaba 'Nchu. Doktorale proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.

F.J. de Villiers: Afrika Instituut-Atlas. Afrika Kaarte en Statistieke, Nommer 1, Julie 1962.

P.J. Riekert: Die huweliksreg van die Bahurutshe onder invloed van die Suid-Afrikaanse regsadministrasie, doktorale proefskrif, P.U. vir C.H.O., 1967.

Bantu: Departement van Inligting, Pretoria, Julie 1968, Volume 15, No. 7.

Tswelelopele: Bukana ya Lefapha la Tshedimoseto, Pretoria, Vol. 9, No. 1, Januarie 1968.

Tomlinson-verslag: Kommissie vir die Sosio-Ekonomiese Ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika. Die Staatsdrukker, Pretoria, U.G.61/1955.

Ons Moet: Inleiding tot die Sendingbeplanning van die N.G. Kerk in Suid-Transvaal. Opgestel deur: C.H. Badenhorst. Johannesburg, Oktober 1967.

Verslag: Kommissie insake Bantoe-huwelike. Skema van werksaamhede en handelinge van die tweede Algemene Sinode van die N.G. Kerk in Afrika, Pretoria, 1967.

Advertensie: Jimmy Hunter & Co., P.O. Box 214, Pinetown, Natal.

Schlemeyer: Ongepubliseerde werk: „Die ontstaan en groei van Ramaliane Sendingstasie - 1871-1953.

Gemeentestatistiek: Hermannsburg Sendinggenootskap - Ramaliane Sendingstasie, 1976.

==========